TERUG NA GÉNESIS!

PJ Stassen

TERUG
na
GÉNESIS!

Kopiéreg © 2024 PJ Stassen
Alle Regte Voorbehou

ISBN 978-0-7961- 4648-9

Eerste Uitgawe: Februarie 2024
Tweede Uitgawe: Junie 2024

PJ Stassen
Centurion
SUID-AFRIKA

 Kopiéreg © 2024 PJ Stassen Alle Regte Voorbehou

Opgedra aan

J.S. (Hannes) Labuschagné

(Geb. 1916)

Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

[Hebreërs13:7-8AOV]

INHOUD

Erkenning & Vrywaring 5
Inleiding 6

1. Die Debat Gedefinieer 10
2. Benadering tot die Génesis Skeppingsverslag 39
3. Waarom Wetenskaplikes net 5% weet omtrent die Geheime van die Kosmos 53
4. Belangrikste Besware teen 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel 57
5. Die Spook van Christen-Ateïsme 68
6. Hoe Geloofwaardig is die Opstandingsverhaal? 71
7. Die Driedubbele Waarborg van Jesus Christus as die Seun van God 74
8. Jesus Christus: 'n Formidábele Wetenskaplike! 80
9. Jesus Christus weer Gekruisig 84
10. Redes waarom Jesus Christus so baie Wonders gedoen het 94
11. Die Soeke na die Elikser van die Lewe 101
12. My Genade is vir jou Genoeg 105
13. Vrae waarvoor die Wetenskap nie Antwoorde het nie 113
14. Daar is 'n Nuwe Wêreld aan die kom 126
15. Samevatting 130

Aanhangsel A: Die Genealogié van Jesus Christus 148
Aanhangsel B: Name & Titels van Jesus Christus 149
Aanhangsel C: Die Gelowige se Wandel as Toegewyde Christen 156
Aanhangsel D: Die Christen se Wandel in Geloof 157
Aanhangsel E: Die Christen se Wandel in Liefde 160
Aanhangsel F: Die Christen se Wandel met die Volk Israel 161
Aanhangsel G: Jesus Christus se Gebed vir Sy Dissipels 163
Aanhangsel H: Aanbevole Boeke 165

Outeursprofiel 169

ERKENNING & VRYWARING

1. E-Sword.net. Aanlyn.
2. Bronne gebruik (Formeel & Anekdoties).
3. Bybel (Ou & Nuwe Testament, Afrikaanse Ou Vertaling (AOV). E-Sword.net.
4. Aanbevole Boeke (Lys).
5. Desimale punt: Waar syfers gebruik word, is die outeur se keuse van 'n 'desimale skeider' die desimale punt, en nie die desimale komma nie.

VRYWARING

Hierdie outeur glo dat daar vir God niks onmoontlik is nie en Hy dus die Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk, ongeveer 6 000 jaar gelede, geskape het. Dit is ook die outeur se mening dat God, aangesien Hy almagtig is, ook, tegnies gesproke, die Kosmos in byvoorbeeld 13.8 miljard jaar kon geskape het. God kan enigiets doen en skuld niemand enige redes en verduidelikings waarom en hoe hy dit doen nie.

Nietemin, hierdie outeur is egter van mening *dat God nie die Kosmos hoegenaamd ooit deur middel van Darwin se Evolusie Leer geskape het nie, of dit nou in 'n kits oor ses zepto-sekondes heen, oor ses gewone weeksdae van 24-uur elk heen of oor ses 'lang periodes' (bv. oor 13.8 miljard jaar heen) sou gebeur het, aangesien die prosesse vervat in die Evolusie Leer en die etos waarmee dit gepaard gaan, totaal in stryd sou wees met die karakter, waardes en etos van God en dus nooit teológies of moréél geregverdig sou kon word nie.* Die leser moet dit dus in gedagte hou waar daar in die teks na lang periodes van skepping, bv. 13.8 miljard jaar (vir die Kosmos) of 4.54 miljard jaar (vir die sonnestelsel/aarde) argumentshalwe verwys moet word.

PJ Stassen.
Centurion
SUID AFRIKA.

26 April 2024.

INLEIDING

Daar word beweer dat, aan die een kant, ateïste menslike wesens is met ‘n ‘geestelike’ probleem, terwyl Christene, aan die anderkant, geestelike wesens is met ‘n ‘menslike’ probleem, daarom kom dit as geen verrassing nie, nl., dat mense dikwels sal verskil oor sake soos die Skepping, ons oorspronge as mens en ons uiteindelike lot as die mensdom.

Ateïste sal bv. verbaas toehoor hoe Christene glo in die maagdelike geboorte van Christus soos deur die Heilige Gees bewerkstellig, terwyl Christene weer verbaas sal toehoor hoe ateïste glo in die maagdelike geboorte van die Kosmos soos wonderbaarlik bewerkstellig deur die pseudo-wetenskaplike, panteïstiese gees van die dom, breinlose, lukrake en toevallige rondgevroetel van ‘Evolusie’. Waar ateïste byvoorbeeld verstom sal staan by die aanskoue van Christene se vrees vir en verering van God, en hul afkeer in die Duisternis (Satan), sal Christene weer verstom staan oor die ateïste se vrees vir (of verériing van) Darwin, en hul afkeer in die Lig (Jesus Christus).

Dit is ook so dat mense van die Ooste dikwels in hulle land vervolg en geteister sal word wanneer hulle dit sou waag om die Keiser of die Heerser te kritiseer of te laster, terwyl diegene wat Darwin sou kritiseer, eenvoudig afgeskryf of geïgnoreer sal word as eksentrieke, tog skadelose, nikswetende drommels. In die Weste, aan die anderkant, sal dit dikwels gebeur dat mense, veral professionele mense soos akademici en wetenskaplikes, geteister en vervolg word sou hulle dit waag om Darwin te kritiseer (hulle verloor hulle status, werk, verbeur navorsings-befondsing of word verkleineer in wetenskap joernale) terwyl diegene wat die Heerser (President, Eerste Minister, Koning ens.) sou kritiseer, slegs as irrelevante, politieke afvalliges afgeskryf sal word. In die Ooste verval volkere en burgers dikwels in Heerser-aanbidding (‘Emperor worship’); in die Weste verval volkere en burgers dikwels in Darwin-aanbidding (‘Darwin worship’).

Ateïste is bekend daarvoor vir hulle vreemde idees oor hoe die wêreld kwansuis (wonderbaarlik, lukraak en by wyse van die magiese, toevallige sameloop van omstandighede) sonder die hulp van ‘n Almagtige Skepper of Intelligente Ontwerper uit die bloute verskyn het; aan die ander kant staan Christene vas op die Bybel-gefundeerde beginsel dat die bestaan en heerskappy van God (die onbeskryflike YHWH, Yahweh, Jehowa of ‘EK IS!’ wie die hemele en die aarde deur Sy aanbiddingswaardige Seun, Jesus Christus, geskape het en wie Hy gegee het as offer vir die sondes van die wêreld) die sentrale boodskap van die Bybel is, byvoorbeeld:

> “Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons

> gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
>
> Hy, [JESUS CHRISTUS] wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.
>
> Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?
>
> En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid."
>
> [Hebreërs1:1-6AOV].

Dit is verstommend hoe ateïste byvoorbeeld, sonder enige verwysing na God of die Bybel, jare sal deurbring in die naspeur van die geheime van die Kosmos, amper soos wat 'n verveelde volwassene ure lank sal spook om Rubik se bekende 'Kubik' te probeer baasraak net om, 'n paar uur later, te sien hoe 'n 12-jarige, kompleet met sproete, draadjies in sy tande en met 'n hoedjie agterstevoor op sy kop, die 'Kubik' binne 'n klompie minute baasraak.

Christene word geleer (en het dit ook proefondervindelik so gevind) dat die geheime van die Kosmos deur geloof in God ontsluit word, en dat, al wat die ateïs moet doen, is om, soos 'n kind, te kniel aan die voete van die YHWH (Jehowa, Yahweh) van Moses en die Tien Gebooie vir die Lig van die Waarheid om vir hom op te gaan.

Hoe dit ookal sy, wanneer Bybelse (Jong Aarde) gelowiges en Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowiges die dag ideológies sou bots, ontstaan allerhande probleme rondom die historisiteit en gesag van die Heilige Skrif, aangesien Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowiges koppig volstaan by die geloof dat God Darwin se 'Evolusie Leer' as 'n instrument gebruik het om die Kosmos (oor 'n tydperk van bv. 13.8 miljard jaar) mee te skep en steeds mee te bestuur en in stand te hou, terwyl Bybelse (Jong Aarde) gelowiges weer volstaan by die geloof dat God die Kosmos in ses gewone weeksdae van 24 uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) geskape het, aangesien Hy oor die gesag en reg beskik om Kosmosse te skep nes Hy wil, wanneer Hy wil en hoe Hy wil ... per slot van rekening is God veronderstel om 'almagtig' te wees, nie wáár nie? Waar kom die sewedag-week in elk geval vandaan indien nie juis van God nie? Nêrens in die wetenskap of astronomié is daar 'n beginsels-aanduider vir so 'n week nie ... net in die Bybelse Skeppingsverhaal.

Gedurende debatte of gesprekke oor die onderwerp sal Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowiges se spontane reaksie dikwels ook wees, "Maar, die Kosmos lyk dan so oud!" Hoe hulle kan weet dat die Kosmos "oud lyk" is onverklaarbaar ... hulle weet dan nie eers hoe 'n Kosmos wat "oud" is veronderstel is om te lyk

nie. Byvoorbeeld, vir al wat ons weet sou enige anatomis, mediese dokter, antropolóóg, 'n joernalis verbonde aan die *Wall Street Journal* of 'n beeldskone Hollywood aktrise, wonderbaarlik deur 'n tydmasjien teruggestuur na Dag 6 van die Genesis Skepping, heelwaarskynlik vir Adam (satiries gesproke) beskrywe het as, "'n Gesonde, robuuste, aantreklike man van ongeveer 30 jaar oud!" terwyl die mans in die geselskap se reaksie by die aanskoue van Eva waarkynlik (satiries gesproke) sou wees, "Wow man!" (vandaar die woord, "woman"). Daar sou eenvoudig geen manier gewees het waarop enige een van hulle sou kon weet dat Adam en Eva op daardie oomblik slegs 'n paar uur of minute oud kon wees nie.

Dit spreek dus vanself dat, indien God uit die staanspoor 'n volwasse Kosmos geskep het, niemand 'n rukkie later sou kon weet dat dit egter 'n net paar minute, 'n paar uur of 'n dag oud was nie. Wetenskap-instrumente sou waarskynlik net kon rapporteer wat dit empiries-tegnies kon waarneem, nl. 'n goed-gevestigde, volwasse Heelal van 'miljarde jare' oud.

Hierdie is sentraal tot die (Jong Aarde) benadering tot die Bybel, naamlik dat (Jong Aarde) gelowiges van die standpunt uitgaan dat, toe God geskep het, Hy *volwasse prototipes* van bv. die Kosmos, en daarna mense, plante, diere ens., geskep het. Wat die raaisel oor wie die eerste was betref, nl., die hoender of die eier, is die antwoord eenvoudig: Die hoenders (minstens twee van hulle) was, met ander woorde, eerste geskape, daarna die eerste eier(s), aangesien een hoender alleen nie veel sou gehelp het nie, en die eerste eier ook nie homself sou kon uitbroei nie; deesdae erken selfs ateïste (wetenskaplikes) dat die dop van 'n hoendereier slegs deur 'n hoenderhen vervaardig kan word.

Hierdie boek is egter nie 'n akadémiese verhandeling oor (byvoorbeeld) 'Intelligente Ontwerp' nie, aangesien ek Intelligente Ontwerp tussen ons as Christene (van watter kamp ookal) as 'n gegewe hanteer omdat dit so vanselfsprekend en ooglopend sigbaar is, sodat enige stryery daaroor 'n growwe belediging van die Skepping sou wees, alhoewel ek toegee dat dit soms vir ons, as medewerkers van God, noodsaaklik is om God se eer en reputasie in die verband te verdedig. Trouens beskou ek die ateïste se versoeke aan Christene, om "getuienis" ter stawe van intelligente ontwerp in die natuur (en vir die bestaan van 'n Intelligente Ontwerper) te verskaf, as 'n verstommende gebrek aan gesonde oordeelsvermoë; die persoon wat nie intelligente ontwerp in die natuur kan bespeur nie, beskik (poëties gesproke) waarskynlik oor geen siel nie, of hy is eenvoudig 'n patológiese ontkenner van die eerste water. Daar bestaan in elk geval alreeds duisende boeke en artikels daaroor op die Internet. Sien gerus ook die 'Aanbevole Boeke' seksie (Aanhangsel H) aan die einde van die boek.

So, waar die Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowiges vanuit 'n materialistiese "Volg die wetenskap!" vertrekpunt redeneer en die wonderwerke-element in die Bybel as hiperbool en poësie (d.i., die metafóriese vrug van millenniums van Joodse mites en legendes) wil afskryf, veral in die geval van die idee van 'n gewone ses-daagse skepping van 24-uur elk, ongeveer 6 000 jaar gelede

(aangesien dit nie deur die huidige fisika en wetenskap van die dag ondersteun word nie) redeneer die Bybelse (Jong Aarde) gelowiges dat die Bybel (met historiese 'plooie' en al) 'n transendente Boek van transendente oorsprong is gegee deur 'n transendente God waarvan die inhoud, veral die wonderwerke-element (waar dit as transendent bedoel word) dit as transendent hanteer behoort te word, aangesien die transendente God (méér as) in staat is om die wette van die natuur (d.i., die fisika en wetenskap van die dag) te transendeer wanneer en waar Hy so sou voel; Hy is die Uitvinder en Eienaar van die Kosmos en skuld aan niemand 'n verduideliking nie.

Kom ons wees eerlik: Die Wederkoms van Jesus Christus en die koms van die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde (en die koms van die Nuwe Jeruslalem) gaan so transendent wees as wat enigiets in die Bybelgeskiedenis ooit sou kon wees; so, hoe gaan die materialiste en naturaliste se "fisika en wetenskap van daardie dag" dit ooit dan kan verklaar? Meeste redelike mense sal erken dat die veld van fisika en wetenskap oor die algemeen (bv., die tegnologié) fenomenaal oor die afgelope eeue verander het; so, hoe sal ons ooit kan weet hoe die fisika en wetenskap oor 'n 100 of 1 000 jaar (indien Jesus Christus sou vertoef om te kom) daar gaan uitsien?

Die 'naturaliste' (en Christene met 'n 'naturalistiese' benadering tot die Bybelse wonderwerke) se grootste flater is dat hulle salig onder die indruk is dat hulle in die veld van fisika en wetenskap 'ge-arriveer' het en dat daar niks nuuts oorgebly het om te ontdek of te leer nie, en dit teen die agtergrond van die feit dat wetenskaplikes self erken dat hulle maar net ongeveer 5% weet van wat in die Kosmos aangaan, en net ongeveer 10% tot 20% van wat in die oseane van die wêreld aangaan. Doen die sommetjie: Indien die huidige wetenskap en tegnologié so fenomenaal deur die eeue heen kon ontwikkel gefundeer op slegs 5% kennis van die geheime van die Kosmos, dink net hoe die wetenskap en tegnologié moontlik gaan lyk honderde of duisende jare van vandag af gefundeer op 80% of 100% kennis van die geheime van die Kosmos!

Daarteenoor, hou in gedagte dat Jesus Christus, binne die bestek van 'n klompie minute, water in wyn verander het, die brode en vissies vir 'n enorme skare vermeerder het, op water in die See van Galilea geloop het en dikwels mense uit die dood opgewek het met totale verontagsaming van die wette van die natuur en die fisika en wetenskap van die dag. Dit is die klas van God (en Christus) in wie ons glo en wat ons eer en volg.

PJ Stassen
Centurion
SUID-AFRIKA.

29 April 2024

Hoofstuk 1

DIE DEBAT GEDEFINIEER

Geloof is om vooruit dit te glo wat agteruit die meeste sin sal maak

(Philip Yancey,
Geb.1949)

Die debat tussen die (sogenaamde) *Ou Aarde* gelowiges en die (sogenaamde) *Jong Aarde* skeppingsgesindes duur vurig voort. Indien dit 'n debat tussen ateïste (ongelowiges) en teïste (gelowiges) was, sou dit relatief maklik hanteer kon geword het, aangesien die dispuut-grense duidelik afgebaken en ongekompliseerd sou wees. Hierdie debat is egter anders, byna soos 'n argument tussen Kain en Abel, broer teen broer. Die probleem is, met elkeen wat die ander se 'offer' (wêreldbeskouing) met agterdog as vals beskou, nie alleen is die twee broers besig om met mekaar te stry nie, maar boonop is die twee ook nie regtig seker oor wie 'Kain' en wie 'Abel' in die saga is nie. Aangesien die twee verskillende benaderings of standpunte in die finale analise onderling uitsluitend is, kan ons verder ook met sekerheid weet dat altwee vertrekpunte nie gelyktydig korrek (geldig) kan wees nie.

1. Die Wonder van die Kosmos

Albei die partye (d.i., die 'Jong Aarde' en 'Ou Aarde' gelowiges) bely geloof in die bestaan van God en is dus oortuigde Christene wat die kultus van die Ateïsme ('n sekulêre godsdiens of geloofstelsel) wat sedert die dae van Job, Abraham en Moses reeds uitgeklee as vals uitgeklee was, met die minagting verwerp wat dit verdien, tensy sulke partye postmoderne, progressiewe Christene ("Christelike ateïste") is, wat die prentjie natuurlik totaal verander.

Nietemin, indien ateïste se wêreldbeskouing ooit as korrek (geldig) bevind moes word, sou ateïste bloot kon wen of baat dit waarin hulle al die tyd geglo het, n.l., DOOD-ná-dood, en watter teleurstellende prys sou dit wees! Waarom sou enige mens met gesonde verstand so morbiede uitkyk op die lewe of so 'n

bitter-suur, depressiewe etos in die openbaar wou verkondig? Nietemin, aan die anderkant, sou hulle wêreldbeskouing ooit as inkorrek (ongeldig) bevind moes word, sou ateïste verloor dit waarin hulle al die tyd geweier het om in te glo, nl., die Ewige Lewe, oftewel, LEWE-ná-dood. So, maak nie saak of hulle wêreldbeskouing korrek (geldig) of inkorrek (ongeldig) bevind sou word nie, sou hulle steeds 'niks' (m.a.w., by albei scenarios die DOOD) wen, 'n morbiede, disfunksionele saak wat nie die moeite werd is om vandag as 'n godsdiens of geloofstelsel ná te streef nie.

Sommige sou nou, met verwysing na die voorgenoemde, die beswaar van "Pascal se weddenskap" ('Pascal's wager') wil aanteken, maar dan kom die vraag: "Was Pascal 'n ongeletterde ignoramus of 'n goeie, nuttige, ingeligde wetenskaplike?" Indien dan 'n goeie wetenskaplike, hoekom nie liewer maar luister na wat hy te sê het nie?

Nietemin, om die dispuut tussen die twee kategoriëe aan te spreek, het ek die die debat aangepas om dit vir die doel van hierdie gesprek te beskrywe as die *Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping* versus die *Bybelse (Jong Aarde) Skepping* debat.

2. Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping

Die rasionaal vir hierdie beskrywing is die feit dat die *Ou Aarde* of *Darwiniaanse skeppingsgesindes* duidelik ingekoop het in die Darwiniaanse wêreldbeskouing van 'n Kosmos wat na bewering "13.8 miljard jaar" oud is en met 'n sonnestelsel wat na bewering "4.54 miljard jaar" oud is, geldig vanselfsprekend net tot en met die volgende hersiening van die syfers ooreenkomstig die populêre "Volg die Wetenskap!" mode. Ek veronderstel die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes het hierdie skeppingsmodel gekies omdat hulle glo dat, vanuit 'n wetenskap oogpunt, die Evolusie Leer maklik in die Génesis Skeppingsverslag van die Bybel ge-inkorporeer sou kon word, blykbaar in 'n poging om 'n tipe hebriede Skeppingsmodel te skep wat die Skepping, na hulle mening, die beste in terme van die fisika en wetenskap van die dag sal verklaar.

Laat ons nie naïef wees omtrent die aangeleentheid nie: Dit is duidelik dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes hulle nie 'n Kosmos, wat 6 000 jaar gelede binne ses gewone weeksdae van 24-uur elk geskep moes gewees het, kan voorstel nie, aangesien so 'n Skeppingsmodel nie deur die huidige fisika en wetenskap ondersteun kan word nie. Trouens, mens kan nie help om te dink dat, maak nie saak hoe die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes mag spekuleer oor die voordele van die kontemporêre fisika en wetenskap (en van die wetmatigheid van die 'wetenskaplike metode' en 'empiriese waarneming') die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes totaal geswig het voor die

Darwiniaans-gedrewe kosmologié, geologié en biologié van die huidige 'wetenskap'.

3. Die Postmoderne Aanslag: Moontlike Redes waarom Geestelikes nader aan 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping beweeg

3.1 'N 'GEEN SATAN' TEOLOGIÉ. 'n Verontrustende verskynsel deesdae is hoeveel kerke (denominasies) begin flankeer met 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsmodel, met spesifieke verwysing na die jongste neiging van 'n 'Geen-Satan' teologié. Ek beklemtoon in alle opregtheid dat sulke bewegings besig is om die pad byster te raak en wil hiermee graag aantoon dat die Satan 'n formidábele teëstander is met wie behoorlik rekening gehou moet word. Byvoorbeeld:

- Jesus het nooit gelieg nie (Johannes3:12; 8:46AOV].

- Dieselfde Jesus wat gesê het dat daar 'n God en 'n Hemel is, het ook gesê dat daar 'n Satan en 'n Hel is. So, indien ons die Hel en die Satan uit die Bybelse teks wou verwyder, sal ons konsekwent moet wees en ook vir God en die Hemel uit die Bybelse teks moet verwyder.
[Mattheüs:22,29,30; 10:28; 11:23; 16:18; Lukas12:5AOV].

- Indien dan nie die Satan nie, vir wie het Jesus dan uit die Hemel soos 'n 'bliksem' sien val? [Lukas10:18AOV].

- Indien dan nie die Satan nie, wie het in Judas ingevaar in die aand van sy verraad teenoor Jesus? [Lukas22:3AOV].

- Indien dan nie die Satan nie, wie het vir Eva in die tuin van Eden verlei; en, wie het vir Jesus in die wildernis versoek? [Génesis3:1-5; Mattheüs4:1-11AOV].

- Indien dan nie die Satan nie, wie is dit dan wat, onder andere, in die Poel van Vuur gewerp gaan word? [Openbaring19:20; 20:10,14,15; 21:8AOV].

- Indien nie vanaf die Satan nie, waar kom demone vandaan? [Jakobus2:19; 1Korinthiërs10:20,21; 1Timotheüs4:1].

- Indien die bestaan van die Hel, die Satan en demone dan metafóries-poëties geïnterpreteer moet word, dan sal ons konsekwent moet wees en ook die Hemel, God en engele (en gérubs en sérafs, sowel as die Wederkoms, die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde, en die Nuwe Jerusalem) as metafóries-poëties moet interpreteer, wat die Bybel totaal geëmaskuleerd en kragteloos gaan laat, d.w.s., leerstellig nutteloos vir Evangeliese Christene (presies wat die Duiwel wil hê!).

- My submissie is dat God waarskynlik die Satan geskape het (of toegelaat het met sy rebellie teen God) met die spesifieke doel om te 'verderf', daarom sy naam, die 'Verderwer' (Johannes1:3; 10:10; Jesaja54:6AOV). Dit is verder waarkynlik geen toeval dat beide Judas Iskariot en die Antichris na verwys word as, "die Seun van die Verderf". [Openbaring17:8,11; 2Thessalonicense2:3; 1Timotheüs6:9; Johannes-17:12AOV].

Doen self die sommetjie: Wanneer Jesus vir die Fariseërs daarvan beskuldig dat hulle 'vader' die 'Duiwel' is, was Hy besig om vir hulle te lieg? [Johannes8:39-45AOV]. Indien wel, dan sou Jesus mos self die grootste leuenaar van alle tye wees deur oor soiets te lieg.

3.2 HERDERS WAT DIE SKAPE VERSTROOI. Bewegings soos bv., 'Jesus Seminar' (VSA) en die 'Nuwe Hervormers' (RSA) verkondig 'n stel absurde geloofsbeginsels soos hieronder (paragraaf 3.4) geïllustreer, d.i., beginsels wat geen konneksie met Nuwe Testament werklikheid het nie en wat weereens wys wat kan gebeur wanneer opregte Christene betrokke begin raak by bewegings wat hul vertroue in die integriteit van die Bybelse teks (Ou en Nuwe Testament) verloor en oorboord gegooi het. Skryf Wikipedia:

> *"The Jesus Seminar was a group of about 50 critical biblical scholars and 100 laymen founded in 1985 by Robert Funk ... Members of the Seminar used votes with colored beads to decide their collective view of the historicity of the deeds and sayings of Jesus of Nazareth. They produced new translations of the New Testament and apocrypha to use as textual sources."*
>
> [Wikipedia, 'Jesus Seminar'].

3.3 DIE ROOI VLAE GAAN OP. Die 'Jesus Seminar' se publisering van hulle weergawe van die 'vyf evangelies' d.i., met die inkorporéring van die 'Apokriewe Boeke' met die doel om die vier Evangelies (soos ons dit ken) te

vervang, hys dadelik ‘n rooi vlag so hoog soos die Eiffel Toring: Dink hulle werklik dat die YHWH of EK IS! van Moses en die Tien Gebooie nie geweet het hoe om ‘n betroubare Bybel oor twee millennia heen vir die moderne Kerk te produseer nie? Of, het God oor die eeue heen die gek geskeer met alle Christene (totdat die ‘Jesus Seminar’/’Nuwe Hervormers’ geniëe op die toneel verskyn het) toe Hy gesê het:

> “Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in ‘n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.”
>
> [Psalm12:7AOV].

3.4 TEOLOË WAT SPEEL MET DOLOSSE (GEKLEURDE KRALETJIES!). Tydens ‘n raai-raai speletjie wat herinner aan ‘n verveelde hoërskool pluimbalspan besig met ‘n bordspeletjie, of aan die Haman van die Bybel uit die verhaal van Ester, het hierdie afvallige geniëe ‘n stem-protokol gevolg om die egtheid van ongeveer 500 stellinge en voorvalle uit die teks van die Evangelies vas te stel deur hulle menings, m.b.t. die graad van vertroue wat hulle gehad het in ‘n besondere stelling of optrede van Jesus Christus, as outentiek aan te dui deur gebruik te maak van gekleurde krale, byna soos wat ‘n toordokter in Afrika sy dolosse sou gooi, soos volg:

- **ROOI krale:** Dui aan dat die deelnemer glo dat Jesus werklik dit, of iets baie naby dit, gesê het soos gekwoteer in die Evangelies [3 punte].

- **PIENK krale:** Dui aan dat die deelnemer glo dat waarskynlik soiets soos gekwoteer in die Evangelies sou gesê het [2 punte].

- **GRYS krale:** Dui aan dat die deelnemer glo dat Jesus nie dit soos gekwoteer in die Evangelies gesê het nie, maar dat dit ten beste van Jesus se idees geartikuleer het [1 punt].

- **SWART krale:** Dui aan dat die deelnemer glo dat Jesus nie dit soos gekwoteer gesê het nie, en dat die woorde waarskynlik vanaf bewonderaars of uit ‘n ander tradisie geproduseer is [0 punte].

[Wikipedia. *Jesus Seminar.* Aanlyn].

4. Resultate van die 'Jesus Seminar' se eksentrieke besluitnemingsmodel

Wikipedia skrywe:

> *"In 1998 het die Jesus Seminar, die 'Handelinge van Jesus: Die Soeke na die Outentieke Dade van Jesus', gepubliseer. Om die materiaal vir die boek te skep, het hulle gestem oor die inviduele handelinge van Jesus soos aangeteken in die Evangelies, net soos daar voorheen gestem is oor individuele opmerkings wat aan hom toegeskryf word."*

Na afloop van die kraletjie-fiasko, besluit die 'Jesus Seminar' mense toe soos volg:

- *"Jesus van Nasaret was gebore gedurende die heerskappy van Herodus die Grote.*

- *"Sy moeder se naam was Maria, en hy het 'n menslike vader gehad wie se naam nie noodwendig Josef was nie*

- *"Jesus is gebore in Nasaret, nie in Bethlehem nie*

- *"Jesus was 'n rondreisende wysgeer wat sy maaltye met sosiaal uitgeworpenes gedeel het.*

- *"Jesus het geloofsgenesing beoefen sonder die gebruik van antieke medisyne of die toorkuns om kwale te kon genees wat waarskynlik vandag as psigosomáties beskou sou kon word.*

- *"Hy het nie op water geloop nie, het nie die brode en die vissies vermeerder nie, het nie water in wyn verander nie en het nie vir Lasarus uit die dood opgewek nie.*

- *"Jesus was in Jerusalem gearresteer en deur die Romeine gekruisig.*

- *"He was teréggestel as 'n publieke oorlas, en nie omdat hy daarop aanspraak gemaak het dat hy die seun van God was nie.*

- *"Geloof in die opstanding van Jesus is gebaseer op die visoene soos ervaar deur Paulus, Petrus en Maria Magdalena.*

- *"Die leë graf is fiksie, en Jesus het nie liggaamlik uit die dood opgestaan nie."*

[Wikipedia. *Jesus Seminar*. Online].

Indien 'n ateïs of 'n sekulêre outeur soos Frank Yerby *(The Thirteenth Disciple)* hierdie gefabriseerde pseudo-Christelike snert uitgedink het, sou dit nog verstaan kan word, aangesien mens dit normaalweg van hulle sou kon verwag, maar, komende uit die oord van 'Christene' in beheer van Christen seminariums en kerke, skreeu dit ten hemele, om die minste daarvan te sê. Die Bybel waarsku:

> "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! ... As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? ... Wee die herders wat die skape van my weide laat omkom en hulle verstrooi, spreek die HERE."
>
> [Galasiërs1:8-9; Hebreërs10:28-29; Jeremia23:1AOV].

5. Die Proliferásie van die Postmoderne Invloed

5.1 INLEIDING. Sit u dalk opgeskeep met die 'Trojaanse Perd' van die postmodernisme in u kerk? Is liberaal-gesinde, dikwels ekstreme, linksgesinde postmoderniste besig om u kerk of gemeente te probeer forseer om, deur middel van openbare druk of selfs deur die hof, u leerstelling en geloofsbelydenis ens. te wysig of aan te pas om sulke mense se sentimente oor die kerk, die godsdiens en die lewe te akkommodeer? Loop wakker, want dit kan op verskeie maniere gebeur, byvoorbeeld:

5.1.1 **Polities.** Dis is waar politieke partye kerke of gemeentes 'kaap' deur hulle opruiende politieke toesprake daar te gaan hou gedurende nasionale en plaaslike verkiesingsveldtogte. In die Suid-Afrikaanse parlement word evangeliste en predikante verbied om die Bybel te lees of om die Evangelie te preek in terme van die 'skeiding van Kerk en Staat' beginsel; maar, kom verkiesingstyd, arriveer politici daar met allerhande polities-geparfumeerde

verkiesingsbeloftes met die doel om weer vir ‘n verdere term verkies te kan word. Dit behoort nie deur kerke toegelaat te word nie, behalwe miskien waar kerkdienste desnoods in gemeenskapsale gehou moet word waar almal uit die breë publiek vrye toegang (vir enige wettige doel) die gebruiksnut van sulke fasiliteite geniet.

5.1.2 **Kommersieel.** Dit is waar entrepeneurs, sakelui (waarvan sommige roekelose ‘slang-olie’ opportuniste mag wees) van buite die kerk of plaaslike gemeente hulleself by die leierskap aanbeveel met beloftes van allerhande aantreklike finansiële voordele, verkoops-kommissie en/of omkoop-geskenkies met die doel om toegelaat te word om aanbiedings in sulke kerke of gemeentes te gaan maak om hulle produkte te bemark in terme van die ‘gevange gehoor’ strategié. Die enigste uitsondering is waar kerke of gemeentes hulle eie plaaslike sake-bulletins druk met die doel om hul eie lidmate te ondersteun in tuisnywerheid tipe vlooimarkte in ‘n era van weghol werkloosheid en afdankings. Die Bybel ondersteun sulke inisiatiewe:

> “Alef. Wie sal ‘n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale.
> Bet. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.
> Gimel. Sy doen aan hom goed, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe.
> Dalet. Sy sorg vir wol en vlas, en sy werk met gewillige hande.
> He. Sy is soos die skepe van ‘n handelaar—van ver af bring sy haar brood in.
> Wau. En sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin en die bestemde deel aan haar diensmeisies.
> Sajin. Sy dink na oor ‘n stuk grond en koop dit, van die vrug van haar hande plant sy ‘n wingerd.
> Get. Sy omgord haar lendene met krag en hou haar arms stewig.
> Tet. Sy voel dat haar wins goed is, in die nag gaan haar lamp nie dood nie.
> Jod. Sy steek haar hande uit na die spinstok, en haar handpalms hou die spoel vas.
> Kaf. Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige.
> Lamed. Sy is nie bevrees vir haar huisgesin vanweë die sneeu nie, want haar hele huisgesin dra skarlaken stof.
> Mem. Sy maak vir haarself dekens, haar tabberd is van fyn linne en purper.
> Noen. Haar man is bekend in die poorte as hy saam met die oudstes van die land sit.
> Samek. Sy maak hemde en verkoop dit, en gordels lewer sy aan die handelaars.

> Ajin. Sterkte en eer is haar kleed, en sy lag oor die dag wat kom.
> Pe. Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong.
> Sade. Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie.
> Kof. Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar:
> Resj. Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal.
> Sjin. Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; 'n vrou wat die HERE vrees, sy moet geprys word.
> Tau. Gee haar van die vrug van haar hande, en laat haar werke haar prys in die poorte."
>
> [Spreuke31:10-31AOV].

5.1.3 **Filosófies.** Dit is waar allerhande tipes 'motiveringsprekers' en opruiende gespuis druk op kerke en gemeentes uitoefen om deur die leierskap toegelaat te word om vanaf die kansel lesings, dikwels vreemd aan plaaslike kerk-leerstelling, aan te bied oor sulke kontensieuse onderwerpe soos bv. die 'voordele' van die *Ateïsme, Agnostisisme, Vrye Denke, Humanisme, Godsdiens Sinkretisme, Sosialisme/Kommunisme, Astrologié, "Ken jou Engel',* die *Sosiale Evangelie* en die (sogenaamde) *'Verdraagsaamheidsteologié'*, alles met die edele doel kwansuis om die lidmate se 'horisonne te verbreed'.

Hierdie onderduimse gewoonte, soms aangevuur deur linksgesinde lidmate in eie geledere, moet ten alle koste weerstaan word. Vra uself die vraag: Sou die Apostel Paulus vir Herodus of 'n tipiese afgods-aanbidder soos Simon die Towenaar uit die heidendom toegelaat het om sy gemeentes te kom toespreek met die doel om hulle te help hulle 'horisonne verbreed'? Wie, inteendeel, sou lidmate se horisonne in elk geval méér kon verbreed as wat Jesus Christus nie alreeds self deur Sy Evangelie kan doen nie?

5.1.4 **Teológies.** Dit is waar die waardes en ideologiëe van bewegings soos die 'Jesus Seminar' (VSA), die 'Nuwe Hervormers' (RSA), 'CRT', 'CSE', 'WOKE', 'Pro-Choice', 'Darwinisme', 'Astrologié', 'Vrymesselary', die 'Progressiewe Christendom' en die 'LGBTQ+' beweging op kerke en gemeentes afgeforseer word in die naam van 'vooruitgang' ('Godsdiens Progressie') of met die beskuldiging van die een of ander kultureel-sosiale 'fóbie' by die weerstandiges. Wedergebore, Evangeliese Christene behoort hierdie neigings ten alle koste weerstaan ... waag dit om die deur vir een duiwel oop te maak en die res sluip skelm saam in.

5.2 DIE WEG VORENTOE. Gedurende die middeleeue, toe Christene uit die Roomse Kerk in opstand begin kom het teen die leer van daardie kerk, het hulle uiteindelik, onder leiding van sulke figure soos Luther, Calvyn en Zwingli ens., die Protestantse Hervorming aan die gang gesit wat gelei het tot die Roomse Inkwisisie en die wrede vervolging van die protestante. My voorouers moes byvoorbeeld gedurende die 18de eeu na Suid-Afrika vlug uit plekke soos die skilderagtige dorpie Heimbach in Duitsland, en uit Frankryk en Holland, om vryheid vir protestante te kon geniet.

Gedurende die afgelope ongeveer 130 jaar, toe sommige pentekostaliste ontevrede geword het met die protestante beweging en alle hoop op verandering verydel was, het dit aanleiding gegee tot die totstandkoming van die wêreldwye (pentekostalistiese) Pinksterbeweging, wat op sy beurt weer aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die Charismatiese beweging.

Die punt wat ek wil maak is dat dit onbybels, onéties en onopreg van enigiemand uit 'alternatiewe bewegings' sou wees om die tradisionele kerke te probeer forseer om te 'postmoderniseer' deur byvoorbeeld die Darwinisme te inkorporeer in kerk-dogma en hulself onder druk aan te pas by sulke alternatiewe beweging se sentimente.

Die oplossing vir sulke 'alternatiewe' en 'progressiewe' bewegings sou wees om die eerbare ding te doen (wat protestante, pentekostaliste en charismate alreeds vir eeue en dekades lank suksesvol doen) en op te hou om bestaande kerke lastig te val, en liewer hulle eie alternatiewe ('progressiewe') geboue, instansies, bewegings, leerstellings en kategismusse op die been te bring om hulle eie sentimente, gebruike en wêreldbeskouings te akkommodeer. Dan, laat God, aan die einde van die eeue, selfs oordeel oor die nut en waarde van hulle werk in terme van Jesus Christus se klassieke beleidstelling in Mattheüs5:19-20.

> "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."
>
> [Mattheüs5:19-20AOV].

6. Afvallige Geestelike Leiers

6.1 INLEIDING. Is u predikant of geestelike leier dalk besig om 'n "ander Jesus", 'n "ander Evangelie" of 'n "ander gees" te preek? U sal dit weet wanneer u leier(s) bv. die volgende sou begin leer:

- Dat (soos voorheen al genoem) daar 'n soort van "primordiale, pre-chaotiese aarde" moes bestaan het vóór die bestaan van die aarde soos ons dit huidig ken. Hierdie lering is vreemd aan die Bybel aangesien, volgens Openbaring 21:1, die huidige aarde die 'eerste aarde' is en die verwagte 'Nuwe Aarde' dus slegs die 'tweede aarde' sal wees. In teenstelling met wat die evolusioniste leer, beskou ek verder slegs twee eras van geskiedkundige belang vir die Evangeliese Christendom, nl.:

a. GEOLÓGIES: Vóór en ná die Génesis Vloed van Noag se dag.

b. KULTUUR-HISTÓRIES: Vóór en ná Christus (VC en NC ... en nie 'BCE' en 'CE' nie).

- Dat daar 'n soort pre-Adamitiese ras van mense vóór die skepping van Adam en Eva bestaan het. Die Bybel leer egter duidelik dat (i) daar vóór Adam geen man was om die grond te bewerk nie en (ii) dat Adam die eerste mens ooit was (Génesis2:1-7; 1 Korinthiërs15:45AOV).

> "Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig. En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."
>
> [Génesis2:1-7AOV].

> "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees."
>
> [1Korinthiërs15:45AOV].

6.2 REDES. Redes waarom leiers dit somtyds doen mag onder andere wees:

- om die ateïs-evolusioniste buite die Kerk te paai en te beïndruk deur te demonstreer hoe (wetenskaplik) progressief en avant garde die Kerk werklik in sy teologié is;

- om die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes ('Skeppende Evolusie' gelowiges) in die Kerk te paai en tevrede te hou om hul vriendskap, ondersteuning en finansiële bydraes te behou;

- om ruiterlik in die openbaar te erken dat die leierskap van die Kerk (of plaaslike gemeente) ernstige bedenkinge koester oor die historisiteit en geldigheid van die Bybelse teks, met spesifieke verwysing na die Génesis Skeppingsverslag en al die merkwaardige wonderwerke van die Bybel. Kom ons wees maar eerlik: Linksgesinde skeptici en kritici verkies "moontlike wonderwerke"; hulle hou gladnie van "onmoontlike wonderwerke" nie.

6.3 TERUG NA DIE BYBEL. Hou in gedagte dat nóg Moses, nóg Jesus, nóg die apostels (insluitend die Apostel Paulus) ooit geglo het in of geleer het van *(i) Ateïsme-Evolusionisme, (ii) Skeppende Evolusionisme, (iii) a 'pre-chaotiese aarde'* of *(iv) die bestaan van 'n 'pre-Adamitiese ras van mense* in die geskiedenis. Trouens het Jesus die bekende, tradisionele Génesis Skeppingsverslag in die Evangelies heeltyd gedurende Sy bediening op aarde bevestig (sien Markus Hoofstukke 9, 10 &12; Lukas Hoofstukke 16, 20).

Verder kan Jesus se stamboom met gemak teruggevolg word tot by Adam (sien Lukas3:23-38AOV), 'n tydspan van ongeveer 6 000 jaar, en beslis nie 'n tydspan van "miljoene jare" nie. Jesus het ook materié (die wind en die storm) bevel gegee en het nie "miljoene jare" nodig gehad nie om die brode en vissies wonderbaarlik te vermeerder, of om water in wyn te kon verander, alles binne die bestek van minute.

Die debat tussen die Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowiges en die (Bybelse (Jong Aarde) gelowiges kom waarskynlik neer op twee aangeleenthede, nl., (i) hoe die almag van God gedefinieer moet word en (ii) hoe oor die historisiteit en geldigheid van die Bybelse (teks) ooreengekom moet word ... en wel vanaf Génesis to by Openbaring, veral m.b.t. die wonderwerke van die Bybel.

7. Bybelse (Jong Aarde) Skepping

7.1 INLEIDING. Die rasionaal vir hierdie is dat meeste, indien nie almal, *Jong Aarde* gelowiges na hulself as "Bybelse skeppingsgesindes" verwys met die klem op 'n Skepping van ses gewone weeksdae van 24-uur elk ongeveer 6 000 jaar gelede, aangesien dit die Skeppingsmodel is wat na hulle mening die Génesis Skeppingsverslag die beste verduidelik soos wat dit bv. in die Bybel vir gemiddelde Sondagskool geleer word. Hulle vind dit blykbaar moeilik om 'n Skeppingsmodel van die skepping van 'n Kosmos te aanvaar wat vir

(sogenaamd) "13.8 miljard jaar" en die skepping van 'n sonnestelsel wat vir "4.54 miljard jaar" moeisaam aangekarring het, afgesien wat die huidige fisika en wetenskap veronderstel is om te kan akkommodeer of nie.

7.2 GROOT EN KLEIN WONDERWERKE? Ek stel dit kategóries dat beide Darwiniaanse (Ou Aarde) en Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes glo in die God van die Bybel (d.w.s., die YHWH, Yahweh, Jehowah of Elohim van Moses en die Tien Gebooie) tensy hulle radikale Christen progressiewes of Christen ateïste is; enige dispuut oor die Génesis Skeppingsverslag gaan dus waarskynlik grotendeels oor die 'Hoe' van die Skeppingsmetodologié. Ek stel dit dus ook kategóries dat, vanaf God se oogpunt, daar nie soiets soos 'n 'groot versus klein' of 'n 'moeilik versus maklik' wonderwerk bestaan nie. Ek glo vas dat, argumentsonthalwe, dit vir God net so maklik sou wees om 'n Kosmos (van miljarde ligjare in deursnee) te kon skep as om 'n eksemplaar van die kleinste bekende volwasse insek, die parasitiese perdeby, nl., *Dicopomorpha echmepterygis,* te kon skep.

Die neiging by sekere mense om die God (YHWH, Yahweh) van die Jode en die Christene te verwar met of gelyk te stel aan die nuttelose, mitiese gode van Noorweë, Egipte, Griekeland en die Romeine, is nogal 'n verontrustende verskynsel, aangesien daar vir die God van Abraham, Isak en Jakob, na wie die Bybel verwys as die "God van die gode" en "Koning bo alle gode" (Psalm50:1; 82:1; 95:3; 136:2AOV), niks onmoontlik is nie en daar niks is wat Hy nie sal kan doen nie. Die Bybel leer:

> "Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon ... So sê die Here, jou Verlosser, en Hy wat jou geformeer het van die moederskoot af: Ek is die HERE wat alles volbring, wat die hemel uitspan, Ek alleen, en wat die aarde uitsprei— wie was met My?"
>
> [Jesája40:22; 44:24AOV].

> "Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie."
>
> [Job42:1-3AOV].

> "Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik ... Maar Hy antwoord: Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik."
>
> [Mattheüs19:26; Lukas18:27AOV].

7.3 GOD (YHWH, YAHWEH, JEHOWAH) KAN ENIGIETS DOEN. Teen hierdie agtergrond, d.i., van die asemrowende attribute van die almagtige God, het ons dus geen ander keuse nie as om te aanvaar dat God enigiets en alles kan doen en dat Hy, tegnies gesproke, ongetwyfeld in staat sou wees om bv. 'n Kosmos te kon skep oor 'n tydperk van 13.8 miljard jaar en 'n sonnestelsel in 4.54 miljard jaar (soos wat Darwiniaanse skeppingsgesindes glo in terme van die huidige fisika en wetenskap van die dag); om dit te wil ontken sou kettery wees, aangesien God enigiets kan doen.

Logiese gesproke sou dit dus ook beteken dat God, in terme van Sy almagtige attribute, ook in staat sou wees om bv. 'n Kosmos (die hemele en die aarde) in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) te kon maak; weereens sou die ontkenning daarvan ook kettery wees, aangesien God alles kan doen. So, hier sit ons met die dilemma waar God enigiets kan doen, maar waar dit vir Hom na bewering 'onmoontlik' sou wees om 'n Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelde) te kon maak. Vir die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes is dit, wil dit voorkom, 'Goddelike almag' darem so bietjie té vér gevat. Die ware toedrag van sake is egter dat, waarmee ons hier te doen het, is dus nie 'n debat oor wat *moontlik* moes gebeur het nie (aangesien alles by God moontlik is) maar wat *waarskynlik* moes gebeur het.

So, net om die Darwiniaanse gelowiges daaraan te herinner, volg hier 'n klompie blapse vanuit die oord van die evolusioniste waarvan mens behoort kennis te neem voordat mens te oorhaastig goedsmoeds al jou eiers in die enkele wankelrige Evolusie-mandjie begin pak, d.i., sommige 'ikone van Evolusie' wat óf bedrog, waninterpretasie óf blykbaar dagdromerye moes gewees het:

7.3.1 **Piltdown Man.** Charles Dawson se vervalsing (1912) uitgeklee in 1953 deur 'n span bestaande uit Scotland Yard speurders en wetenskaplikes waaronder Prof. J.S. Weiner, 'n Suid-Afrikaanse wetenskaplike in diens van die Oxford Universiteit.

7.3.2 **Nebraska Man.** Die idee van 'Nebraska Man' is 'ontwikkel' uit die 'oordonderende getuienis' van 'n enkele fragment palaeontológiese materiaal , d.i., die tand van 'n vark (waarskynlik uitgesterf).

7.3.3 **Lucy.** Beskikbare inligting, gesuiwer van Evolusie-propaganda, toon dat 'Lucy' waarskynlik 'n soort 'pigmee sjimpansee' was. 'Lucy' doen nog steeds die rondte in uitstallings by skoue; hulle wil die aap eenvoudig net nie uit die mou laat nie.

7.3.4 **Mev. Ples (Alias 'Mnr. Ples', 'Mej. Ples').** 'n Uitgestorwe aap met 'n skedel-kapasiteit van 750cc, d.w.s., vér onder die aanvaarde standaard

('Keith se Rubikon') vir Mev. Ples om as voorloper vir die mens ('Homo sapiens sapiens') te kwalifiseer i.t.v. Evolusie filosofié. Sien ook *'Maropeng: Wieg van die Mensdom'* hieronder.

7.3.5 **Rhodesië Man.** 'Rhodesië Man' word deur deskundiges beskrywe as "'n Gewone, moderne mens." So, waaroor al die bohaai?

7.3.6 **Neandertal Man.** Waarskynlik 'n gewone mens van 'n ontsaglike hoë ouderdom wat moontlik aan Vitamien D gebreksiektes, soos bv. diabetes en ragitis, kon gely het.

7.3.7 **Archaeopteryx.** In 1985 deur 'n span van die wêreld se top ses wetenskaplikes as bedrog uitgewys.

7.3.8 **Coelacanth.** Die sogenaamde "lewende fossiel" of "indeks-fossiel" en steeds lewendig vandag; die eerste een in Desember 1922 al swemmende in die Indiese Oseaan gevang. Terloops ... wat op aarde is 'n "lewende fossiel"? (hulle noem dit natuurwetenskap?).

7.3.9 **Perd Evolusie.** Daar word beweer dat geen ernstige wetenskaplike meer Othniel Marsh se 'perd-evolusie' mite glo nie.

7.3.10 **Embrio Ooreenkomste.** Prof. Ernst Haeckel, die persoon vir die 'embrio-ooreenkomste' saga, is na bewering uit sy universiteit (Jena) geskors vir hierdie bedrog.

7.3.11 **Orce Man.** Afgelei van die gewone skedel van 'n 4-maande oue donkie. Evolusioniste het nou al so desperaat geword dat hulle al donkie-skedels gebruik om te bewys dat menslike skedels van hominiede skedels af kom (Donkie skedel > Aap/Hominiede skedel > Mens-skedel).

7.3.12 **Peking Man.** Waarskynlik 'n gewone eksemplaar van 'n moderne mens wat die skedels van ape vergruis het om die inhoud daarvan te eet.

7.3.13 **Oort Wolk.** 'n Teorétiese 'wolk' or omgewing in die ruimte waar komete kwansuis ontstaan en vanwaar dit in die Kosmos gestort word, in 1950 deur die Nederlandse sterrekundige, Jan Oort, gepostuleer. L.W. "Teoréties" beteken dit bestaan nie regtig nie; so, waaroor die bohaai?

7.3.14 **Maropeng: Wieg van die Mensdom.** Hierdie florérende argeológiese temapark naby Krugersdorp het, gedurende die laaste wêreldwye *New Seven Wonders of the World* kompetisie, nêrens gekom in enige van die beskikbare drie kategoriëe (d.i., 'STEDE', 'NATUUR' en

'WÊRELD') nie. Duidelik het die "Internasionale Hof van Wêreldmening" die betrokke temapark se aanspraak as die sogenaamde 'Wieg van die Mensdom' net eenvoudig onseremonieel verwerp as verspot.

8. Nog redes vir skeptisisme oor die aansprake van Evolusioniste

8.1 INLEIDING. Dink u dat dit redelik sou wees om van 'n enkele vrugtevlieg, d.i., die 'Drosophila', van ongeveer 22 dae oud en in 'n lewens-siklus van ongeveer 44 dae, te verwag om aan 'n ander vrugtevlieg in die fynste besonderhede te verduidelik wat, ongeveer 941 821 jaar gelede, in die natuur sou gebeur het?

Wel, wanneer 'n Darwinis ('n gewone lid van 'Homo sapiens sapiens') van ongeveer 40 jaar oud en in 'n lewens-siklus van ongeveer 80 jaar, aankondig dat die haai oor "400 miljoen jaar" heen ontwikkel het in die dodelike roofvis wat dit vandag is, is dit byna gelyk aan die vrugtevlieg wat sy mede-vrugtevlieg in fynste akademiese besonderhede vertel wat ongeveer 941 821 jaar gelede (biológies) in die natuur sou gebeur het, 'n ondenkbare en absurde scenario in enige redelike mens se taal.

Dit bewys wééreens dat die Darwinisme (die Evolusie Leer) niks meer is as maar net nog een van die vele voorstedelike godsdienskultusse wat die rondtes in ons stede doen, 'n kultus waarvan die beginsels, leerstellings, teoriëe, hipotéses en voorleggings (alles waarskynlik onfalsifiseerbare raaiskote) eenvoudig in goeder trou in blinde geloof aanvaar sal moet word. Die vrugtevlieg, en nog minder die Darwinis, is nie eers naastenby intelligent of oud genoeg om toegang tot sulke kennis oor die verre verlede te kan beskik, en dit sê ek met die grootste vertroue aangesien die Bybel duidelik leer:

> "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind."
>
> [Prediker3:11AOV].

Die Evolusie Leer word deesdae so deur sekere akademici, wetenskaplikes en teoloë gediskrediteer dat daardie gelowiges uit die oord van 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping, tweekeer sal moet kyk na die gebruik van die wankelende Evolusie Leer indien hulle daarmee sou wou volstaan om "miljarde" en "miljoene" jare in die Génesis Skeppingsverslag in te wil lees; hoe enige redelike mens kan staatmaak op inligting en/of data (nogal aangebied asof gekalibreer deur die sogenaamde "wetenskaplike metode" gedrewe "empiriese waarneming" van die geswore Evolusie-gedrewe kosmolóóg, geolóóg of biolóóg) wat gladnie

verifieerbaar is nie en dus totaal onfalsifiseerbaar is, slaan mens dronk. Wáre wetenskap vereis die falsifiseerbaarheid van voorgelegde data en inligting.

8.2 VOORBEELDE VAN HOE EVOLUSIONISTE ÓNOPREG BIOLÓGIESE AANPASSINGS ('ADAPTATIONS') BINNE SOORTE DIERE AS 'EVOLUSIE' BEMARK. Die volgende inligting verteenwoordig slegs 'n klompie voorbeelde van hoe biológiese aanpassings binne soorte diere in die Evolusie propaganda-masjien as 'Evolusie' bemark word (my párafrases):

8.2.1 DIE PEPERMOT *(Biston betularia).*

> *"Hierdie liggekleurde mot het, ná die Industriële Rewolusie, begin donkerder word as gevolg van die lugbesoedeling van die tyd; die ligter kleur van die mot het teruggekeer soos wat die lugbesoedeling later weer begin afneem het. "*
>
> [YourDictionary.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor die soorte (van diere) heen gebeur nie; uiteindelik was die perpermot nog steeds 'n pepermot ('n insek): dit het nie in 'n ander soort dier verander nie. Het u al ooit 'n nie-insek sien verander in 'n insek of 'n nie-mot in 'n mot?

8.2.2 HELDERGEKLEURDE POUE.

> *"Heldergekleurde pou-wyfies kies altyd pou-mannetjies met die helderste kleure vere. Die gene vir helderkleurige kenmerke word áángegee na die pou-mannetjie se nageslag, wat dan gevolglik ook 'n beter kans het om 'n maat te vind en die gene so verder áán te gee."*
>
> [YourDictionary.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' het oor soorte heen plaasgevind nie; uiteindelik was die poue steeds poue (voëls). Het u al ooit 'n nie-pou sien verander in 'n pou, of 'n nie-voël in 'n voël?

8.2.3 RIET-PADDA 'EVOLUSIE'.

> *"Ongeveer 75 jaar gelede het die Australiese suiker-buro 'n handvol Suid-Amerikaanse riet-paddas vanaf Hawaii na Australia gebring met die doel om hulle in te span om die land van die suikerriet-vretende rietkewer vry te maak. Op hulle nuwe kontinent, sonder hul eie natuurlike roofdiere, het die rietpadda populasie skielik begin ontplof en vinnig begin vermeerder, waarskynlik a.g.v. hul aanpassingsvermoë om vinniger en verder te rond te beweeg. Wanneer hulle dan sou paar het hulle hierdie langer bene áángegee na hulle nageslag."*
>
> [BusinessInsider].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' het oor soorte diere heen gebeur nie; uiteindelik was al die rietpaddas steeds rietpaddas. Het u al ooit 'n nie-padda gesien verander in 'n padda? Verder, het u agtergekom hoe dodelik dit soms vir natuur kan wees wanneer wetenskaplikes so onverantwoordelik en lukraak begin rondpeuter met rietpadda invoere of uitvoere?

8.2.4 PLAAGDODER-BESTANDE INSEKTE.

> *"Sekere insekte ondervind soms 'n gene-mutasie om immuniteit teen plaagdoders te ontwikkel en sal dan ook so voortplant. Dit gebeur baie vinnig, d.i., binne 'n klompie generasies, aangesien die generasie-duur van insekte van korte duur is."*
>
> [YourDictionary.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soorte heen gebeur nie; uiteindelik was die plaagdoder-bestande insekte steeds insekte. Het u al ooit 'n nie-insek sien verander in 'n insek?

8.2.5 VLUGLOSE VOËLS.

> *"Oor vele generasies heen het volstruise en emus ontwikkel ('evolueer') om groter liggame te verkry en voete vir hardloop op land, wat hulle gelaat het sonder die vermoë (of behoefte) om te vlieg ... Dieselfde het gebeur met pikkewyne wat die tipiese 'vlerke' verruil het vir swem-vriendelike flippers oor vele generasies heen."*
>
> [YourDictionary.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soorte heen gebeur nie; uiteindelik was die volstruis steeds 'n voël ('n volstruis) en die pikkewyn steeds 'n voël ('n pikkewyn). Het u al ooit 'n nie-voël sien verander in 'n voël, of 'n nie-volstruis sien verander in 'n volstruis, of 'n nie-pikkewyn in 'n pikkewyn? In hierdie voorbeeld het die pikkewyn ('n voël) nie eers in 'n volstruis (ook 'n voël) verander nie, wat nog in 'n ander soort dier?

8.2.6 DIE BLOU MAAN SKOENLAPPER.

> *"Die Blou Maan Skoenlapper van die Samoaanse eilande was deur 'n parasiet aangeval wat die manlike embrios vernietig het. Dit het die balans van manlik en vroulik in die skoenlapper populasie versteur maar die balans het egter binne 10 generasies herstel. Dit is omdat die klompie manlike motte wat immuun was tóg gelewe het om weer te kon broei.*
>
> [YourDictionary.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soort heen plaasgevind nie; uiteindelik was die Blou Maan Skoenlapper nog steeds 'n insek. Het u al ooit 'n nie-insek sien verander in 'n insek of 'n nie-skoenlapper sien verander in 'n skoenlapper?

8.2.7 HERTE-MUISE.

> *"Herte-muise was gewoonlik donker van kleur wanneer hulle hoofsaaklik in woude gewoon het. 'n Sekere groepie herte-muise het egter etlike duisende jare vantevore weggebreek om in die sandheuwels te gaan nesmaak. Hierdie herte-muise is ligter van kleur, nadat hulle oor duisende jare heen ge-evolueer het om hul aan te pas by hulle omgewing. Intussen het die donkerder herte-muise, wat aan die ligter gene ontbreek, steeds aangehou om donker herte-muise voort te bring."*
>
> [YourDictionary].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soort heen plaasgevind nie; uiteindelik was die ligter herte-muise nog steeds knaagdiere

(herte-muise). Het u al ooit 'n nie-muis sien verander in 'n muis of 'n nie-knaagdier sien verander in 'n knaagdier?

8.2.8 KRYGER-MIERE.

> *"Hierdie miere beskik oor 'n chemiese sein wat die kolónie identifiseer; sekere miere het geleer om hierdie sein van 'n ander kolónie ná te boots, sodat hulle die ander kolónie kan aanval en oorneem. Werker-miere van die oorgeneemde kolónie sal nie besef hulle dat daar 'n oorname was nie en eenvoudig net aanhou met werk."*
>
> [YourDictionary.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soort heen plaasgevind nie; uiteindelik was al die betrokkenes in die sage steeds miere. Het u al ooit 'n nie-mier sien verander in 'n mier?

8.2. 9 PIENK SALM.

> *"Migrasie gedragspatrone by diere (wat aan omgewingsfaktore toegeskryf word) veroorsaak dat sulke visse soos die Pienk Salm vanaf die oseaan in varswater-strome opswem om te kuit waar vroëer gemigreerde, meer veerkragtiger visse in warmer waters die vispopulasies help stabiel hou oor dekades heen."*
>
> [SmithsonianMagazine.com].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soort heen plaasgevind nie; uiteindelik was die Pienk Salm steeds visse. Het u al ooit 'n nie-vis sien verander in 'n vis?

8.2.10 GEELBRUIN BOSUILE.

> *"Met die gematigde winters in Finland, het een populasie van geelbruin bosuile, volgens 'n 2011 Kommunikasie-studie, 'n betekenisvolle toename in geelbruin bosuile oor die afgelope 28 jaar getoon. Die navorsers het ook 'n landwye toename in bruin uile oor die afgelope 48 jaar gesien. Dit maak sin dat natuurlike seleksie die bruin kleur sal verkies: Met minder sneeu sal bruin uile maklike insmelt*

> *met die omringende woude daardie uile 'n beter kans gee om te oorleef en voort te plant."*
>
> [Smithsonian Magazine].

Weerlegging. Geen 'Evolusie' van enige aard het oor soort heen plaasgevind nie; uiteindelik was die uile steeds voëls. Het u al ooit 'n nie-voël gesien verander in 'n voël?

Ontknoping. Dit is dus heel duidelik dat sogenaamde 'Evolusie' *oor soorte diere heen* nog nooit plaasgevind het nie en ook nooit sal plaasvind nie. Die Bybel verduidelik waarom:

> "En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so. En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was."
>
> [Génesis1:24-25AOV].

9. Die Dinamiek van Wonderwerke

Ateïste is oor die algemeen geneig om te sê, "Wonderwerke is onmoontlik!" Ek het selfs al agnostici en sekere Christene dit hoor sê. Dit laat mens wonder: Sou hulle eerder "moontlike wonderwerke" verkies het? 'n Klompie opmerkings oor wonderwerke:

- Die beswaar dat wonderwerke *onmoontlik* is, is net so absurd as om te sê dat om dinge teen die wet te wil doen 'onwettig' is; d.i., hulle konstateer die voor die hand liggende. Wonderwerke is veronderstel om onmoontlik te wees; dit is waarom dit in die eerste plek "wonderwerke" genoem word. "Moontlike wonderwerke" sou nooit as wonderwerke kon kwalifiseer nie, aangesien dit slegs as gewone, alledaagse (desnoods vervélige) gebeure ervaar sou word.

- Die beswaar dat wonderwerke in stryd is met die *Wette van die Natuur* soos dit bestaan in die Kosmos (d.i., in stryd met die huidige fisika en wetenskap soos ons dit ken) is net so absurd. Indien wonderwerke gedefinieer moet word as daardie gebeure wat in stryd is met die Natuurwette (die fisika en wetenskap van die Kosmos) dan beteken dit eintlik dat die bestaan van die Natuurwette 'n *kritiese vóórvereiste* sou wees vir wonderwerke om in die eerste plek te kon gebeur; sonder die

Natuurwette, watter wet sou die wonderwerke dan kon verbreek? Verder, 'n gebeurtenis wat nie die Natuurwette verbreek nie sou mos nie as 'n wonderwerk kon kwalifiseer nie, maar slegs as 'n doodgewone, alledaagse gebeurtenis.

- Opsommend: Sonder die *Natuurwette van die Kosmos* (die fisika en wetenskap soos ons dit ken), d.w.s., die reëls wat wonderwerke soms geneig is om te verbreek, sou alles moontlik gewees het en sou daar dus nie sprake van wonderwerke kon gewees het nie. Die Natuurwette dien dus die belangrike doel om ons te help om 'n wonderwerk te herken wanneer ons dit sien of ervaar, d.w.s., om te kan onderskei tussen 'n gewone, alledaagse gebeurtenis en 'n ware (hetsy 'onmoontlike' of 'onwaarskynlike') wonderbaarlike gebeurtenis. Baie wonderwerke wat as "onmoontlik" beskrywe sou word sou dalk beter as (statisties) "onwaarskynlik" beskrywe kon word. In die totale afwesigheid van Natuurwette sou alles moontlik wees en niks sou onmoontlik wees nie; watter sin sou "moontlike wonderwerke" dan ooit maak? Ek herhaal ... *wonderwerke is veronderstel om onmoontlik te wees,* so kom daaroor, meneer die ateïs en meneer die agnostikus.

10. Die mees merkwaardige wonderwerk in die Sage

10.1 MOEILIKE VS. MAKLIKE WONDERWERKE. Die vraag wat mens graag aan die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes wil vra is, wat maak hulle so (paradoksaal) seker dat, vir God om 'n Kosmos in 13.8 miljard jaar te kon skep en om 'n sonnestelsel in 4.54 miljard jaar te kon skep, vir God 'makliker' sou wees as om 'n Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) te kon skep? Het ons dan nie ooreenstemming bereik dat God enigiets kan doen en dat niks vir Hom onmoontlik sou wees om te doen nie, en, dat daar vanaf God se oogpunt, nie soiets soos moeiliker, makliker, groter en kleiner wonderwerke bestaan nie?

Dit wil voorkom asof kosmoloë en Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes almal dieselfde fout begaan, nl., om te aanvaar dat God hierdie Kosmos vanaf die 'binne' van hierdie Kosmos geskep het in terme van en in ooreenstemmimg met die streng reëls (Natuurwette, fisika en wetenskap) van die Kosmos soos ons dit tans ken, terwyl God die Kosmos waarskynlik eerder vanaf die misterieuse Hemelse 'Kuberruimte' (waar Hy buite tyd, ruimte en materié bestaan en fungeer) moes geskep het. God bestaan in beginsel buite die dimensies van tyd, ruimte en materié soos ons dit ken, en toe Hy die Kosmos beveel het om in wording te kom, het daardie Natuurwette nog nie

bestaan nie ... dit is alles gesamentlik met die Kosmos as 'n integrale deel van die 'Sentrale Goddelike Skeppingsbevel' gebore in die *'tabula rasa templaat' van die 'nuwe niks' in.

*Tabula Rasa: 'n Geskraapte tablet waarvan die letters verwyder is (blanko templaat).

Satiries gesproke, wat sou vir 'n gourmet sjef die maklikste wees om te doen: Om 'n *Consommé* ('n Stadig geprutte, helder sop gemaak van vleis, tamatie, eierwitte en aftreksel) vir sy gaste in 90 minute vóór te berei, of om dit vir sy gaste in 90 jaar vóór te berei? Vanselfsprekend in 90 minute, aangesien om so 'n dis in 90 jaar vóór te berei beide onprakties en onmoontlik sou wees. Hierdie analogié is natuurlik onredelik aangesien die gourmet sjef nie (soos God) in 'n 'alternatiewe ruimte' kan inbeweeg vanwaar hy sy disse, hetsy oor 90 minute of 90 jaar, kan konsepsualiseer en voorberei soos hy verkies nie; anders as die gourmet sjef word God nie deur die boeie van die kalender, die horlosie en die ouderdom (of deur die eise van kliëntéle) gebind nie. God het oneindig baie of voldoende 'tyd' gehad waarin Hy rustig Sy Kosmos-ontwerp kon konsepsualiseer en skep, net om dit later in slegs 'n paar dae (bv., ses gewone weeksdae van 24-uur elk) op Sy nuwe templaat (of tablet) ongeveer 6 000 jaar gelede te kon aflaai ("download"); om te wil beweer dat dit onmoontlik sou wees sou kettery wees, want God kan mos enigiets doen.

Meeste van ons is bekend met die rekenaar, veral met draagbare skootrekenaars en die groot verskeidenheid van ontwerper-sagteware wat daarvoor vandag op markte beskikbaar is. Iemand goed onderlê in ontwerper-sagteware kan byvoorbeeld vir weke lank voor sy rekenaar sit en 'n pragtige stuk argitektuur vir 'n nuwe katedraal ontwerp. Later, by die druk van 'n knoppie, laai hy die volledige ontwerp op 'n stuk papier af; dit word omsit in 'n bloudruk van 'bouplanne'; die bouplanne word na 'n masjien geneem waar die katedraal in pragtige 3D (drie-dimensioneel) as 'n (kleinerige) skaal model uitgedruk word, alles binne 'n bestek van (oor die algemeen) 30 minute tot 12 ure.

Wanneer ons na die ontsaglike Kosmos kyk, waarom sou dit vir God onmoontlik wees om dieselfde te kon doen? Hou in gedagte dat God in statuur 'groter' (magtiger) as die Heelal is; so, maak vas u veiligheidsgordel: Vir al wat ons weet is hierdie melkweg of sonnestelsel slegs 'n voorlopige, miniatuur skaalmodel weergawe van die ware Jakob nog aan die kom (d.i., die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde). Onmoontlik? Dink weer ... vergelyk die grootte van ons Melkweg teen die enorme Kosmos self (met 'n huidig-geskatte 'sigbare' radius van 45.7 miljard ligjaar, d.w.s., 'n diameter van 91.4 miljard ligjaar) vir skaal. Die leser sal geskok wees indien hy dit hom werklik sou kon voorstel.

10.2 DIE MEES MERKWAARDIGE WONDER. Nou, hier volg die mees merkwaardige wonder van die Skepping en wel m.b.t. die skepping van die

sonnestelsel. Wanneer die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes sê dat God die Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk geskape het ongeveer 6 000 jaar gelede, dan beteken dit dat die aarde alreeds (foutloos en flatervry) vir 6 000 jaar lank om die son teen die verbysterende snelheid van ongeveer 107 000 kpu wentel sonder enige insidente, ongelukke, ernstige botsings met ander groot hemelliggame of (satiries gesproke) enige dagvaardings vir roekelose bestuur, beslis 'n merkwaardige prestasie in enigiemand se taal.

Wanneer die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes egter sê dat die sonnestelsel en die aarde "4.54 miljard jaar" oud is, dan sê hulle eintlik dat die aarde al vir 4.54 miljard jaar lank flatervry en foutloos om die son teen die verbysterende snelheid van 107 000 kpu wentel sonder enige insidente, ongelukke, ernstige botsings met ander groot hemelliggame of (satiries gesproke) enige dagvaardings vir roekelose bestuur, beslis 'n merkwaardige prestasie in enigiemand se taal. Besef die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes nie dat hulle hiermee die wonder van die Skeppingswonderwerk 'n ziljoenvoud vermeerder nie? Dit wil sê, indien die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes se sentiment (soos ons vermoed) oor die verskil tussen *moeilike* en *maklike* wonderwerke ooit aanvaar moet word.

Enige goeie ingenieur, sterrekundige of fisikus behoort (m.b.v. 'n ordentlike wetenskap sakrekenaar) die afstand wat die aarde oor 'n periode van 4.54 miljard jaar om die son moes gewentel het te kan bereken, d.i., *4.54 miljard jaar x Gemiddelde kms/myle gereis per jaar = Totale aantal kms/myle gereis in sy wenteling om die son (d.i., 4.54 000 000 000 jaar* ***x*** *940 000 000 kms/584 000 000 myle per jaar).* Bereken dit gerus.

10.3 'N BYBELSE (JONG AARDE) SKEPPING TE MOEILIK VIR GOD?

Wanneer ons dus die bovermelde prestasie van die aarde in ag neem, waarom sou 'n Skepping van ses gewone weeksdae van 24-uur (ongeveer 6 000 jaar gelede) as onmoontlike ideológiese hindernis vir 'n almagtige God gereken word? Behoort 'n Skepping van 4.54 miljard jaar nie juis as 'n baie 'groter' wonderwerk gereken te word as 'n Skepping in ses gewone dae nie? Nietemin volstaan hierdie outeur daarby dat God oor die vermoë beskik om te skep soos Hy wil omdat Hy almagtig is. Ek stel dit kategóries vir die rekord:

> *Die God van Israel (en Bevelvoerder van die Hemel en Israel se Weermagte) is tegnies in staat om nie alleen 'n Kosmos in 13.8 miljard jaar te skep nie, maar ook ver bokant dit om 'n Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk ongeveer 6 000 jaar gelede te kon geskep het. Indien Hy, met 'n geskatte I.K. (Intelligensie Kwosiënt) van die ekwivalent van ONEINDIG*^{oneindig} *(Oneindig tot die mag Oneindig) nie daartoe in staat was nie sou Hy mos nie 'God' wees nie.*

Vanselfsprekend, as 'n Bybelse (Jong Aarde) gelowige is my Skeppingsmodel-van-Keuse 'n Skepping van ses gewone weeksdae van 24-uur elk ongeveer 6 000 jaar gelede omdat God almagtig is en enigiets kan doen, en die brutale, heidense Evolusie Leer in elk geval totaal in stryd is met die karakter en etos van God.

11. Die Bybelse Wonderwerke: Die Olifant in die Kamer

11.1 DIE OLIFANT IN DIE KAMER. Ek dink dit is geregverdig om te beweer dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes mérendeels die Darwiniaanse vertrekpunte en wêreldbeskouing volg soos wat met die Evolusie Teorié bedoel word; dit waarskynlik in die edele strewe om die "wetenskap te volg", asof die "wetenskap" altyd eenhonderd persent onfeilbaar (eenhonderd persent van die tyd) is en sal wees. Soos reeds genoem is daar geen waarborg dat die moderne wetenskap (fisika) oor die komende dekades en eeue heen gladnie gaan verander nie; sekerlik gaan die "moderne wetenskap" oor 100 of 1 000 jaar baie anders lyk soos die "moderne wetenskap" vandag lyk (en soos dit 100 jaar en 1 000 jaar gelede moes gelyk het); of, wil die evolusioniste en hoofstroom-wetenskaplikes werklik vir ons vertel dat ons geslag uiteindelik by die finale wenstreep van wetenskaplike ontdekking gearriveer het? Hoe arrogant kan mens wees?

Wanneer in ag geneem word dat die wetenskap slegs 5% weet van wat in die Kosmos aan die gang is, en dat die res (95%) as, "onnaspeurbare donker materié en donker energie" beskrywe word, hoe op aarde kan enigeen (buite die raamwerk van Bybelse openbaring) weet hoe die Kosmos uit die "niks" (die tydlose, ruimtelose en materiélose verlede) moes ontstaan het? Trouens, hoe kan enigiemand buitendien selfs ook wil beweer dat hy slegs 5% van 'n sekere saak af weet indien hy dan nie eers weet wat 100% van die saak behels nie? Voordat die 5% bereken kan word sal die 100% (waaruit die 5% vasgestel moet word) eers self vasgestel moet word, 'n onmoontlike taak. Dalk weet ons slimmes nie eers 5% van wat in die Kosmos aan die gang is nie, maar in werklikheid heelwat minder.

Dit is ook belangrik dat ons besef dat "niks" nie net 'n leë (ongevulde) ruimte beteken nie. 'n Leë ongevulde ruimte is nie "niks" nie ... dit is steeds "iets" ('n leë ongevulde ruimte). Selfs 'n vakuum (sou vakuums in die Heelal werklik bestaan) is nie "niks" nie; dit is steeds "iets" ('n vakuum). Die *ware niks* waaruit God die Kosmos geskape het was waarlik niks, m.a.w. daar was nie eers 'n leë ongevulde ruimte met of sonder vakuums nie ... Hy moes tyd, en toe die leë

ongevulde ruimte, eers skep voordat Hy kon verder gaan. (*Tyd* en *Ruimte* was nodig anders wanneer en wáár sou Hy die *Materié* neersit?).

11.2 DIE DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSGESINDES SE DILEMMA. Die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes het by ‘n aansluiting gearriveer waar ‘n ernstige dilemma dreig om hul wêreldbeskouing-appelkar om te gooi: Aan die een kant wil hulle die Génesis Skeppingsverslag en die wonderwerke van die Bybel afskryf as interessante, maar tog nuttelose legendes en tradisies uit die (Ou Testamentiese) Joodse oorlewerings en/of mitologié wat figuurlik, metafóries en poëties vertolk en verstaan moet word. Aan die ander kant, sou hulle dit doen, sal hulle, as deel van hulle nuwe postmoderne erfenis en om konsekwent te wees, sulke basiese leringe as die maagdelike geboorte van Christus, die wonderwerke van Christus en Sy opstanding uit die dood ens., alles ook moet afskryf as interessante, maar tog nuttelose legendes en tradisies uit die (Nuwe Testamentiese) Joodse oorlewerings en/of mitologié wat figuurlik, metafóries en poëties vertolk en verstaan moet word.

Die dilemma wat volg is dat, verwerp hulle nie die Nuwe Testamentiese teks as inhoud wat soos die Ou Testamentiese Génesis skeppingsverslag en wonderwerke poëties-metafories-figuurlik vertolk en verstaan moet word nie, die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes dan by hulle sal wil weet waarom hulle nie maar ook die historisiteit en egtheid van die Génesis Skeppingsverslag (m.a.w., soos dit gestel word ... ‘n sesdaagse Skepping van gewone weeksdae ongeveer 6 000 jaar gelede) en wonderwerke van die Ou Testament op sigwaarde as outentiek wil of kan aanvaar nie? Of, wil hulle die pad van die ‘Nuwe Hervormers’ volg en in die toekoms ook as afvallige “Christen ateïste” in die volksmond bekend staan?

Neem ook in ag die kwessie van die sewedag-week soos ons dit ken: Alhoewel sy oorspronge byvoorbeeld ook na die Babiloniese kultuur terugherlei kan word en later deur die Jode aangeneem is, is dit ook so dat, terwyl die jaar (365.25 dae in ‘n jaar wat dit die aarde neem om éénmaal om die son te wentel) en die maand (bv. 30/31 dae vir die tyd wat dit die maan neem om éénmaal om die aarde te wentel) astronómies verduidelik kan word, die bestaan van die week nie astronómies verduidelik kan word nie; d.i., daar bestaan nie ‘n astronómiese observasie om die bestaan van ‘n 7-dag week mee wetenskaplik te verduidelik nie.

Die sewedag-week het sy bestaan te danke aan die feit dat God die Kosmos in ses dae gemaak het (en op die 7de-dag gerus, of opgehou skep, het). Indien die Skepper met die Skeppingstaal van, “... en dit was aand en dit was more” en met die woord “dag” (‘Yom/Yome’) eintlik “sewe eras” van “miljoene jare” bedoel het (en ons dit vandag dit dan só skaamteloos verkeerd verstaan), dan verwys dit nie baie vleiend na die Skepper se vermoë om met dom mense te kommunikeer

nie. Buitendien, indien plante op Dag 3 gemaak was en die son op Dag 4, hoe sou die plante vir miljoene jare vanaf Dag 3 na Dag 4 oorleef het sonder die son en fotosintése? Plante het die son nodig vir fotosintése en dus om te groei, te blom en saad te produseer.

11.3 DIE TEOLÓGIESE SKEIDER. Sou die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes die Nuwe Testamentiese wonderwerke van Christus as outentiek en geldig aanvaar, sou hulle dus konsekwent moes wees en die Ou Testamentiese wonderwerke (insluitend die voor die hand liggende Génesis Skeppingsverslag) ook as outentiek en geldig moes aanvaar, andersins sal ons moet aanvaar dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes twee verskillende maatstokke (met 'n Teológiese Skeider) het waarmee hulle Bybelse waarheid meet, en waarmee hulle die Ou Testament en die Nuwe Testament afsonderlik-verskillend meet, verstaan, vertolk en verduidelik. God self het gewaarsku:

> "Julle moet 'n regte weegskaal hê, regte weegstene, 'n regte efa en 'n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het. Daarom moet julle al my insettinge en al my verordeninge onderhou en dit doen. Ek is die HERE."
>
> [Levitikus19:36-37AOV].

> "Jy mag in jou huis nie twee soorte efas, 'n grote en 'n kleintjie, hê nie. Jy moet 'n volle en regte gewig hê; jy moet 'n volle en regte efa hê; sodat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God jou sal gee."
>
> [Deuteronómium25:14-15AOV].

12. Finale Gedagtes vir hierdie Hoofstuk

12.1 GOD KAN DINGE UIT DIE NIET ROEP ASOF DIT BESTAAN. Besluit self, watter een van die bogenoemde twee Skepping-scenarios verteenwoordig die merkwaardigste wonderwerk in die Skeppingsage; en, watter reg het enigiemand om te beweer dat 'n Skeppingsmodel van 13.8 miljard jaar vir God makliker sou wees as 'n Skeppingsmodel van ses gewone weeksdae ongeveer 6 000 jaar gelede, veral wanneer die Bybel leer dat God in staat is dinge uit die niet te roep asof dit bestaan?

> "... soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan."
>
> [Romeine4:17AOV].

Verder, kan Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes dan geblameer word vir hulle skeptisisme oor die 4.54 miljard jaar gedagte? Dink daaroor ... sou ‘n aarde soos hierdie, d.w.s., so geneig tot erósie deur wind en weer, nog steeds bestaan het na 4.54 miljard jaar se genadelose aanslag deur die korrosiewe skuur-elemente van die natuur? So, wanneer die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes dan vra, “Indien julle Kosmos dan so jonk is as wat julle voorgee, waarom lyk dit dan so antiek?” kan die Bybelse (Jong Aarde) ewenwel ook antwoord, “Indien julle Kosmos dan so antiek is as wat julle voorgee, waarom lyk dit dan so jonk asof dit in ses gewone weeksdae geskep is ongeveer 6 000 jaar gelede, gevolg deur ‘n verwoestende vloed wêreldwyd ‘n klompie eeue later?”

12.2 FISIKA/WETENSKAP: DIE FINALE ARBITER? Die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes maak beswaar teen die Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsmodel aangesien hulle waarskynlik van die vertrekpunt redeneer dat dat so ‘n Skeppingsmodel nie deur die huidige fisika en wetenskap van die dag ondersteun en verklaar kan word nie. In werklikheid weet nóg die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes nóg die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes hoe ‘n 13.8 miljard jaar Kosmos of ‘n 6 000 jaar oue Skepping veronderstel is om te lyk, aangesien daar geen prototipes van enige van die twee modelle (hetsy kosmológies, geológies of biológies) bestaan waarteen gemeet en waarmee vergelyk kan word nie ... daar bestaan m.a.w. nie enige vergelykbare norms vir die twee modelle nie.

Wetenskaplikes aanvaar eenvoudig, op sterkte van hul “empiriese waarnemings” afgelei van inligting gebaseer op bv. *Radiometriese Datering ens.,* dat die Kosmos “oud” is*,* sonder om die moontlikheid in ag neem dat hulle instrumente dalk op ‘n verraderlike wyse besig is om met die status quo saam te speel, bv., deur die Kosmos as “antiek” te rapporteer. Christene het eenvoudig nie ‘n beter opsie tot hulle beskikking as om die Génesis Skeppingsverhaal en die totale teks van die volledige Bybel-inhoud (Hebreeuse Bybel/Ou Testament & Nuwe Testament) as geldig en betroubaar te aanvaar nie. Ons is nie slimmer as daardie God wie die Skeppingsverhaal via Moses vir ons gegee het nie.

12.3 GAAN DIE FISIKA/WETENSKAP SOOS ONS DIT KEN NOOIT VERANDER NIE? Aangesien die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes dan so weersin het in die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes se Skeppingsmodel, watter bewyse het ons dat die huidige fisika en wetenskap van die dag ‘n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping op die langtermyn steeds bevredigend sal aanhou verklaar? Dink net hoe die fisika en wetenskap sedert

die dae van Thales van Militus (624-546 VC) en Archimedes (287-212 VC) tot vandag verander het. Dit was merkwaardig, indien die wonderbaarlik nie.

Stel u dus voor hoe die fisika, soos reeds genoem, oor die volgende 100 jaar of 1 000 jaar gaan verander, mits die toekoms dit gaan toelaat; of, is ons naïef en arrogant genoeg om te dink dat ons, ook soos voorheen genoem, finaal gearriveer het m.b.t. wat ooit uit die natuur in terme van die fisika en die wetenskap geleer gaan word? Gaan die toekoms werklik bewys dat ons generasie die laaste generasie was wat nuwe ontdekkings m.b.t. die fisika en die wetenskap gemaak het? Gaan daar ná vandag nooit weer, in eeue om te kom, Nobel Pryse vir fisika en wetenskap wees nie?

Dit is moontlik dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes beswaar kan maak dat hulle nie die geldigheid van die Génesis Skeppingsverhaal verwerp nie, maar dat dit die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes is wat 'n te simplistiese vertolking van die Génesis Skeppingsverhaal voorhou en wat hulle (die Ou Aarde skeppingsgesindes) onregverdiglik daarvan wil weerhou van die voorreg om 'n "miljarde jare" Skepping in die Génesis Skeppingsverhaal in te lees. Is dit nie eienaardig dat daar voor 1859 minder gekibbel was oor die Génesis Skeppingsverhaal (in die dae toe debatte merendeels gegaan het oor Ateïsme versus die Christendom) as vandag? Christene van albei denkrigtings het geen keuse as om die Génesis Skeppingsverhaal intuïtief in goeder trou in die geloof te aanvaar nie. Die Bybel leer:

> "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
>
> [Hebreërs11:6AOV].

Verwysings

1. Bybel. *Afrikaanse Ou Vertaling.* E-Sword.net. Aanlyn.
2. Ferrell, Vance BA MA BD (2019) *EvolutionFacts.com: Science vs. Evolution.* Amazon.com.
3. Yancey, Philip (1988) *Disappointment with God.* Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

Ons menslike wesens is geneig om die sigbare wêreld instinktief as die 'ware wêreld' en die onsigbare wêreld as die 'onware wêreld' te aanvaar, maar die Bybel leer presies die teenoorgestelde. Die onsigbare wêreld begin toenemend as die 'ware wêreld' vorm aanneem as dit wat die pas aangee vir ons lewe in die sigbare wêreld.

(Philip Yancey,
Geb.1949).

Hoofstuk 2

VERDERE GEDAGTES OOR DIE GÉNESIS SKEPPINGSVERHAAL

Sluit elke ander gedagte uit en hou jouself voor God met slegs een ding
wat saakmaak ... my beste vir Sy Majesteit

(Oswald Chambers,
1874-1917)

Bybelse (Jong Aarde) gelowiges lys allerhande besware teen die Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowiges se siening, bv., die plasing van 'dood' en fossiele vóór Adam; die plasing van voëls vóór dinosourusse; lang eras vir die 'dae' van Génesis (bv., 1 000 jaar, miljoene jare ens.); die bestaan van 'n sogenaamde antieke 'primordiale aarde' vóór die huidige aarde; die bestaan van 'n sogenaamde 'pre-Adamitiese ras' vóór Adam; plante op Dag3 van die Skepping maar die son eers 'duisende' of 'miljoene jare' later op Dag4 (wat van die broodnodige fotosintése vir plante om te kan groei, te blom en saad te skiet?); die gewoonte om die wonderwerke van die Skepping, soos beskrywe in die Génesis Skeppingsverhaal, en die ander wonderwerke van die Bybel as metafóries, figuurlik of poëties (voortspruitend uit die uitgediende Joodse mitologié) te wil vertolk, verstaan en verduidelik.

1. Die Probleem met 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping

Waarom lees die voorstaanders van hierdie model miljoene jare in die ses dae van die Skepping in maar nie miljoene jare in die dag wat die son stil gestaan het in die Dal van Ajalon, of in die drie dae wat Jona in die groot vis se maag was, of die drie dae wat Jesus Christus in die graf was, nie? Hou in gedagte dat, wanneer Strong se 'Hebreeus & Grieks Woordeboek' die woord vir 'dag' verduidelik, d.i., *Yôm* dit letterlik sowel as figuurlik, afhangende van konteks, verduidelik

kan word (Die ondergenoemde H3117 verwysing komplimente van *E-Sword.net* uit die KJV, King James Version).

H3117

יוֹם

yôm

yome

From an unused root meaning to *be hot*; a *day* (as the *warm* hours), whether literally (from sunrise to sunset, or from one sunset to the next), or figuratively (a space of time defined by an associated term), (often used adverbially): - age, + always, + chronicles, continually (-ance), daily, ([birth-], each, to) day, (now a, two) days (agone), + elder, X end, + evening, + (for) ever (-lasting, -more), X full, life, as (so) long as (. . . live), (even) now, + old, + outlived, + perpetually, presently, + remaineth, X required, season, X since, space, then, (process of) time, + as at other times, + in trouble, weather, (as) when, (a, the, within a) while (that), X whole (+ age), (full) year (-ly), + younger.

Total KJV occurrences: 2295

Strong's Hebrew and Greek Dictionaries

Vir dieselfde prys as wat 'dag' ('Yôm') as "miljoene jare" vertolk kan word, kan dit ook as 'n gewone dag van 24-uur vertolk word, afhangende van konteks.

Evangeliese Christene neem God op Sy woord, nl. dat die dae van die Skepping as ses gewone weeksdae van 24-uur elk vertolk behoort te word, eerstens omdat die dae letterlik 'afgetel' word (as 1 tot 6) en tweedens oor die byna opsetlike invoeging van die woorde 'aand' en 'môre' in die teks, so asof God geweet het dat mense van ons generasie eendag sou kibbel oor die ware betekenis van die duur van die dae van die Skepping. Indien God byvoorbeeld "miljoene" of "biljoene jare" bedoel het vir die Skeppingsdae van Génesis, het Hy darem, wil dit voorkom, baie moeite gedoen om seker te maak Hy verwar ons behoorlik, en dit alles teen die agtergrond van die feit dat die Bybel leer dat God kan doen vér bokant dit wat ons kan vra of dink:

> "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen."
> [Efesiërs3:20-21AOV].

Bogenoemde Bybelse lering vertolk ek as om te leer dat, maak nie saak nie watter tipe scenario, situasie of gebed wat ons aan God wil voorlê, Hy, in beginsel, in staat is om nie net dit te kan doen wat ons gedink of gevra het nie, maar ook in staat om te doen selfs vér bokant dit wat ons gevra of gedink het (maar, let wel, nie asof Hy verplig is om dit te doen nie).

Omdat God in staat is om te doen vér bokant dit wat of ons kan bid of dink, is Hy by implikasie magtiger as ons byna 'almagtigste verbeelding', aangesien ons, geskape na die beeld van God, in staat is tot byna elke denkbare fantasmagóriese gedagte onder die son.

So, kom ons doen 'n oefening: Laat die leser sy oë sluit terwyl hy/sy in die gerief van 'n gemaklike stoel gaan sit. Verbeel uself nou die duisternis van die leë ruimtes van die ontsaglike Kosmos. Skielik, in u verbeelding, sien hoe

allerhande soorte sterrestelsels die hele Kosmos begin verlig soos wat dit uit die donkertes verrys, miljarde sterrestelsels gevul met miljarde sonnestelsels en hemelligame, die een mooier en meer kleurvol as die ander, soos Kersfeesliggies aan 'n Kersboom, todat die hele Kosmos gevul is met sterrestelsels te véél om te tel. Desnoods word die Kosmos boonop met sy sterrestelsels deur God uitgespan soos 'n doek om die hele beskikbare ruimte van die nuwe 'Skeppings-templaat' (wat dit ookal behels) wat Hy ontwerp het te vul.

U eerste reaksie sou nou miskien wees dat dit onmoontlik, byna verspot is vir u om dit te kon dink, maar, indien God dit nie kan doen nie, dan is Hy mos nie almagtig nie, en is Hy dan mos nie in staat om te doen vér bokant dit wat ons bid of dink nie!

Ek herinner u graag daaraan dat God se eerste Skeppingswoorde was, "Laat daar lig wees!" Skryf Zhangbu Xu op die aanlyn webwerf, 'Energy.Gov' (en ek laat die teks in die oorspronlike Engels om te verseker dat my Afrikaanse parafrase nie moontlik onreg aan die teks doen nie):

> *"Nuclear scientists have used a powerful particle accelerator to create matter directly from collisions of light. Scientists predicted this process in the 1930s, but it has never been achieved in a single direct step. The researchers accelerated two beams of gold ions to close to the speed of light in opposite directions. At such speeds, each gold ion is surrounded by particles of light (real photons) generated by the ion's perpendicular magnetic and electric fields. When the ions graze past one another without colliding, the photons interact to produce electrons (matter) and positrons (antimatter). The idea of creating matter from light stems from Einstein's famous $E=mc^2$ equation, which states that energy and matter (mass) are interchangeable."*
>
> [Xu, Zhangbu *Making Matter from Collisions of Light*. Nuclear Physics, Brookhaven National Laboratory, Energy.Gov. 24 January 2022/Online].

Mits die bogenoemde merkwaardige navorsingsresultaat as korrek en geldig aanvaar kan word, wil dit dus voorkom asof God (planmatig) eers die *Elektromagnétiese Spektrum* geskep het, en voortspruitend daaruit, die *Periodieke Tabél van Elemente.* Die tipiese, infantiele Sondagskool-tipe gedagte dat God dus lig geskep het "net om beter te kan sien" is sekerlik nie wat die Bybel daarmee bedoel het nie, maar, dat dat daar inderwaarheid, 'n dieper (wetenskaplike) betekenis onderliggend aan die bedoeling agter Génesis 1:3 lê.

Maak nie saak wat ons as mens in staat is om ons te verbeel nie, God kan doen vér bokant dit wat ons in ons wildste drome en verbeelding kan bid, dink of konsepsueel figureer of skilder. Wanneer 'n mens alles nadink oor die ontdekkings in die veld van 'Deeltjie-fisika', waarom sou dit vir God onmoontlik wees om *iets* (bv. eerste 'n leë Skeppings-templaat, toe 'n donker Kosmos gevul met Tyd, Ruimte en Materié, en daarna sterrestelsels, sonnestelsels, planete, mane ens.) uit *niks* te kon skep in ses gewone weeksdae van 24-uur elk?

Selfs vandag is daar wetenskaplikes wat postuleer dat die Kosmos dalk niks meer is nie as 'n reusagtige 'hologram' en dus slegs met die voorkoms en illusie van 'n soliede, fisiese wêreld. Hierdie (fantastiese) eksotiese gedagte van die aard van die Kosmos kan egter bots met die Bybelse leer dat die hemele God se 'troon' is (Jesaja66:1).

Ons sal waarskynlik nooit (hier op aarde) die ware aard en enorme omvang van die Persona van die Skepper en die wonder van die Kosmos verstaan nie, tensy ons eers begin leer om die ware omvang, aard en implikasies van ware 'almag' te verstaan. Omdat ons as uiters beperkte wesens nie die konsep van 'absolute oneindigheid' en 'absolute oneindige mag en intelligensie' (soos wat eie aan die Skepper is) kan begryp nie, het ek 'n eenvoudige wiskundige berekening voorgestel aan die hand waarvan ek die misterié van die 'oneindigheid' eie aan 'almagtige intellek' probeer verduidelik. Byvoorbeeld:

> Veronderstel die leser word gevra om die volgende berekening te doen sonder die gerief van 'n super-rekenaar:
>
> $$\frac{123456789^{987654321} \times 987654321^{123456789}}{987654321^{987654321} \times 123456789^{123456789}}$$
>
> a. <u>LESER</u>. Hoe lank dink u sou dit u neem om die antwoord te bereken?
>
> b. <u>GOD</u>. Ons eerste reaksie sou nou miskien wees om te dink dat, aangesien God almagtig is, Hy die antwoord waarskynlik binne 'n kwessie van sekondes of, selfs nog vinniger, d.i., binne 'n zepto-sekonde, sou kon bereken, maar selfs dit sou 'n onderskatting van die Skepper se vermoëns wees. My idee van 'n 'Oneindige Intellek' sou wees waar dit vir God nie nodig sou wees om die antwoord te bereken nie, maar waar Hy die antwoord eenvoudig intuïtief sou weet, aangesien Hy alles weet wat daar te wete is, net soos wat ons intuïtief weet dat 1+1 = 2; en dit is maar net wat die wiskunde aanbetref.

Dit spreek dus vanself dat ons moet aanvaar dat God die antwoord op elke moontlik wiskunde-som wat ooit gemaak sou kon word (in elke liewe veld van die wetenskap) alreeds intuïtief weet.

2. Hoe Almagtig is God werklik?

2.1 HOE ALMAGTIG IS GOD? Teen hierdie tyd sal sommige lesers dalk al wonder waaroor 'Almag' werklik gaan en oor hoe 'Almagtig' God werklik is. Om dit te kan doen, kies vir uself 'n antwoord uit die vyf moontike opsies hierondee wat u idee van die Almag van God die beste verteenwoordig:

HOE ALMAGTIG IS GOD WERKLIK?

- ☐ Absoluut en Oneindig Almagtig
- ☐ Byna Absoluut en Oneindig Almagtig
- ☐ Baie Almagtig
- ☐ Effens Almagtig
- ☐ Gladnie Almagtig nie.

I.K. Toets: Indien die leser enigiets anders as *Absoluut & Oneindig Almagtig* gekies het, sou dit inkorrek wees. Dit spreek vanself dat God *Absoluut en Oneindig Almagtig* is.

So, indien God dan absoluut en oneindig almagtig is, waarom het ons so dikwels 'n probleem met wat die Bybel ons probeer leer oor die Skepping? In die finale analise wil dit dus voorkom asof die debat nie gaan oor wat *moontlik* gedurende die Skeppingsweek gebeur het nie, maar eerder oor wat *waarskynlik* gebeur het, want by God is alles moontlik.

Indien God, met ander woorde, op Dag6 van die Skeppings-oomblik of binne sekondes of ure 'n volwasse man kon skape met al die attribute, kenmerke en voorkoms van 'n volwasse man, kon Hy dan nie ook 'n Kosmos binne ses gewone weeksdae van 24-uur elk geskape het nie, maar wel met die attribute en voorkoms van 'n goedgevestigede, volwasse Kosmos? Hou in gedagte dat God die Kosmos met die Woorde van Sy mond geskape het, nie vanaf die platform van hierdie Heelal as vertrekpunt nie, maar vanuit die platform van die misterieuse 'hemelse kuberruimte' waar God bestaan nog voordat hierdie Kosmos nog bestaan het. Inderdaad het Hy alles, ook die eerste generasie van alle soorte plante, diere en die mens, as *volwasse prototipes* geskape ... nie as sade, embrios of eiers (in wording) nie. Hoe sou die eerste hoendereier ditself kon uitbroei en boonop in die broodnodige twee geslagte (manlik en vroulik) in?

2.2 DIE BESLUIT OOR 'N SKEPPINGSMODEL. Indien Christene ooit sou wonder of hulle hul saligheid sou verloor indien hulle ooit op n verkeerde Skeppingsmodel sou besluit, kan sulke Christene gerus wees dat ons Hemelse Vader nie so hardvogtig en onsensitief sou wees om u as 'n kind van God te verwerp nie. Ons is nie almal op dieselfde leerkurwe nie en onkunde oor sekere aspekte van Bybelse lering maak ons nie noodwendig goddeloos nie; ons is almal pelgrims op reis na ons Ewige Woning wat dikwels sal struikel en gedurig sal worstel met die Bybel oor die misterieuse dieptes en aard van God. Buitendien het Jesus Christus ons duidelik oor die Hemelse beleid oor Skrif-eksegése ingelig:

> "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."
>
> [Mattheus5:17-19AOV].

3. Geen 'Oer-Aarde' en/of 'Pre-Adamitiese Ras' voor Adam

3.1 DIE MISLEIDING VAN DIE OER-AARDE IDEE. Daar kon nie 'n (sogenaamde) Oer-Aarde gewees het voor die aarde soos ons dit tans ken nie, aangesien hierdie aarde waarop ons tans woon die eerste en enigste aarde is wat ooit bestaan het. Sou hierdie aarde waarop ons tans woon die *tweede aarde* gewees het (m.a.w. om voorsiening te maak vir 'n *Oer-Aarde* voor die huidige aarde) i.p.v. die *eerste aarde,* sou die Nuwe Aarde (Openbaring 21) die *derde aarde* van die geskiedenis gewees het. Die 'geliefde dissipel', Johannes, skryf op die eiland van Patmos die volgende gebaseer op 'n visie van die verre toekoms:

> "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde [2DE AARDE] gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde [huidige, 1STE AARDE] het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie."
>
> [Openbaring21:1AOV].

3.2 'DIE PRE-ADAMITIESE RAS MISLEIDING. Die hele idee van 'n pre-Adamitiese ras van mense wat na bewéring op 'n Ouer-Aarde sou gewoon voor die skepping van Adam is onbybels, en is waarskynlik gefabriseer om die een of ander Darwiniaanse 'oer-geskiedenis' of 'voor-geskiedenis' in die Génesis Skeppingsverhaal in te bou sodat dit deur die Christelike Kerk leerstellig aanvaar kan word. Daar is nie manier waarop so ras voor Adam sou kon bestaan het (en sou gesterf het) met die doel om die fossiele (wat vandag ontdek word) te verklaar nie, aangesien die *dood* as 'n natuurverskynsel eers met of ná die val van Adam ingetree het:

> "Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom."
>
> [Romeine5:14AOV].

Buitendien leer die Bybel dat Adam die eerste mens ooit was, wat dus enige verwysing na die bestaan van 'n sogenaamde (mitológiese tipe) pre-Adamitiese ras onopreg en kwaadwillig maak. Die Bybel leer duidelik dat daar vóór Adam geen mens van enige aard was om die grond te bewerk nie:

> "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word ... So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees."
>
> [1Korinthiërs15:22, 45AOV].

> "Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie."
>
> [Génesis2:4-5AOV].

3.3 ADAM WAS NIE 'N MITE NIE. Vir diegene wat daarop wil aandring dat ons die Skeppingsverhaal met verwysing na Adam metafóries of poëties behoort te vertolk, stel ek dit nou kategóries dat Adam nie 'n 'mite' of 'fabel' uit die ou Joodse tradisies of oorleweringe is nie, en dat hierdie gerug waarskynlik gefabriseer was om op die een of ander onderduimse wyse Darwin se Evolusie Teorie in die Génesis Skeppingsverhaal in te probeer lees. Adam was duidelik 'n ware históriese figuur:

3.3.1 Kultuur-Historiese verwysings na Adam.

"Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem. En die dae van Adam, ná die geboorte van Set, was agt honderd jaar. En hy het seuns en dogters gehad. So was dan al die dae van Adam wat hy geleef het, nege honderd en dertig jaar, en hy het gesterwe."

[Génesis5:3-5AOV].

"Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva."

[1Timotheüs2:13AOV].

"En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het."

[Judas1:14-15AOV].

" ... bly die water staan wat van die bokant afkom: dit het opgerys soos een wal, baie ver weg by die stad Adam wat langs Sartan lê; en die wat afstroom na die See van die Vlakte, die Soutsee, het heeltemal verdwyn; toe het die volk deurgetrek, teenoor Jérigo."

[Josua3:16OAV].

"En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie ... En Jesus antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie gebod geskrywe, maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak. Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."

[Mattheüs19:4; Markus10:5-9AOV].

"

"... die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God."

[Lukas3:38AOV].

3.3.2 Moréle verwysings na Adam.

" ... as ek, soos Adam, my oortredinge bedek het deur my ongeregtigheid in my boesem weg te steek, omdat ek bang was vir die

> groot menigte en die veragting van die geslagte my laat skrik het, sodat ek my stil gehou, die deur nie uitgegaan het nie!"
>
> [Job31:33-34MKJV].

> "Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel."
>
> [Hosea6:7AOV].

> "En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom."
>
> [1Timotheüs2:14AOV].

4. Noag, die Ark en die Vloed

4.1 INLEIDING. Sekere Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes en postmoderniste ('Christen ateïste') sal soms beswaar aanteken nl., dat die verhaal van Noag, die Ark en die Vloed niks meer nie as 'n tradisionele Joodse oorlewering en fabel is (met hul vervelige verwysing na die ou 'Gilgamesh' vloed-mantra) uit die Joodse mitologié, en dat dit gevolglik nie ernstig opgeneem behoort te word nie en dat die verhaal ten beste, soos ander wonderwerke van die Bybel, as 'metafóries' en/of 'poëties' vertolk behoort te word. Die Bybel leer egter inteendeel dat die verhaal van Noag, die Ark en die (wêreldwye) Vloed históries outentiek en korrek is as 'n geskiedkundige gebeurtenis wat werklik gebeur het. Hou in gedagte Jesus se waarskuwing:

> "Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
>
> [Mattheüs24:36-39AOV].

Mens kan nog verstaan dat ateïste spot met die storie oor Noag en dit as 'n fabel wil afskryf, maar dat sogenaamde Christene dit doen gaan mens se verstand te bowe; die skrywers hieronder het bv. gladnie gedink dat die Noag Vloedverhaal 'n legende, fabel of mite is nie:

> "Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie. Want

berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer."

[Jesája54:9-10AOV].

"Al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE ... al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red."

[Esegiël14:14, 20AOV].

"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is."

[Hebreërs11:7AOV].

"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is ... Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het ... ."

[1Petrus3:18-22; 2Petrus2:4-5AOV].

4.2 DIE INTEGRITEIT VAN DIE NUWE TENTAMENTIESE SENDBRIEWE. Om die Apostel Paulus se teologié as históries werkbaar, geldig en geregverdig te behou sal (i) die eerste persoon wat ooit moes geleef het *Adam* (uit Eden) as 'n "lewende siel" moes wees en (ii) *Jesus Christus* noodsaaklik die "last Adam" en Heiland as 'n "lewendgewende gees" moes wees; verwerp dit en en ons verwerp alles dit (die Evangelie) waarvoor Jesus gekom en gesterf het.

> "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens [ADAM] was uit die aarde aards, die tweede mens [JESUS CHRISTUS] is die Here uit die hemel."
>
> [1Korinthiërs15:45-47AOV].

Die geloofwaardigheid van die Génesis Skeppingsverhaal wentel om die geloofwaardigheid van Jesus Christus as die Messias en Seun van God, terwyl die omgekeerde ook wáár is, nl., dat die geloofwaardigheid van Jesus Christus wentel om die geloofwaardigheid van die Génesis Skeppingsverhaal. So, dit wil dus voorkom asof nie veel waarde aan die vervelige mantra, nl., van die idee van die metafóriese of poëties vertolking van die Génesis Skeppingsverhaal (of van die goddelike status van Jesus Christus); dit alles dui op 'n ondeunde begeerte om Darwinisme in die Génesis Skeppingsverhaal in te bou.

Terwyl dit wáár is dat die Boek van Génesis nie spesifiek as 'n wetenskap teksboek geskryf was nie, is dit ook wáár dat die Boek van Génesis nie bloot as 'n poëtiese boek geskryf was nie. Terloops, hoe enigiemand in elk geval kan weet hoe 'n wetenskap teksboek uit die dae van Moses veronderstel was om te gelyk het slaan my dronk. Nietemin bevat die Bybel van die geskiedenis se merkwaardigste letterkunde wat die wêreld nog ooit opgelewer het, en, alhoewel ryk aan poëtiese wysheid, was die Génesis Skeppingsverhaal nie bloot 'n poëtiese verhaal nie.

Die berugte 'Jesus Seminar' beweging in die VSA met sy Siamese tweeling in Suid-Afrika, die 'Nuwe Hervormers', het vir alle praktiese doeleindes die Génesis Skeppingsverhaal, asook die goddelike status van Jesus Christus (wil dit voorkom), ge-emaskuleer deur die teks (ten beste) metafóries en/of poëties te wil vertolk, of, ten slegste, as totaal mitológies as 'n uitgediende Joodse fabel af te skryf. Hulle leer bv. dat Jesus nie uit die dood opgestaan het nie, dat Hy nie vir ons sonde gesterwe het nie en dat Hy nie fisies gaan terugkeer soos Hy belowe het nie. Verder beweer hulle ook dat die rede waarom Hy gearresteer was, nie was omdat Hy daarop aanspraak gemaak het dat Hy die Seun va God is nie, maar omdat Hy 'n openbare oorlas van Homself gemaak het; hoe enige Christen-teolóóg sulke snert kan kwytraak en homself steeds 'n 'Christen' wil noem is waarskynlik die agste wonder van die internasionale ekklesiastiese gemeenskap.

Sulke mense behoort die eerbare ding te doen en die Christelike Kerk te verlaat en by organisasies of instansies soos 'Christian Science', die 'Church of Scientology', die 'Theosophical Society', die 'World Transformation Movement' of selfs die 'Jehovah's Witnesses' aan te sluit ... almal voëls van eenderse vere.

Enige poging om aan ons die idee van die een of ander "primordiale, oer, pre-Adamitiese ras" te verkoop wat veronderstel was om voor die skepping van

(Bybelse) Adam en Eva moes geleef het sou in elk geval nie die probleem van 'Oorspronge' oplos nie, maar slegs die probleem verder regressief uitstel om later weer terug te kom om kultuur-históries en antropológies by ons te kom spook, nes Richard Dawkins (die nuwe "kulturele Christen') nou die verspotte idee preek dat 'n ras van buite-ruimtelike wesens van 'n ander planeet die saad vir lewe waarskynlik hier by ons moes kom plant het.

4.3 TOE KOM 'Y-CHROMOSOMAL ADAM' & 'MITOCHONDRIAL EVE'. 'n Interessante ontwikkeling in die genétiese wetenskap (en ek haal verbaal in Engels aan ter beskerming van die bedoeling van die teks), wat 'n interessante implikasie vir die Génesis Skeppingsverhaal het:

> *"In human genetics, the Y-chromosomal most recent common ancestor (Y-MRCA, informally known as Y-chromosomal Adam) is the patrilineal most recent common ancestor (MRCA) from whom all currently living humans are descended. He is the most recent male from whom all living humans are descended through an unbroken line of their male ancestors. The term Y-MRCA reflects the fact that the Y chromosomes of all currently living human males are directly derived from the Y chromosome of this remote ancestor. The analogous concept of the matrilineal most recent common ancestor is known as "Mitochondrial Eve" (mt-MRCA, named for the matrilineal transmission of mtDNA), the most recent woman from whom all living humans are descended matrilineally. As with "Mitochondrial Eve", the title of "Y-chromosomal Adam" is not permanently fixed to a single individual, but can advance over the course of human history as paternal lineages become extinct."*
>
> [Wikipedia. 'Y-Chromosomal Adam & Mitochondrial Eve.'].

7. 'n Wêreldwye Vloed

7.1 DIE 'PLAASLIKE VLOED' MISLEIDING. Die gewilde idee onder die skeptici, nl. dat die Vloed van Noag se dae slegs 'n plaaslike vloed was, hou gladnie water nie. God het, sal u onthou, belowe dat vloedwaters soos daardie, d.w.s., op die skaal van die Noag-vloed, nooit weer die aarde sou oorspoel nie, terwyl, vloedwaters van alle soorte die aarde al dikwels plek-plek 'plaaslik' oorstroom het (en steeds dikwels oorstroom). Indien die Vloed van Noag dus bloot 'n 'plaaslike vloed' was, sou dit mos van God 'n onbeskaamde leuenaar maak ... waarvoor het Hy dan die reënboog-verbond geskep? Wêreldwyd getuig

fossiele in sediment steeds van die historisiteit en geldigheid van die Bybelse verhaal van die Vloed toe mense, diere en plante op oorval is deur reën en water uit skeure in die aarde en modder, waarna palaeontoloë vandag verwys as die 'Fossiel Rekord'.

7.2 DIE BYBELSE VLOED SOOS BEVESTIG DEUR DIE FOSSIEL REKORD. Indien die Vloed van Noag geskiedkundig werklik plaasgevind het sou mens kon verwag om tekens daarvan in die Fossiel Rekord te bespeur en waar bevestigende getuienis gevind kon word. Dit was dan ook werklik so bevind, nl.:

- dat diere wat op die laagste vlakke gelewe het, gedurende die Bybelse Vloed in die laagste strata van die sediment begrawe is;

- dat diere vanuit dieselfde ekológiese gemeenskap saam begrawe is gedurende die Bybelse Vloed;

- dat diere met die eenvoudigste vorms eerste gedurende die Bybelse Vloed begrawe is aangesien hidrológiese kragte diere, waarvan die vorms ooreengekom het, saam sou gesorteer het;

- dat ongewerwelde seediere in die laagste strata gevind sou word aangesien dit is waar hulle gedurende die Bybelse Vloed sou geleef het;

- dat visse hoër op in strata gevind sou word aangesien hulle na hoër vlakke toe sou ontsnap het gedurende die Bybelse Vloed;

- dat die eerste landplante gevind sou word waar die eerste amfibieë gevind was;

- dat amfibieë en reptiele hoër op as visse gevind sou word, maar laer as of onder landdiere, en dat min landplante en landdiere in die laer strata van die Bybelse Vloed gevind sou word;

- dat diere en voëls oor die algemeen in hoër vlakke as reptiele en amfibieë gevind sou word as gevolg van die Bybelse Vloed;

- dat tropdiere (wat gedurende die Bybelse Vloed saam kon onstsnap het) ook saam in strata gevind sou geword het;

- date baie min voëls in strata gevind sou word aangesien hulle na hoër vlakke sou kon ontsnap gedurende die Bybelse Vloed;

- dat swaarder, sterker diere afsonderlik van swakker, kleiner diere gesorteer sou geword het gedurende die Bybelse Vloed;

- dat baie min mense in strata gevind sou word aangesien hulle meer vindingryke maniere sou gevind het om te ontsnap van die Byblese Vloed.

[Ferrell, Vance BA MA BD [2019] *EvolutionFacts.com: Science vs. Evolution.* Aanlyn]).

Dit wil dus voorkom asof die wêreldwye verskynsel van *fossiele-in-sediment* meer rasioneel deur die Bybelse Vloed van Noag verklaar word as deur sogenaamde 'Evolusie'.

Verwysings

1. Chambers, Oswald (1935, 1963, 1992) *My Utmost for His Highest.* Christian Art Publishers. R.SA.
2. Ferrell, Vance BA MA BD (2019) *EvolutionFacts.com: Science vs. Evolution.* Aanlyn. Amazon.com.
3. Wikipedia. *Y-Chromosomal Adam.* Online 2024. https://en.wikipedia.org/wiki/Y-chromosomal_Adam. Aanlyn.

"Laat die houding van jou lewe wees 'n gedurige gewilligheid om 'uit te gaan' in afhanklikheid van God, en jou lewe sal 'n heilige en onuitspreeklike sjarme uitstraal wat baie bevredigend vir Jesus sal wees."

(Oswald Chambers,
1874-1917)

Hoofstuk 3

WAAROM WETENSKAPLIKES NET 5% WEET VAN WAT IN DIE KOSMOS AANGAAN

Verwag groot dinge van God, en groot dinge sal jy kry

(George Müller,
1805-1898)

Maak enige ensiklopedié of wetenskap teksboek oop en die uitslag is dieselfde: Wetenskaplikes weet slegs (ongeveer) 5% van dit wat in die Kosmos aangaan, met die res (95%) wat beskrywe word as, "Onnaspeurbare donker materié en donker energié." Ander beskrywe die onbekende 95% weer as, "'n Totale misterié!" Waarom? In hierdie, sekerlik die mees geleerde en opgevoede generasie in die geskiedenis ... waarom?

1. Redes waarom Wetenskaplikes slegs ongeveer 5% weet van dit wat in die Kosmos aangaan

1.1 INLEIDING. Terwyl ons die menige wetenskaplikes wat God vrees, Christus respekteer en die Heilige Skrif koester (en tóg ook loopbaan-sukses in hul besondere veld van spesialisasie geniet) in gedagte hou in weerwil van die toksiese gees van Ateïsme wat oor die wetenskap wêreld hang, bied ek nietemin hieronder 'n klompie redes aan waarom ek glo dat (veral ateïstiese) wetenskaplikes oor die algemeen net ongeveer 5% weet van dit wat in die Kosmos aangaan:

1.1.1 **Hulle vrees God nie.** Die Bybel leer dat die mens, wat sê dat daar nie ‘n God is nie, ‘n “dwaas” is:

> “Vir die musiekleier. ‘n Psalm van Dawid. Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie ... Vir die musiekleier; op die wysie van: "Máhalat." ‘n Onderwysing van Dawid. Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie! Hulle het sleg gehandel en hul onreg afskuwelik gemaak; daar is niemand wat goed doen nie”
>
> [Psalm14:1; 53:1-2AOV].

1.1.2 HULLE EER NIE VIR JESUS CHRISTUS NIE. Hulle eer nie vir Jesus Christus as God die Vader se de facto Argitek en Projek-Ingenieur van die Kosmos nie (m.a.w., Jesus Christus, wie die Kosmos gemaak het en dit steeds in stand hou deur die mag van Sy woord).

> “Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy ‘n voortrefliker naam geërf het as hulle.”
>
> [Hebreërs1:1-4AOV].

Die Bybel leer dat God die Vader diégene sal eer wat Sy Seun, Jesus Christus, eer.

> “Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie ... Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is .... En Jesus sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek. En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is ... Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik — soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.”

[Johannes5:21-23 & 26-27; 8:28-29; 17:1AOV].

1.1.3 HULLE KOESTER NIE DIE HEILIGE SKRIF NIE. Omdat hulle God nie vrees nie, ontbreek dit hulle aan die vereiste kennis en wysheid (wat slegs moontlik is deur die vrees vir God) om veel méér en ook méér merkwaardige deurbrake in die wetenskap te geniet, d.w.s., bo en behalwe dit wat God alreeds in Sy barmhartigheid in elk geval genadiglik toelaat.

> "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
>
> [Spreuke1:7AOV].

> "Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
>
> [Job28:28AOV].

1.1.4 HULLE BID NIE. Sekere ateïste sal hulle soms ure, weke en selfs jare lank besig hou met die studie, waarneming en dekodéring van die liggaamstaal, gebare en kommunikasie-geluide wat gorillas en sjimpansees maak, maar sal nie 'n enkele minuut afsonder om God, die Skepper wat gorillas en sjimpansees gemaak het, se wyse raad in die verband in gebed te vra nie. Die Bybel leer dat God 'n beloner is van diegene wat glo dat Hy 'IS' (bestaan) en Hom ywerig soek; verder het Jesus Christus gereeld Sy volgelinge aangeraai om altyd te bid en nooit moedeloos te word nie. Trouens glo ek vas dat ateïste God sal vind sodra hulle Hom ywerig begin soek, aangesien dit alreeds genoegsame bewys sal wees van 'n opregte begeerte om te glo dat God 'IS'.

> "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
>
> [Hebreërs11:6AOV].

> "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie ... "
>
> [Lukas18:1AOV].

1.1.5 HULLE HET WYS GEWORD IN HUL EIE OË. Die Bybel leer:

> "Omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle

voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword."

[Romeine1:21-22AOV].

2. Die Wetenskap se Doodloopstraat

Dit wil dus voorkom asof ateïste, d.w.s., veral diegene wat wetenskaplikes is, nie hul enorme moontlike persoonlike potensiaal kan uitleef en bereik nie omdat hulle nie oor die wysheid daarvoor beskik nie; en, dat hulle nie die wysheid daarvoor het nie omdat hulle God nie vrees nie. Gevolglik, omdat hulle God nie vrees nie, het hulle nie wysheid nie en so beland hulle in die frustrérende bose sirkel van onbeantwoorde ontdekking, sovéél so dat die Bybel dit duidelik stel dat, terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, hulle inderwaarheid "dwaas" geword het.

Neem die voorbeeld van die Evolusie Leer; waarom sal enige redelike, hoogs-gekwalifiseerde (akadémiese) mens by sy volle positiewe sy hele loopbaan, lewe en toekoms waag op 'n teorié (Darwinisme) waarvan die inligting wat ter bewyse van die dissipline (d.w.s., kosmológies, geológies, biológies) hoofsaaklik *onfalsifiseerbare* inligting is, en dit boonop teen die agtergrond van die feit dat wetenskaplikes (Darwinisme ingesluit) in elk geval ruiterlik erken dat hulle slegs 5% weet van dit wat in die Kosmos aangaan? Watter soort van kennis en bruikbare inligting word moontlik steeds verberg in die 95% waarvan hulle nog niks weet nie?

Verwysings

1. Muller, George (2000) *Release the Power of Prayer.* Whitaker House, New Kensington, PA 15068, USA.

Die groot probleem met die kinders van God is dat hulle nie aanhou met bid nie, d.i., dat hulle nie daarmee volhou nie. Indien hulle iets verlang ter ere van God, moet hulle aanhou bid totdat hulle dit verkry

(George Muller,
1805-1898).

Hoofstuk 4

BELANGRIKSTE BESWARE TEEN DIE DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSMODEL

Dit is verkeerd en dwaas om grense op die genade van God te wil lê.
Hy wat die geroep van die jong kraaie vir kos hoor, hoor ook die
smartlike geroep van beswaarde mense wie sekerlik
in Sy oë méér werd is as baie mossies

(John R. Rice,
1895-1980)

Besware teen die Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel mag die volgende onder andere insluit:

1. Christene word aangeraai om die Geloof van ‘n Kind te kweek

Christene word gleer om geloof soos dié van ‘n kind the ontwikkel en die bona fides en woorde van Christus kinderlik te ontvang.

> “Toe roep Jesus ‘n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.”
>
> [Mattheüs18:2-4AOV].

1.2 DIE DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSMODEL KOM VOOR AS ONOPREG. ‘Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes is, in beginsel, gewillig om toe te gee dat God, tegnies gesproke, die Kosmos oor die

13.8 miljard jaar kon geskep het (d.w.s., mits die diabóliese Evolusie-proses nie as bewyse daarvoor aangegee word nie) vir die eenvoudige rede dat God almagtig is en Hy, tegnies gesproke, enigiets kan doen. Ons wil nie beweer dat dit vir Hom onmoontlik sou wees om soiets te kon doen nie, aangesien dit die almag van God sou negéér; waarop ons wel aandring is dat dit onnodig vir Hom sou gewees het om daardie weg te volg en dat die sogenaamde 'Darwinisme', as die proses wat kwansuis gebruik sou gewees het daarvoor, in wese totaal in stryd is met die karakter, waardes en etos van God.

Dit wil egter voorkom asof die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes nie dieselfde hoflikheid aan Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes wil bewys deur toe te gee dat God die Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk)ongeveer 6 000 jaar gelede) kon geskape het nie; trouens beskou die meeste van hulle die hele idee as belaglik. So, waarom hierdie vreemde, nie-akkomoderende, ideológiese onbuigsaamheid? Sekerlik sou 'n Skepping in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede), anders as 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping, nie in stryd wees met die karakter, waardes en etos van God nie?

Moet ons dus, met ander woorde, aanvaar dat die *Goddelike Almag* wat deur die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes aan God toegedig word, 'n 'groter Almag' is as die Goddelike Almag wat deur die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes aan God toegedig word? Het ons werklik hier twee verskillende definisies vir die woord en konsep 'Goddelike Almag', ten spyte van die feit dat, filosófies en teológies gesproke, die woord 'Goddelike Almag' veronderstel is om presies dit te beteken wat daarmee bedoel word?

1.3 DIE DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSMODEL WORD GESIEN AS TWYFEL IN DIE GESAG, MAG, TALENT EN VEELSYDIGHEID VAN GOD.

1.3.1 **Inleiding.** Dit wil voorkom asof die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes God wil plaas in 'n 'ruimte' waar Hy deur Sy eie (self-gepatenteerde, self-vervaardigde) Natuurwette en Fisika van die Kosmos gyselaar gehou word, anders as die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes wat God duidelik transendentaal plaas in 'n 'ruimte' buite die bekende Kosmos soos ons dit ervaar en vanwaar Hy waarskynlik die Kosmos oorspronklik geskape het. Mens kry onwillekeurig die indruk dat ongelowiges, veral die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes, hulle nie 'n Skepper kan voorstel wat buite die bestek en beperkinge van Tyd, Ruimte en Materié bestaan, leef en fungeer nie.

Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes relegeer God m.a.w. ideológies na 'n posisie ondergeskik aan die *tyd-ruimte-materié kontinuum* van die Kosmos, terwyl die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes God

ideológies relegeer na 'n transfinitiewe, metafisiese ruimte buite die bekende Kosmos, waarskynlik bekend as die 'Paradys', vanwaar God steeds ter enigertyd enigiets uit die 'niks' kan roep asof dit bestaan, net wanneer en hoe Hy wil. Die Bybel leer:

> " ... soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan."
>
> [Romeine4:17bAOV].

1.3.2 **Jesus Christus heers oor die Fisika.** Hou in gedagte dat Jesus die Wette van die Fisika heeltemal gesystap het toe Hy water in wyn verander het en die brode en vissies vermeerder het om duisende te voed, dus 'n verbreking van die *Wet op die Behoud van Massa* (Fisika) wat lei tot die vraag: Glo die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes werklik nog in die wonderwerke van die Bybel en veral in die wonderwerke van Jesus Christus, of skaar hulle hul deesdae by die postmoderniste ('Jesus Seminar', 'Nuwe Hervormers' en 'Progressiewe Christendom') se standpunt dat die wonderwerke van die Bybel (en van Jesus) metafóries of poëties as fabels uit die Joodse mitologié vertolk moet word? Het Jesus Christus, met ander woorde, fisies en letterlik die water in wyn verander en die brode en vissies vermeerder of nie?

1.4 DIE WET OP DIE BEHOUD VAN MASSA. Hierdie *Wet op die Behoud van Massa,* lees soos volg:

> *"In fisika en chemié stel die Wet op die Behoud van Massa of die beginsel van die behoud van massa dat, vir enige sisteem geslote vir alle oordrag van materié en energié, die massa van die sisteem konstant oor tyd heen sal bly, aangesien die sisteem se massa nie kan verander nie sodat die hoeveelheid massa dus nie vermeerder of verminder kan word nie. Daarom word die hoeveelheid massa oor tyd heen behou."*
>
> [Wikipedia].

Die punt is dat daar net sóveel massa in die Heelal, 'n geslote sisteem, is en, as 'n geïsoleerde sisteem, ekstra massa nie bygevoeg kan word, of enige massa uit die huidige hoeveelheid verwyder kan word nie. Massa kan van vorm verander (bv., na energié) maar dit kan nie addisioneel geskep word of vernietig word nie, wat mens laat wonder hoe dit in die eerste plek sy verskyning in die Kosmos gemaak het. Die Bybel leer:

> "In die begin [TYD] het God die hemel [RUIMTE] en die aarde [MATERIÉ] geskape."
>
> [Génesis1:1AOV].

In die Christendom, en spesifiek in die Evangelies van Mattheüs en Markus [Mattheüs14:17-21; 15:32-38; Markus6:38-44] word vertel hoe Jesus van Nasaret, die Christus (die Gesalfde) die brode en vissies eksponensieel vermeerder het om letterlik duisende te voed by 'n byeenkoms waar Jesus die spreker was.

Die probleem hiermee is dat die wetenskap leer dat dit, in terme van die wet op die behoud van massa, onmoontlik vir Jesus Christus moes gewees het om dit te kon regkry, en dat die feit dat Hy dit kon doen, Hy dus daartydens die *Wet op die Behoud van Massa* suksesvol moes gesystap het, m.a.w, dat Hy suksesvol massa tot die bestaande hoeveelheid van massa in die Kosmos moes toegevoeg het, alhoewel nie noodwendig uit 'niks' nie, maar waarskynlik uit die bestaande brode en vissies in Sy hande.

Ons kom dus hier te staan voor 'n intellektuele 'Rubikon' waar hierdie wonderwerke van Christus slegs as metafóries en poëties (d.w.s., as Joodse fabels) vertolk sal moet word, óf as fisies en letterlik eg en outentiek aanvaar moet word. Baie uit die Christendom is blykbaar traag of onwillig om hierdie 'Rubikon' te kruis en het alreeds langs die pad van ongeloof geval, wat tot sulke hebriede gelowe soos die 'Progressiewe Christendom', die 'Christelike Ateïsme', die 'Jesus Seminaar' (VSA) en die 'Nuwer Hervormers' (RSA) aanleiding gegee het.

'n Interessante ontwikkeling is waar sekere wetenskaplikes postuleer dat dat selfs in 'n geïsoleerde, afgeslote sisteem soos die Kosmos, daar buite die Kosmos misterieuse 'omgewings' mag bestaan vanwaar massa ingevoer kan word oor die grense van die afgeslote Kosmos heen. Menslik gesproke verklaar dit dalk wat Jesus gedoen het toe Hy die water in wyn verander het en die brode en vissies (by meer as een geleentheid) vermeerder het. Tot tyd en wyl dit fisies bewys word, bly dit egter voorlopig niks meer as spekulasie.

Hou in gedagte dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes, net soos in die postmodernisme, hul saak wil bou op die mistieke elemente van die Génesis Skeppingsverslag en die situasionele relativisme van 'n chronológiese tydlyn van 'n antieke, prehistóriese 'Geológiese Tydskaal' van miljoene-jare oue strata in 'n primordiale aarde waar 'n mitológiese ras van pre-Adamitiese mense lank vóór Adam en Eva kwansuis moes geleef het.

Jesus Christus het egter hierdie benadering tot die kultuur- en natuur-geskiedenis verwerp en die Génesis Skeppingsverslag, soos dit vandag lees, onomwonde bevestig deur die bestaan van Adam en Eva as die eerste mense ooit, sowel as die historisiteit van Noag, die ark en die sondvloed, te herbevestig. Die Bybel leer:

> "En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan beveel om 'n skeibrief te gee en van haar te skei? Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie. Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk."
>
> [Mattheüs19:4-9AOV].

> "Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."
>
> [Mattheüs24:36-39AOV].

1.5 DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSGESINDES ONTKEN ADAM AS DIE EERSTE MENS OOIT. Soos alreeds genoem leer die Bybel duidelik dat Adam die eerste mens ooit was en dat daar, vóór hom, geen mens was om die grond te bewerk nie.

> "Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig."
>
> [Génesis2:4-6AOV].

Dit sou net moedswillig en sinistêr (en tipies van die postmoderne afvalliges) van enige Darwiniaanse (Ou Aarde) gelowige wees om 'n spesiale ras van 'pre-Adamitiese' mense, wat kwansuis vóór Adam moes geleef het, in hierdie gedeelte van die Skrif te wil inlees, en dan op grond daarvan, d.w.s., op grond van 'n wilde teorié uit die lug gegryp, Adam as die eerste mens ooit as 'n mite áf te wil skryf. Die woorde van die tydbeproefde Bybel kry voorkeur bo die woorde van moderne, kom-en-gaan afvalliges:

> "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam [JESUS CHRISTUS] 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens [ADAM] was uit die aarde aards, die tweede mens [JESUS CHRISTUS] is die Here uit die hemel. Soos die aardse mens [ADAM] was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens [JESUS CHRISTUS] is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse [ADAM] gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse [JESUS CHRISTUS] dra."
>
> [1Korinthiërs15:45-49AOV].

1.6 DIE DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSMODEL DAAG DIE GELDIGHEID VAN DIE BOEK VAN OPENBARING. Die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes maak 'n bespotting van die belofte van 'n Nuwe Hemel, 'n Nuwe Aarde en 'n Nuwe Jerusalem.

> "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."
>
> [Openbaring21:1-7AOV].

Verbeel jou dat Christene ook 'n verdere '13.8 miljard jaar' moet wag vir die Nuwe Hemel om geskep te word? Hou in gedagte dat Jesus Chrisus nog net ongeveer 2 000 jaar besig is 'n plek in Sy Vader se *Huis van Baie Wonings* vir Sy volgelinge vóór te berei (Johannes 14:1-3); so, in hierdie skokkende scenario sal Christene nog miljarde jare moet wag vir die Nuwe Hemel om te realiseer

Die leser het tog duidelik gesien dat Jesus Christus die Wette van die Natuur (Fisika) met gemak gesystap het terwyl Hy op aarde soveel wonderwerke (alles teen die bekende Natuurwette heen) gedoen het, so waarom Hy dan so lank moet werk aan die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde gaan my verstand te bowe.

2. Betekenis, Sekerheid en Absolute Waarheid

Die kwessie van die postmodernis, sekulêre humanis of ateïs se standpunt dat daar nie soiets soos 'Absolute Waarheid' ('n sinoniem vir 'n 'Absolute God') bestaan nie en dat die Kosmos gefundeer is op waardes soos *Morele Relativisme* en *Situasionele Etiek,* is waarskynlik al in etlike boeke en akadémiese joernale deur etlike kundiges op die gebied gedek. Nietemin volg hier 'n klompie gedagtes oor die onderwerp, vir wat dit werd is:

- Sou die postmodernis ooit as korrek bewys word, dan sou daar werklik nie soiets bestaan het as 'Absolute Waarheid' nie. Maar, as 'Absolute Waarheid' nie bestaan nie, dan sou dit beteken dat die postmodernis self nie die absolute waarheid praat wanneer hy sê dat daar nie soiets soos absolute waarheid bestaan nie, en, indien hy nie die absolute waarheid praat nie, sou dit gevolglik beteken dit dat dat hy lieg (m.a.w., dat hy nie die absolute waarheid praat nie) en dat daar, in die finale analise, tog soiets soos 'Absolute Waarheid', nl. so iemand soos God (die toonbeeld van Absolute Waarheid) bestaan.

- Ironies dat die postmodernis, sekulêre humanis of ateïs gladnie in soiets soos 'Absolute Waarheid' glo nie, behalwe vir die absolute waarheid van die postmodernisme, sekulêre humanisme of ateïsme, 'n saak wat hy of sy met 'n ongeëwenaarde godsdienstige fanatisisme sal verdedig. Die Bybel leer egter:

> "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."
> [Johannes14:6AOV].

2.1 BESTAAN DAAR SOIETS SOOS 'BETEKENIS'? Die Bybel is ryk aan leringe en argumente wat bevestig dat die Kosmos oor 'Betekenis' beskik soos ingebed in die *Morale Wet (Tien Gebooie)* van God aan Moses en in die *Goeie Nuus* van Jesus Christus se *Evangelie-boodskap.* Indien dit nie bestaan het nie sou ons waarskynlik nie in staat gewees het om dit te weet nie, of selfs om daaroor te filosoféér of te debattéér nie. Trouens sou daar dalk nie eers so woord in woordeboeke bestaan het nie. Waar sal ons buitendien ooit meer 'Betekenis' vind as juis in die beloftes van die Bybel?

> "En soos ons die beeld van die aardse [as biológiese nageslag van ADAM] gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse [as geestelike nageslag van JESUS CHRISTUS] dra."
> [1Korinthiërs15:49AOV].

2.2 BESTAAN DAAR SOIETS SOOS 'SEKERHEID'? Die Apostel Johannes skryf:

> "En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo ... Hierdie woord het toe onder die broeders uitgegaan dat daardie dissipel nie sou sterwe nie; en Jesus het nie vir hom gesê dat hy nie sou sterwe nie, maar: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is. En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen."
>
> [Johannes19:35; 21:23-25AOV].

Die psalmis skryf:

> "Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal."
>
> [Psalm12:7AOV].

Jesus Christus leer:

> "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."
>
> [Mattheüs24:35; Markus13:31; Lukas31:33AOV].

3. Die Lewe gaan oor KEUSES

Die lewe gaan hoofsaaklik oor 'n keuse tussen die tydbeproefde Bybelse waarheid van Judeo-Christelike waardes en die waardes van die Ateïsme en die Sekulêre Humanisme, met allerhande interessante, tog misleidende 'ismes', tussen in. Die Bybel leer d.m.v. die voorbeeld van die kinders van Israel:

> "Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies

> teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag."
> [Deuteronómium30:15-19AOV].

4. Lig vs. Duisternis

Evangeliese Christene verwerp die moréle relativisme en situasionéle etiek van die Sekulêre Humanisme met die minagting wat dit verdien, aangesien daar tóg 'n Goud-Standaard, bekend as die Woord van God, bestaan, gefundeer op die Noord-Ster of Moréle Kompas van die Gebooie, Sentimente, Waardes, Beloftes en Voorsienigheid van God soos dit deur die eeue heen ge-artikuleer was deur Moses en die profete, geloofshelde van die Bybel en Jesus Christus en Sy volgelinge; en, selfs deur die martelare van die eeue. Die lewe is 'n keuse tussen LEWE (LIG, die GOEIE) en die DOOD (DUISTERNIS, BOOSHEID). Ons mag miskien nie altyd in staat wees om ons omgewing of omstandighede te beheer nie, maar, mits ons helder van verstand is (en nie ernstig siek of verstandelik gestremd nie, ens.) bly ons as vrye morele agente aanspreeklik vir ons moréle keuses.

5. Die Wonder van Lig

Lig verlig, fassineer en helder op. Selfs die Bybel beskrywe God se glorie in terme van lig:

> "Loof die HERE, o my siel! HERE my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed — wat Uself omhul met die lig soos met 'n kleed, wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek; wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel, wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars."
> [Psalm104:1-4AOV].

> "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie."
> [Jakobus1:17AOV].

> "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."
> [Psalm119:105A0V].

> "En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."
> [Johannes8:12bAOV].

6. Fototáksiese Insekte: Positief vs. Negatief

Definisie (my parafrase):

> *"Fototáksis is die rangskikking van insekte in terme van reaksie waar lig die aanduidende faktor is, d.i., die wetenskap wat verklaar hoe skepsels (soos bv. insekte) met beweging op lig reageer."*
>
> [Merriam-Webster.com Dictionary].

Insekte word verdeel in 'positief fototáksies' en 'negatief fototáksies' aangesien insekte lig gebruik om mee te navigeer, bv., by die lig van die maan, en kunsmatige lig lok insekte gewoonlik om te navigeer ('n fout wat hul lewe kan kos) en mislei hulle om dit gevolglik met 'n voedselbron te verwar. Positief-fototáksiese insekte word aangetrek deur lig, terwyl negtatief-fototáksiese insekte deur lig afgestoot word en die donkerte verkies.

7. Jesus Christus: Die Lig van die Wêreld

Jesus het die stryd om mens se hart beskryf as 'n keuse tussen LIG en DUISTERNIS.

> "En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
>
> [Johannes3:19-21AOV].

8. Christene en Lig

Christene, wil dit voorkom, is (geestelik gesproke) positief-fototáksies m.b.t. die lig van Christus aangesien hulle soos die spreekwoordelike mot na Hom en Sy vlam (lig) van die Evangelie aangetrek word.

> "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig."
>
> [1Petrus2:9AOV].

9. Ongelowiges en Duisternis

Volgens die Bybel is die goddelose (spreekwoordelik) negatief fototáksies en word afgeskrik deur die Lig van die Evangelie.

> "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus ... Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid. Wees dan nie hulle deelgenote nie. Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig. Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid. En beproef wat die Here welbehaaglik is; en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer."
>
> [2Korinthiërs4:6; 6:14; Efesiërs5:6-11AOV].

Goeie wetenskaplikes sal waarskynlik almal saamstem dat daar 'n groot verskil is tussen LIG en DUISTERNIS: Die spoed van lig in 'n vakuum is 300 000 kilometers per sek/180 000 myl per sek., maar (ii) die spoed van duisternis is altyd ZERO.

Verwysings

1. Rice, John R. (1942, 1970) *Prayer: Asking and Receiving.* Sword of the Lord Publishers. Tennessee, USA.

Wat God vir jou wil gee is presies dit wat jy sou wou gehad het indien jy genoeg geweet het om dit te wil hê

(John R. Rice,
1895-1980)

Hoofstuk 5

DIE SPOOK VAN CHRISTEN-ATEÏSME

Die Ou Testament is ryk aan profétiese paradokse met betrekking tot Christus en sou as geheimenisse bly voortleef het indien Christus nooit in die vlees verskyn het nie

(Herbert Lockyear,
1886-1984)

Christen-Ateïsme word, nes die 'Progressiewe Christendom', soos volg gedefinieer (my parafrase):

> *"Christen-Ateïsme is 'n vorm van kulturele Christendom en 'n stelsel van etiek wat sy geloofspraktyke aflei van die lewe van Jesus Christus soos aangeteken in die Nuwe Testamentiese Evangelies en ander bronne, terwyl dit die bonatuurlike aansprake daarvan verwerp."*
>
> [Wikipedia. *Christian Atheism*].

In die hedendaagse Kerk en godsdienstige wêreld sal modes en giere waarskynlik steeds kom en gaan, net soos die Grieke uit die dae van Paulus altyd gehunker het na "iets nuuts"; so, mens is nie noodwendig buitengewoon verras nie, d.i., om te sien dat daar mense rondloop met hierdie bisarre (onbybelse) benadering tot die Christendom.

1. Die Humor van Charles Spurgeon

Charles Spurgeon het eenmaal hierdie kostelike opmerking gemaak, nl., dat hy so dankbaar was dat godsdienstige modes en giere in die Christendom en die Kerk geneig is om hul opwagting genadiglik ongereeld en in paaiemente te maak en nie alles gelyktydig nie, waarskynlik danksy die Voorsienigheid van God om te verhoed dat Christene dalk sou sterf van verbasing!

Nietemin, die verskyning van hierdie gier van 'Christen-Ateïsme' verklaar die redes vir die probleme wat ons deesdae moet trotseer met sekere teoloë in Suid-Afrika wat hul die postmoderne 'Jesus Seminar' beweging geskaar het (by die naam 'Nuwe Hervormers') en selfs begin pryse wen het (komplimente van die 'SA Sekulêre Vereniging', Suid-Afrika se eie 'Ateïste Klub') en wel vir (wat hulle noem) "progressiewe denke" (!), iets wat onder Evangeliese Christene bekend staan as afvalligheid of kettery.

2. Die tragédie van die 'louwarm Christen', 'n 'ander Jesus', 'n 'ander Gees' en 'n 'ander Evangelie'

Ek is geneig om baie meer respek te toon vir ernstige ateïste wat geloof in God verwerp as vir postmoderne, Christen ateïste uit die 'Progressiewe Christendom' aangesien mens ten minste weet waar jy met ware ateïste staan. Maar, wat die "Christen ateïste" ("progressiewe Christene") aanbetref: Met hulle nuwe godsdiens-mode van 'n 'ander Jesus', 'n 'ander gees' en 'n 'ander Evangelie', is hulle besig om te flankeer met die pseudo-teológiese modderwater van modieuse (maar steeds dodelike) filosófiese roekeloosheid. Die Bybel leer:

> "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."
>
> [Openbaring3:15-16AOV].

> "Ag, as julle my net 'n bietjie in my dwaasheid wou verdra! Verdra my tog maar! Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."
>
> [2Korinthiërs11:1-4AOV].

3. Die Ramp van Filosófiese Roekeloosheid

Hier is die probleem: Waarom sou enige normale persoon by sy volle positiewe en met 'n gemiddelde akadémiese agtergrond (wat nog iemand met doktorale en post-doktorale kwalifikasies van 'n vooraanstaande universiteit) iemand as sy geestelike leier of moréél-etiese rolmodel (soos bv., Jesus van Nasaret) wat:

(i) gereeld en knaend sou gelieg het oor sy (sogenaamde) 'goddelike status' en herkoms;

(ii) al sy (sogenaamde) wonderwerke (waarskynlik oëverblindery, kulkunsies of, ten beste, psigosomátiese genesing) op 'n onopregte, oneerlike wyse sou gefabriseer het; en

(iii) die publiek en volk van sy dag so suksesvol sou bedrieg het met valse aansprake oor homself soos wat Jesus Christus gedoen het?

Daar is iets sinistêr omtrent die 'Christen-Ateïsme'en die 'Progressiewe Christendom' wat eenvoudig net nie sin maak nie. Die Bybel leer dat ons moet waak en bid, ook teen hierdie tipe afvalligheid:

> "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak."
>
> [Markus14:38AOV].

Verwysings

1. Lockyear, Herbert (1973) *All the Messianic Prophecies of the Bible.* Zondervan Publishing House. Grand Rapids, Michigan, USA.

Hoe méér ons streef om in harmonie met die inwonende Christus te leef, hoe méér sal ons die wonder van die profétiese Christus verstaan. Goddelike openbaring is onafskeidbaar verwant aan gehoorsaamheid, die bron van geestelike openbaring

(Herbert Lockyear,
1886-1984)

Hoofstuk 6

HOE GELOOFWAARDIG DIE OPSTANDINGSVERHAAL?

Swak leiers is geneig om wreed te wees

(GEORGE SAVILLE
Lord Halifax,
1633-1695)

Meeste studente van die studieveld van die 'Eskatologié' (die studie van die 'Eindtyd' as voorloper van die Wederkoms van Jesus Christus) glo dat ons in die era leef wat Jesus Christus sal sien kom soos Hy beloof het, ongeveer twee millenniums gelede.

1. Eskatologié

1.1 DIE UITSPRAAK VAN DIE GESKIEDENIS. Ten einde die merkwaardige ontwikkelings van ons tyd te beklemtoon het die voormalige ateïs, Lee Strobel, in sy boek, *The Case for Christ,* 'n lys gemaak verteenwoordigend van die 'uitspraak van die Geskiedenis' met betrekking tot die profesiëe van Jesus van Násaret (die 'Christus' of 'Gesalfde') met betrekking tot daardie tekens wat as voorlopers tot die Wederkoms sal manifesteer, gepaard met kritiese vrae soos volg:

1.1.1 "Kan die biografiëe van Jesus vertrou word? [JA!]

1.1.2 "Sal die biografiëe van Jesus die toets van ondersoeke slaag? [JA!]

1.1.3 "Was Jesus se biografiëe op 'n betroubare wyse vir ons oor tyd heen bewaar? [JA!]

1.1.4 "Bestaan daar geloofwaardige getuienis vir Jesus buite die bestek van Sy biografiëe? [JA!]

1.1.5 “Bevestig die argeologié Jesus se biografiëe? [JA!]

1.1.6 “Is die Jesus van die Bybelse geskiedenis die Jesus van ons geloof? [JA!]

1.1.7 “Was Jesus waarlik oortuig dat Hy die Seun van God was? [JA!]

1.1.8 “Was Jesus by Sy volle verstand toe Hy aanspraak daarop gemaak het om die Seun van God te wees? [JA!]

1.1.9 “Het Jesus oor die attribute van God beskik? [JA!]

1.1.10 “Het Jesus (en Jesus alleen) die geprofeteerde Messias se identiteit gepas? [JA!]

1.1.11 “Was die dood en opstanding van Jesus ‘n werklike feit van die geskiedenis? [JA!]

1.1.12 “Was Jesus se liggaam werklik afwesig uit Sy tuingraf? [JA!]

1.1.13 “Was Jesus lewendig gesien na Sy dood aan die kruis? [JA!]

1.1.14 “Bestaan daar ondersteunende feite wat heenwys na die opstanding van Jesus [JA!]

1.1.15 “Was ie versameling van getuienis (aangaande die opstanding) werklik deeglik? [JA!].

2. Was die Karakter/Persona van Jesus Christus Vervals?

2.1 OM ‘N JESUS TE VERVALS. Op die beskuldiging dat die karakter en persona van die históriese Jesus Christus vervals was en dat Hy “te goed was om wáár te wees”, het een teológ eenmaal na bewering gereageer met, “Net ‘n Jesus Christus sou ‘n Jesus Christus kon vervals het!”

Hierdie ironié is op dieselfde vlak as die ironié rondom die bewys vir die nie-bestaan van God, veral wanneer daar in ag geneem word wat dit sou verg om die nie-bestaan van (‘n almagtige, alwetende, alomteenwoordige) God te bewys, d.i., die feit dat, net God alleen oor die vereiste morele gravitas, goddelike statuur, mag en invloed beskik om ooit die nie-bestaan van God te kan bewys!

Nietemin moes Jesus Christus gedurende Sy bediening op aarde dikwels moedeloos geraak het met die gebrek aan geloofs-insig by Sy menige toehoorders, wat ingesluit het sommige van die teológiese ‘elite’ van Sy tyd, toe hy bv. vir Nikodemus, ‘n Fariseër en leier van sy volk, vra:

> “As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?”

[Johannes3:12AOV].

Wanneer ons dus vandag die Evangelie verkondig en (na die beste van ons vermoëns) die wêreld probeer inlig oor die aardse dinge rondom die geboorte, lewe, persoon, bediening, leringe, opoffering, opstanding en goddelike status van Jesus Christus, en die wêreld dan sukkel om dit te glo, hoe sal hulle ooit die hemelse dinge oor Jesus Christus in die Boek van Openbaring (en die verre toekoms anderkant dit) ooit kan glo?

2.2 DIE BESOEKER UIT DIE RUIMTE. Ek is oortuig dat, sou vandag se akademici, wetenskaplikes, naturaliste en hulle resident-teoloë (postmoderniste) so rigied vas-gesement in die groewe van hulle verouderde, eeu-oue "wetenskaplike metode", ooit in die toekoms 'n engelagtige wese uit die hemelruim op die grasperk van die Withuis moes sien neerdaal, d.w.s., nes Klaatu uit die 1950s rolprent, *The Day the Earth Stood Still,* en die president en sy gevolg begin vertel van die wonder van ruimte-reise en al die geheimenisse van die Kosmos (ongehinderd deur die probleme van duiselingwekkende astronómiese afstande, donker materié en donker energié, en die filosófiese rookmis van eeue se Darwiniaanse indoktrinasie) na (eksponensieel) anderkant die beperkinge van die Hubble en die James Webb teleskope, sou hulle hom waarskynlik arresteer as 'n agent van die Russe of Chinese en hom dadelik in die vangwa boender vir afsending na die Guantanamo Baai Detensie Kamp vir jare van detensie, ondervraging, foltering en sielkundige waarneming.

Verwysings & Aanbevole Bronne

1. Craig, W.L. (1981) *The Son Rises: The Historical Evidence for the Resurrection of Jesus.*
2. Habermas, Gary R. (1984) *The Historical Jesus.*
3. Habermas, Gary R. (2004) *The Case for the Resurrection of Jesus.*
4. Habermas, Gary R. (2009) *Did the Resurrection Happen?*
5. Licona, Michael R. (2010) *The Resurrection of Jesus: A New Histeriographical Approach.*
6. Strobel, Lee (1998) *The Case for Christ.*
7. Veith, Walter Prof. *The Revelation of Jesus Christ.* Aanlyn 2021. PDF.

Indien die sterre slegs een nag in 'n duisend jaar moes verskyn, hoe sou die mens nie verstom staan en glo!

(R.W. Emerson,
1803-1882)

Hoofstuk 7

DIE DRIEDUBBELE WAARBORG VAN JESUS CHRISTUS AS DIE SEUN VAN GOD

Niemand kan deesdae meer ‘n ongelowige wees nie; die Christen apologéte
het niks vir ons oorgelaat om nie te glo nie

(Saki/H.H. Munro,
1870-1916)

Die Bybel het vir ons ‘n stel interessante leidrade (d.i., minstens drie waarborge) agtergelaat waardeur ons met sekerheid die Goddelike status van Jesus Christus kan vasstel, d.i., Seun van God, Seun van Dawid en Seun van die Mens ... Redder van die Wêreld en Messias van die Jode.

1. Waarborg #1: God kan nie Lieg nie

Die Bybel leer dat God nie kan nie lieg nie:

> “Paulus, ‘n dienskneg van God en ‘n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het ... Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met ‘n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as ‘n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek ‘n hoëpriester geword het vir ewig.”
>
> [Titus1:1-2; Hebreërs6:17-20AOV].

2. Waarborg #2. God die Vader het die Goddelike Status van Jesus van Násaret by verskeie geleenthede bevestig

> "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het ... Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!"
>
> "En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom. Toe begin Petrus vir Jesus te sê: Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en een vir Elía. Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!"
>
> [Mattheüs3:16-17; 17:1-5AOV].

Hierdie voorval tydens die verheerliking van Jesus op die berg was baie interessant, aangesien nie minder nie as *sewe persone* op dieselfde dag saam getuig het van die Goddelike status en roeping van Jesus, nl., God die Vader, God die Heilige Gees, Moses en Elia (almal namens die Hemel) en Petrus, Jakobus en Johannes (namens die dissipels).

3. Waarborg #3. God het by Homself gesweer

Omdat God, wie nie kan lieg nie en nie by 'n hoër gesag kon sweer nie, het Hy by Hom self gesweer oor die Goddelike status van Jesus Christus as Skepper van Hemel en Aarde en Messias van die wêreld.

> "Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder. En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het. Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak. Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant

> die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig..."
>
> [Hebreërs6:13-20AOV].

4. SA Rugby en die Vierkant-Evangelie

4.1 INLEIDING: RUGBY IN SUID-AFRIKA. Skeptici (d.i., ateïste, agnostici, postmoderniste en 'progressiewe' Christene) sal dikwels besware opper oor die historisiteit en geldigheid van die Bybelse teks gebaseer op sogenaamde onkonsekwenthede en teenstrydighede in die Bybel as die Woord van God, bv. soos dit mag voorkom in die vier Evangelies van Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes.

Kom ons veronderstel dat, tydens 'n hipotétiese rugby-wedstryd in die platteland tussen die 'Blou Bulle' en die 'Cheetahs' vier amateur, Kerk-bulletin sport-verslaggewers uit vier verskillende denominasies, d.i., Matt, Mike, Liam en Jack, afgevaardig word om oor die wedstryd verslag te doen. Enkele notas:

- Jack was afgevaardig om reg in die middel in die Hoofpawiljoen te sit terwyl Matt, Mike en Liam rond en bont orals oorkant die veld en weg van die Hoofpawiljoen anderkant die buiteveld heinings, moes gaan plaasneem.

- Mike se opdrag was om sy verslag binne 24-uur aan die Sport-komitee te oorhandig; Liam en Matt se opdrag was om hul verslag binne 2 weke aan hul onderskeie Sport-komitees te oorhandig, terwyl Jack se opdrag was om sy verslag eers na afloop van 3 maande aan sy Sport-komitee te oorhandig.

Uit die geskiedkundige rekords wil dit voorkom asof sommige van die verslaggewers, veral die trio Matt, Mike en Liam, ná afloop van die wedstryd waarskynlik inligting oor die wedstryd met mekaar gedeel het, miskien iewers op die sportgronde tydens middagete, ens.

4.3 ONTKNOPING. Daar bestaan geen twyfel dat dit daardie dag 'n merkwaardige, históriese wedstryd moes gewees het nie, aangesien rugby entoesiaste nog vir jare daarna steeds in kroëe en langs sportvelde (en selfs in die media) oor die wedstryd gespekuleer en gestry het m.b.t. die vier sport-bulletins wat gepubliseer was, aangesien soveel "teenstrydighede" rondom die wedstryd (voortspruitend uit die wedstryd van daardie dag) die rondte begin doen het.

Nietemin is dit so dat, ten spyte van al die sogenaamde "onkonsekwenthede" en "teenstrydighede" in die vier verskillende bulletin-weergawes oor die wedstryd, was daar geen twyfel onder die sport-publiek en rugby-entoesiaste oor

die feit dat die rugby-wedstryd inderdaad históries plaasgevind het nie en dat dit onmoontlik sou wees om, nieteenstaande die bohaai, die inligting oor die wedstryd uit die argiewe, uit die geskiedkundige pers en uit die geheue van die sport-entoesiaste te probeer verwyder.

Net so dien die teenstrydighede en inkonsekwenthede in die vier Evangelies van Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes juis om die historisiteit en integriteit van die Nuwe Testamentiese verhaal van Jesus eerder te valideer as om dit te invalideer. Was al vier Evangelies identies, sou drie van die Evangelies mos onnodig gewees het; buitendien sou vier identiese Evangelies enige redelike leser en ondersoeker daarvan agterdogtig gemaak het, want dit sou wil voorkom asof die vier outeurs van die Evangelies saam gekonkel het oor hoe daar identies oor die saak gelieg of aangedik moes word.

Natuurlik sou vier gesoute, 21ste eeu joernaliste, of vier Pullitzer-pryswenners vir Letterkunde, of vier universiteit-professors (PhDs) wat onderskeidelik spesialiseer in Midde-Ooste Studies, Bybelse Argeologié, Politieke Wetenskap en Hebreeuse Studies, waarskynlik méér professioneel verslag kon gedoen het oor die lewe van Jesus; in plaas daarvan het Jesus relatief gewone, eenvoudige mense vir die taak gekies. Die eerste (werklike) 'akademikus' van enige noemenswaardige aard ('n teolóóg) wat oor die Evangelie begin verslag doen het was Paulus, persoonlik geroep vir daardie besondere bediening deur Jesus self.

5. Die Oppergesag van God se Seun bevestig

5.1 DIE TEOLOGIÉ IS SEKER. Die leser word aangemoedig om die onderstaande gedeeltes in die Bybel (bv. die Sendbrief aan die Hebreërs) te lees en te ondersoek sodat enige twyfel oor die teologié agter die oppergesag van Jesus Christus uit die weg te ruim.

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
>
> Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.
>
> Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?
>
> En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.

En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer;

U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle; en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.

Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos ‘n kleed verslyt, en soos ‘n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie.

En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het ‘n voetbank van u voete?

Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?”

[Hebreërs1:1-14AOV].

“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.

En dit sal ons doen as God dit toelaat.

Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God.

Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.

Maar, geliefdes, ons is aangaande julle van beter dinge oortuig, dinge wat saamhang met die saligheid, al spreek ons ook so.

Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.

Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.

Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder.

En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.

> Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak.
>
> Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met ‘n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as ‘n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek ‘n hoëpriester geword het vir ewig.”
>
> [Hebreërs6:1-20AOV].

Ek is van mening dat die baie onkunde oor die lewe en statuur van Jesus Christus spruit uit die feit dat soveel mense weier (of traag is) om die Nuwe Testamentiese Sendbriewe te lees; indien die predikant nie daaroor preek nie sal hulle waarskynlik nooit weet wat daarin aangaan nie.

5.2 DIE PROFÉTIESE VENSTER VIR DIE MESSIAS OM TE VERSKYN IS REEDS VERBY. Studente van die Bybelse profesiëe meen dat, sou Jesus Christus ooit as die de facto ‘Messias’ van die geskiedenis verwerp word, geen ander aspirant-messias, of valse indringer-messias, Sy plek sou kon inneem nie, aangesien die profétiese venster vir die amptelike verskyning van Jesus in die geskiedenis reeds verbygegaan het, en dat so ‘n indringer-messias die profétiese bus vir daardie doel alreeds met ongeveer 2 000+ jaar sou verpas het.

Om in God te glo is vir my is om te voel dat daar ‘n God is, nl., nie ‘n dooie een nie, of ‘n opgestopte een nie, maar ‘n lewendige een, wie, met onweerstaanbare mag, ons aanspoor tot meer liefdevolheid

(Vincent van Gogh,
1853-1890)

Hoofstuk 8

JESUS CHRISTUS: 'N FORMIDÁBELE WETENSKAPLIKE

Hoe anders as deur 'n gebroke hart sal die Here Jesus Christus ooit kan instap?

(Oscar Wilde,
1854-1900)

Die dae toe mense Jesus Christus beskou het as niks méér as 'n ruwe, eerste-eeuse skrynwerker en deeltydse godsdiens-fanatikus wat (kwansuis) 'n publieke oorlas van Homself sou gemaak het met die uitvoer van goedkoop kulkunsies in die strate van Jerusalem, terwyl Hy die (sogenaamde) bedrieglike aanspraak sou gemaak het op Sy status as die 'Seun van God', is verby; eers wanneer ons ten volle begryp wie hierdie enigmatiese Galileër eintlik was, word on lewens onherroeplik vir altyd verander. Daarvan kan duisende, indien nie etlike miljoene, volgelinge (ryk of arm, geletterd of ongeletterd) vandag ruim getuig.

1. Jesus Christus: Skepper van die Kosmos en die Wette van die Natuur (Fisika)

1.1 ARGITEK & PROJEK-INGENIEUR. Die Bybel leer dat Jesus Christus (namens God die Vader) die 'wêrelde' gemaak het deur die wêreld in wording te spreek deur die woorde van Sy mond, en dat Hy die wêreld onderhou deur die woord van Sy mag.

> "In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig."
>
> [Génesis1:1-3AOV].

> "So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel ... Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek—my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërskare bevel gegee."
>
> [Jesája42:5; 45:12AOV].

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
>
> [Hebreërs1:1-4AOV].

1.2 JESUS CHRISTUS HET DIT GEDOEN. Jesus Christ het (onder andere) die volgende geskep: Tyd; Ruimte; Materié; Universele Swaartekrag; die Sterk en Swak Kernkragte; Elektromagnetisme; die Periodieke Tabel van Elemente; Akoestieke; die Sterrestelsels; die Sonnestelsels, mense en die dier- en plant-koninkryke. Die Bybel leer:

> "In die begin was die Woord [JESUS CHRISTUS], en die Woord [JESUS CHRISTUS] was by God [die VADER & HEILIGE GEES], en die Woord [JESUS CHRISTUS] was God [die SEUN]. Hy [JESUS CHRISTUS] was in die begin by God [dieVADER & HEILIGE GEES]. Alle dinge het deur Hom [JESUS CHRISTUS] ontstaan, en sonder Hom [JESUS CHRISTUS] het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."
>
> [Johannes1:1-3AOV].

2. Die Aarde is nie 'plat' nie

2.1 INLEIDING. Die Bybel leer dat die aarde 'n sfeer is wat in die ruimte aan aan 'n 'niks' hang. Die poëtiese verwysing na die 'pilare van die aarde' en van die 'hemel' is 'n duidelike verwysing na die Wette van Swaartekrag en die beplande, rotsvaste sekerheid van die bewegings van die hemelliggame in hul onderskeie bane.

" ... voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks; wat die waters saambind in sy wolke sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur; wat die gesig van die troon toehou deurdat Hy sy wolk daaroor uitsprei. Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte tot waar lig in duisternis eindig."

[Job26:7-10AOV].

"Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon."

[Jesája40:22AOV].

2.2 POËTIESE TAAL IN DIE BYBEL. Die Skrif-verwysings in hierdie paragraaf is voorbeelde van hoe poëtiese taal in die Bybel soms gebruik word om natuur-verskynsels mee te beskrywe. Ongelukkig, omdat poëtiese taal soveel kere voorkom in die Bybel, het daar 'n gier by 'progressiewe' Christene ontstaan om byna elke liewe voorval wat na 'n wonderwerk ruik 'poëties' of 'metáfories' te wil vertolk; uiteindelik toe kom Jesus van Nasaret en gaan loop toe werklik op water net om die "poësie" in die lewens van mens prakties te verwerklik:

"Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe. Want aan die HERE behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig ... Hy wat berge versit sonder dat hulle dit merk; wat hulle omkeer in sy toorn; wat die aarde laat sidder uit sy plek, sodat sy pilare dril; wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit; wat alleen die hemel uitspan en stap op die golwe van die see ... Ons loof U, o God, ons loof, en naby is u Naam; hulle vertel u wonders. As Ek die regte tydstip aangryp, oordeel Ék regverdig. Al wankel die aarde en al sy bewoners—Ék het sy pilare vasgestel. Sela."

[1Samuel2:8; Job9:5-8; Psalm75:2-4AOV].

3. God het die Son en die Maan laat 'stilstaan' vir omtrent 'n dag

"Toe het Josua met die HERE gespreek, op die dag dat die HERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gíbeon, en maan, in die dal van Ajalon!

Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag. En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en ná hom, dat die HERE na

die stem van ‘n man geluister het nie; want die HERE het vir Israel gestry.”

[Josua10:12-14AOV].

4. God het eenmaal veroorsaak dat die Aarde in sy rotasie met 10° (tien grade) agteruit beweeg

“Toe sê Jehiskía: Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade te daal; nee, maar laat die skaduwee teruggaan, tien grade agteruit. En Jesaja, die profeet, het die HERE aangeroep, en Hy het die skaduwee op die grade waarlangs dit op die grade van Agas se sonnewyser gedaal het, laat teruggaan, tien grade agteruit.”

[2 Konings20:10-11AOV].

Hou in gedagte dat 10° (tien grade) ongeveer 1113 kilometers (695 myl) op die rotasie-boog van die aarde by die ekwator verteenwoordig, en, volgens sekere bronne, ongeveer 40 minute (4 minute per graad) op ‘n 12-uur sonnewyser.

5. Die Volmaakte Sosiale Wetenskaplike

Soos reeds voorheen genoem ... God besluit op die aantal sterre en gee hulle selfs name. God heel ook gebroke harte en verbind die wonde van sulke mense.

“Hy bepaal die getal van die sterre; Hy gee hulle almal name. Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig."

[Psalm147:4-5AOV].

“Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde.”

[Psalm147:3AOV].

Let op die implikasies van hierdie Skrifverwysings; dit was asof God wou sê: “Indien Ek dan al die sterre in die Kosmos kon skep en selfs vir elkeen ‘n naam kon gee, dink jy nie dat Ek nie ook elke gebroke hart in die Kosmos sou kon genees nie?”

‘n Ou man gee goeie advies met die troos dat hy nie meer in staat is om ‘n slegte voorbeeld te stel nie

(John Billings,
1818-1885)

Hoofstuk 9

JESUS CHRISTUS WÉÉR GEKRUISIG

Dit is my melankóliese lot om van so vele mense te hou (met wie ek verskil) terwyl daar so vele is van wie ek nie hou nie (maar wie tog met my saamstem)

(Mary Kingsley,
1862-1900)

Die ingefiltreerde postmoderne element in die Christelike Kerk (d.i., die 'Jesus Seminar'; 'Nuwe Hervormers', 'Progressiewe Christendom' ens.) is besig om Jesus Christus wéér te kruisig. Enkele voorbeelde:

1. Postmodernisme/Progressiewe Christendom

1.1 **"Jesus was slegs 'n groot Leermeester, maar nie die Seun van God nie!"**

VALS: 'Groot Leermeesters' lieg nie en probeer die publiek mislei oor hulle status, sending en Goddelike statuur nie. Jesus Christus was (i) of wie Hy gesê het Hy is, nl., die Seun van God, of (ii) Hy was slegs 'n feilbare skrynwerker met allerhande fanatiese drog-illusies oor Sy belangrikheid vir Sy gemeenskap. Geen regdenkende mens sal 'n gewoonte-leuenaar, epiese bedriëer en professionele kulkunstenaar as 'groot leermeester' wil volg nie.

1.2 **"Die Bybel is slegs 'n goeie gids oor openbare moraliteit en etiek, maar nie die onfeilbare Woord van God nie!"**

VALS: Watter soort van idioot sal die Bybel as ‘n goeie gids tot “openbare moraliteit en etiek” wil volg wanneer die einste Bybel volgens die einste idioot “te veel foute, diskrepansies en teenstrydighede” bevat om as die onfeilbare Woord van God gerespekteer te word? Natuurlik sou professionele joernaliste met doktorsgrade, of ‘n konglomeraat van akademici met post-doktorale kwalifikasies, waarskynlik ‘n (tegnies) meer volmaakte multi-volume boek soos die Bybel kon skryf; hou egter in gedagte dat die Bybel oor millenniums heen geproduseer is deur eenvoudige, godvresende mense, dikwels mense met karige geleerdheid of mense van beskeie openbare herkoms en status.

Trouens is die Bybel baie meer as, maar terselftertyd ook niks minder nie, as ‘n merkwaardige letterkundige wonder: Vergelyk byvoorbeeld die pragtige bergrede van Christus (aangeteken deur ‘n eenvoudige tollenaar nl., Mattheüs); die ongelooflike epiese diepsinnigheid van die Evangelie van Johannes (‘n gewone visserman) en die reeks merkwaardige Sendbriewe deur Paulus (‘n hoogsgeleerde, gekwalifiseerde teolóóg).

Wanneer na die ‘onfeilbaarheid van die Bybel’ verwys word, word nie noodwendig vereis na die onfeilbaarheid van die grammatika of sintaksis van die Bybelse teks, of van die geletterdheidsvlakke van die skrywers daarvan nie, maar na die integriteit van die Bybel-boodskap, nl. die egtheid en betroubaarheid van die feit van ‘Goue Draad van Goddelike Waarheid’ in die Tien Gebooie, die vroëe geskiedenis van die nasie Israel en die reddende boodskap van die Evangelie van Jesus Christus. Die sogenaamde “teenstrydighede en diskrepanse” (soos bv. gevind word in die vier Evangelies) dien eintlik om die historisiteit van die Bybel te bevestig, en nie om dit te invalideer nie. Sou al vier Evangelies absoluut identies gewees het, sou, soos reeds voorheen genoem, drie van hulle oorbodig gewees het en sou dit buitendien soos ‘n sameswering onder die vier outeurs gelyk het om saam te konkel en ‘dieselfde te lieg’.

1.3 “Daar bestaan nie soiets soos ‘n Hel nie!”

VALS: Dieselfde Bybel en dieselfde Jesus wat gesê het daar is ‘n Hemel het ook gesê daar is ‘n Hel. Laat ons dus konsekwent wees: Indien ons die (ongemaklike waarheid van die) Hel uit die Bybel wil sny, laat ons dan ook die (gemaklike waarheid van die) Hemel uit die Bybel sny. Die Bybel praat van die “poel van vuur” ... ons hoef maar net na die son te kyk om te besef dat ‘n poel van vuur (of poele van vuur, d.i., sonne) werklik bestaan. Laat ons konsekwent wees met ons Skrifuitleg ... ons kan nie terselftertyd die koek wil hê en eet nie.

1.4 "Daar bestaan nie so iemand soos 'n persoonlike Satan nie!"

VALS: Het Jesus dan gelieg toe Hy die Fariseërs daarvan beskuldig het dat hulle vader die Duiwel (die "Vader van Leuens") is? Doen die sommetjie: Indien Jesus daardie dag gelieg het oor die Satan, dan sou dit mos van Jesus self (i) selfs 'n groter leuenaar as die Fariseërs maak en ook (ii) vir Jesus uitklee as iemand wie se vader ook die Duiwel is.

> "Hulle antwoord en sê vir Hom: Ons vader is Abraham. Jesus sê vir hulle: As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen; maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid vertel het, wat Ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie.
> Julle doen die werke van jul vader. Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.
> En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.
> Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.
> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.
> Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie.
> Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?
> Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie."
>
> [Johannes8:40-47AOV].

1.5 "Daardie wonderwerke van die Nuwe Testament was slegs metafóries of poëties en het nie regtig gebeur nie!"

VALS: Anekdotiese getuienisse deur ooggetuies is oorweldigende bewys van die geldigheid van die Nuwe Testamentiese wonderwerke. Buitendien het van Jesus se grootste vyande (die Fariseërs) getuig dat Hy vele wonderwerke gedoen het, so, hoeveel meer getuienis het ons nodig?

> "En baie van die Jode wat na Maria gekom het en aanskouers was van wat Jesus gedoen het, het in Hom geglo. Maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan en hulle vertel wat Jesus gedoen het. En die owerpriesters en die Fariseërs het die Raad byeengeroep en gesê: Wat sal ons doen? —want hierdie man doen baie tekens. As ons Hom so laat

begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem."

[Johannes11:45-48AOV].



N.S. Was die wonders van Jesus bloot die goedkoop kulkunsies van die dag sou die Fariseërs hul waarskynlik nie daaroor verknies het nie; hulle was egter bekommerd want hulle het ware wonderwerke herken wanneer hulle dit gesien het, wat dus die historisiteit van die teks en die geldigheid van die wonderwerke bevestig. (Insetsel met komplimente van E-Sword.net).

1.6 **"Jesus Christus het nie uit die dood opgestaan nie; die verhaal van Sy (sogenaamde) opstanding was saamgeflans deur die dissipels om hul verleentheid te verberg!"**

VALS: Watter soort 'dissipel' met gesonde verstand en met 'n lonende dag-werk, bv. as tollenaar of visserman, sal 'n storie fabriseer wat later hom sy loopbaan of selfs sy lewe kon kos (wat waarskynlik met die meeste, indien nie al die dissipels, uiteindelik gebeur het)? Meer as 500 ooggetuies het getuig dat hulle Jesus Christus later uit die dood aan hulle sien verskyn het ... dit is ver bokant die Joodse históriese minimum-standaard van twee of drie getuies waarop 'n getuienis vas sal staan.

1.7 **"Die liggaam van die afgestorwe Christus was gedurende die nag deur Sy dissiples gesteel!"**

VALS: Hierdie legende is moedswillig deur die wagte (hetsy Romeins of Joods) wat die tuingraf bewaak het, versprei om hul bas te red en is deur die Sanhedrin leiers met "genoeg silwer" in terme van die, 'Elke mens het sy prys beginsel', omgekoop om so te sê: Die Bybel leer:

"En terwyl hulle op weg was, kom daar sommige van die wag in die stad en vertel die owerpriesters alles wat gebeur het. En nadat hulle saam met die ouderlinge vergader en raad gehou het, het hulle die soldate baie geld gegee en gesê: Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was. En as dit by die goewerneur gehoor word, sal ons hom tevrede stel en maak dat julle

> sonder sorg is. Hulle het toe die geld geneem en gedoen soos hulle geleer was. En hierdie verhaal is versprei onder die Jode, tot vandag toe.
>
> [Mattheüs28:11-15AOV].

Doen die sommetjie:

- Hoe sou "slapende soldate", wat veronderstel was om die tuingraf te bewaak, in hul slaap kon sien hoe die dissipels die liggaam van Jesus steel? Slaap sulke soldate met hul oë oop?

- Waarom het die "slapende soldate", toe hulle sien die dissipels dra die liggaam van Jesus weg, nie die dissipels gekonfronteer nie? Was die opgeleide, vernuftige en gewapende bewakers van die graf (hetsy Romeins of Joods) bang vir die weerlose dissipels van Christus?

- Let op hoe die skeptici altyd die heel slegste en negatiefste van die Bybelse teks (bv. uit die vier Evanglies) wil glo, in plaas van die beste en positiefste. Wees eerlik: Sou koerante soos die 'Rapport', die 'Die Burger', 'Die Volksblad' en 'Beeld' sonder uitsondering gereeld altyd identies oor 'n vorige week se rugby-wedstryd op Ellispark verslag doen? En, sou daar welle verskille in menings m.b.t. besonderhede oor die wedstryd in die onderskeie artikels voorkom, sou dit beteken dat die wedstryd nie plaasgevind het nie?

1.8 "Bekéring is nie nodig nie; om 'n ordentlike, vroom lewe te lewe is voldoende vir Saligheid!"

VALS: Die Bybel leer die vereiste vir 'n persoonlike bekéring (tot die Evangelie en tot Christus as Saligmaker) in geen onsekere terme nie:

a. **Die Evangelie van MATTHEÜS.**

> "Toe het Hy die stede waarin die meeste van sy kragtige dade plaasgevind het, begin verwyt, omdat hulle hul nie bekeer het nie."
>
> [Mattheüs11:20AOV].

> "Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.."
>
> [Mattheüs4:17AOV].

N.S. Sien ook Mattheüs3:2; 11:21; 12:41; 13:15.

b. Die Evangelie van MARKUS.

"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."

[Markus1:14-15AOV].

"En toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering."

[Markus2:17AOV].

"En hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer."

[Markus6:12AOV].

"Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word."

[Markus16:16AOV].

c. Die Evangelie van LUKAS.

" ... Johannes, die seun van Sagaría, in die woestyn. En hy het gekom in die hele omtrek van die Jordaan en die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig; soos geskrywe is in die boek van die woorde van Jesaja, die profeet, waar hy sê: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit."

[Lukas3:2a-4AOV].

"Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek."

[Lukas3:8AOV].

"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering."

[Lukas5:31-32AOV].

"Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom."

[Lukas13:3, 5AOV].

"Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie."

[Lukas15:7AOV].

"Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."

[Lukas16:29-31].

"Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."

[Lukas24:45-47AOV].

d. Die Boek van HANDELINGE.

"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

[Handelinge2:38AOV].

"Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom."

[Handelinge3:19AOV].

"Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk."

[Handelinge5:31AOV].

"Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word."

[Handelinge8:22AOV].

"En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk."

[Handelinge11:18AOV].

"Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek, nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering aan die hele volk van Israel verkondig het."

[Handelinge13:23-24AOV].

"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek"

[Handelinge17:30-31AOV].

"Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus."

[Handelinge19:4AOV].

"... terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus."

[Handelinge20:21AOV].

"Daarom, koning Agríppa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie, maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas."

[Handelinge26:19-20AOV].

e. Die Nuwe Testamentiese Sendbriewe.

"Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?"

[Romeine2:4AOV].

"Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood."

[2Korinthiërs7:9-10AOV].

"Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."

[2Timotheüs2:24-25AOV].

"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel. En dit sal ons doen as God dit toelaat. Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."

[Hebreërs6:1-6AOV].

"Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer."

[Hebreërs12:17AOV].

"Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."

[2Petrus3:9AOV].

f. Die Boek van Openbaring.

"Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie."

[Openbaring2:5AOV].

"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."

[Openbaring2:15-16AOV].

"En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie"

[Openbaring2:21-22AOV].

"Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie."

[Openbaring3:3AOV].

"Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou."

[Openbaring3:19AOV].

"En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie."

[Openbaring9:20AOV].

"En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie ... en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie."

[Openbaring16:9,11AOV].

 Kopiéreg © 2024 PJ Stassen Alle Regte Voorbehou

‘n Klompie eerlike mense is baie meer voordélig as groot getalle

(Oliver Cromwell,
1599-1658)

Hoofstuk 10

REDES WAAROM JESUS SO BAIE WONDERS GEDOEN HET

Mense wat van hierdie soort dinge hou sal ontdek dat hierdie die soort van ding is waarvan hulle hou

(Abraham Lincoln,
1809-1865)

Waarom het Jesus Christus so baie wonderwerke gedoen? Die aantal wonderwerke wat Jesus gedurende Sy kort termyn as Messias gedoen het moes aansienlik gewees het waarvan (volgens Johannes) die meeste waarskynlik nooit gepubliseer was nie.

> "Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is. En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen."
>
> [Johannes21:24-25AOV].

1. Redes waarom Jesus Christus so baie wonders gedoen het

1.1 JESUS IS DIE SEUN VAN GOD. Jesus was/is Goddelik en Goddelikheid doen wonderwerke ... punt. Vanselfsprekend sou Hy dus met Sy intrede wonders wou doen om aandag te trek en Sy gesag te vestig.

> "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."
>
> [Markus1:14-15AOV].

1.2 JESUS HET MEEGEVOEL MET MENSE GEHAD. God is LIEFDE, so vanselfsprekend sou die 'agapé' liefde van die Meester begin manifesteer het die oomblik toe Hy in Sy bediening inbeweeg het.

> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."
>
> [Johannes3:16-17AOV].

1.3 JESUS HET GEKOM OM GEBROKE HARTE TE GENEES EN GEVANGENES VRY TE LAAT.

> "Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.
>
> En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is:
>
> Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.
>
> En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig.
>
> Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul."
>
> [Lukas4:16-21AOV].

1.4 JESUS HET GEKOM OM AAN TREURENDES SIERAAD VIR AS, VREUGDE-OLIE VIR TREURIGHEID EN 'N GEWAAD VAN LOF VIR 'N VERSLAE GEES TE GEE.

> "Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."
>
> [Jesája61:1-3AOV].

1.5 JESUS HET GEKOM OM SY GELOOFWAARDIGHEID AS DIE GEPROFETEERDE MESSIAS TE VESTIG. Jesus het dit waarskynlik nodig geag om die godsdiensleiers van Homself as ‘n ware werker van wonders te oortuig, en nie sommer, soos die postmoderniste en progressiewe Christene glo, as enige straat-towenaar met ‘n rits kulkunsies om die publiek mee te vermaak nie, nes later bevestig deur die Fariseërs met hul bekommerde uitsprake oor die “baie tekens” waarvoor Jesus bekend geword het.

> “En baie van die Jode wat na Maria gekom het en aanskouers was van wat Jesus gedoen het, het in Hom geglo. Maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan en hulle vertel wat Jesus gedoen het. En die owerpriesters en die Fariseërs het die Raad byeengeroep en gesê: Wat sal ons doen? —want hierdie man doen baie tekens. As ons Hom so laat begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem.”
>
> [Johannes11:47-48AOV].

N.S. Die egtheid van Jesus se wonderwerke was gedemonstreer deur die feit dat, toe Jesus Jaïrus se dogtertjie wat gesterf het besoek het, Hy die roubeklaers haar slaapkamer verbied het, waarskynlik om die vertrek te suiwer van die gees van ongeloof en negatiwiteit normaalweg geassosieer met die dood, en dalk ook as die normale tipe voorsorgmaatreël wat alle geneeshere in elk geval tref by die versorging van baie siek mense. ‘n Gewone kulkunstenaar, wat gewoonlik moes staatmaak op publisiteit vir sy beroep, sou waarskynlik eerder ‘n gehoor wou gehad het, en hoe groter hoe beter.

> “Terwyl Hy nog spreek, kom daar iemand van die owerste van die sinagoge se huis en sê vir hom: U dogter is dood, moenie die Meester lastig val nie.
>
> Maar toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom en sê: Moenie vrees nie. Glo net, en sy sal gered word.
>
> En toe Hy in die huis kom, het Hy niemand toegelaat om in te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes en die vader en die moeder van die meisie.
>
> En almal het gehuil en oor haar rou bedryf. Maar Hy sê: Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar slaap.
>
> En hulle het Hom uitgelag, want hulle het geweet dat sy dood was.
>
> En toe Hy almal na buite uitgejaag het, gryp Hy haar hand en roep uit en sê: Dogtertjie, staan op!
>
> En haar gees het teruggekom, en sy het onmiddellik opgestaan; en Hy het beveel dat hulle haar iets te ete moes gee.
>
> En haar ouers was verbaas, maar Hy het hulle bevel gegee om aan niemand te sê wat gebeur het nie.”
>
> [Lukas8:49-55AOV].

2. Geen 'vertoon-optredes'

Omdat Jesus nie 'n gewone vertoonkunstenaar was nie, het Hy gewoonlik dit vermy om Sy wonderwerke aan die klokke op te hang. Toe Herodus Hom beveel het om vir hom 'n 'toertjie' te doen, het Hy Herodus eenvoudig geïgnoreer en het hom nie 'n woord geantwoord nie.

> "En toe Pilatus van Galiléa hoor, vra hy of die man 'n Galiléër is.
> En nadat hy verneem het dat Hy uit die magsgebied van Herodes was, stuur hy Hom na Herodes wat self ook in daardie dae in Jerusalem was.
> En toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly, want hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy veel van Hom gehoor het; en hy het gehoop om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen sou word.
> En hy het Hom met baie woorde uitgevra, maar Hy het hom niks geantwoord nie."
>
> [Lukas23:6-9AOV].

3. Die vernaamste 'Rasionaal' vir die Wonderwerke

3.1 DIE WW2 'HOLOCAUST'. Aan die einde van die Tweede Wêreld-Oorlog het Generaal D. Eisenhower by die Nazi konsentrasie- kampe ("doods-kampe") gesien hoe die Nazi's deur middel van gaskamers ("stort-fasiliteite"), verassings-oonde en vroëer ook met masjiengewere ens., die Jode en ander gevangenes by die massas uitwis het. Gevolglik het hy, na bewéring, die verslaggewers en nuusfotograwe versoek om soveel foto's as moontlik van die dodelike getuienis (lyke van afgestorwenes, uitgemergelde oorlewendes, die oonde en stortkamers, dokumentasie, artefakte ens.) te neem aangesien hy geweet het dat die publiek se geheues maar teleurstellend kort was en die gevaar bestaan het vir mense om te gou van die gruweldade te vergeet, presies soos wat vandag aan die gang is. Die vernaamste redes waarom Jesus wonders gedoen het was waarskynlik:

(i) om Sy Goddelikheid en Hemelse sending as die Seun van God, die Seun van Dawid en die Seun van die Mens te kom vestig;

(ii) om Sy mandaat as die Redder van die wêreld en langverwagte Messias van die Jode aan te kondig; en

(iii) om Sy Mag en Reg om sondes bo alle twyfel te vergewe aan te kondig.

Die Bybel leer:

> "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."
>
> [Daniël7:13-14AOV].

> "En toe Jesus merk wat hulle gedagtes was, sê Hy: Waarom bedink julle slegte dinge in julle harte? Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en loop? Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe—toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe. En hy het opgestaan en huis toe gegaan. En toe die skare dit sien, was hulle verwonderd en het God verheerlik wat so 'n mag aan die mense gegee het."
>
> [Mattheüs9:4-8AOV].

3.2 DIE GEES VAN DIE MENS BELANGRIKER AS DIE LIGGAAM. Kom ons wees eerlik: Ek sal eerder vergewe wil wees van al my sondes (en van my sondige natuur) as om die genesing van my liggaam te ontvang, aangesien mens Hemel toe kan gaan met 'n siek liggaam, maar nie met onvergeefde sondes nie. Natuurlik is die genesing van die liggaam en verlossing van fisiese lyding vir die mens op aarde ook besonder kosbaar.

4. Die uiteindelike Verrassing en/of Skok

4.1 DIE DANIËL PROFESIÉ. Hou in gedagte dat die titel, 'Seun van die Mens', nie net die Goddelikheid sowel as 'menslikheid' van Jesus Christus illustreer nie, maar ook om Sy status as die Boodskapper uit die Hemel met die uiteindelike reg tot Ewige Heerskappy; Jesus se (eerste) koms was m.a.w. die eerste letterlike vervulling van Daniël se visioen en profesié. Soos reeds genoem, skryf Daniël:

> "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens [JESUS CHRISTUS], en Hy het gekom tot by die Oue van dae [GOD DIE VADER], en hulle het Hom [JESUS CHRISTUS] nader gebring voor Hom [GOD DIE VADER]. En aan Hom [JESUS CHRISTUS] is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom [JESUS CHRISTUS] vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."
>
> [Daniël 7:13-14AOV].

4.2 DIE KRUISIGING. Nou, gedurende Sy bediening op aarde was Jesus Christus, verag, verstoot en verwerp deur Sy vyande en selfs deur die Sanhedrin (die Joodse Raad) aan ‘n onwettige verhoor blootgestel, gespot deur Heródus, deur een dissipel verraai en ‘n ander dissipel verloën, deur die owerhede gegésel en, uiteindelik, deur ongeveer drie-duisend Jode laat kruisig met die hulp en samewerking van die Romeinse besettingsmag, en later deur meeste van Sy volgelinge agtergelaat vir dood. Dis interessant dat die vroue in Sy lewe, nl., Maria (Sy moeder); Maria (‘n tannie van Hom) en Maria Magdalena (‘n dissipel) Hom nie in Sy laaste oomblikke verlaat het nie.

Selfs Sy tuingraf was nie Sy eie nie en moes geleen geword het by ‘n eerbare Joodse leier, nl., Josef van Arimathea, volgens die Bybel ‘n ryk man, anders sou Sy (Jesus se) liggaam waarskynlik by Gehenna beland het om verbrand te word.

> *“Gehenna, also called Gehinnom, abode of the damned in the afterlife in Jewish and Christian eschatology (the doctrine of last things). Named in the New Testament in Greek form (from the Hebrew Ge Hinnom, meaning “valley of Hinnom”), Gehenna originally was a valley west and south of Jerusalem where children were burned as sacrifices to the Ammonite god Moloch. This practice was carried out by the Israelites during the reigns of King Solomon in the 10th century BC and King Manasseh in the 7th century BC and continued until the Babylonian Exile in the 6th century BC. Gehenna later was made a garbage centre to discourage a reintroduction of such sacrifices.”*
>
> [www.britannica.com/topic/Gehenna].

4.3 JESUS CHRISTUS DIE HOOFREGTER. Vandag nog word die naam van Jesus Christus deur diegene wat Hom haat gespot, verag en gevloek; maar, stel u voor die skok wanneer hulle eendag by die Groot Wit Troon Oordeel moet ontdek dat Jesus Christus, ja, die nederige skrynwerker, Jesus van Nasaret, deur God die Vader aangestel is as Waarnemende Hoofregter vir die Oordeel?

> “Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees.
>
> Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil.
>
> Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

> Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.
>
> Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe.
>
> Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.
>
> En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.
>
> Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."
>
> [Johannes5:20-29AOV].

Verwysings

1. Austin, Ben S. *Holocaust Denial: A Brief History.* Jewish Virtual Library. Aanlyn.

Die lewe is soos om 'n viool-solo in die openbaar te speel en die instrument te leer soos wat mens aangaan om te speel

(Samuel Butler,
1835-1902)

Hoofstuk 11

OP SOEK NA DIE ELIKSER VAN DIE LEWE

Ons geboorte is bloot 'n slaap en vergeet:
Die Siel wat saam met ons rys, ons Lewens-ster
Het elders sy instelling gehad
En kom van vér

(William Wordsworth,
1770-1850)

Die 'Groot Bevriesing' ('Krionika') hulle enigste hoop! Skryf Zack Guzman:

> *"In the desert climate of Scottsdale, Arizona, rest 147 brains and bodies, all frozen in liquid nitrogen with the goal of being revived one day ... It's not science fiction — to some it might not even be science — yet thousands of people around the world have put their trust, lives and fortunes into the promise of cryonics, the practice of preserving a body with antifreeze shortly after death in hopes future medicine might be able to bring the deceased back."*
>
> (Guzman, Zack [2016] *Meet the Company Offering a Chance at Immortality for $200 000.* CNBC, Online 2021).

1. Krionika gaan nie werk nie

Hierdie slang-olie verkoopmanne van die 'wetenskap' sal wel later leer dat die lewe uit méér as net 'n versameling atome, molekules, brein, hare, vel en naels bestaan; hoe hierdie liggelowige laboratorium-proefdiere ooit hulle geld (plus rente) vanaf hierdie kwaksalwers gaan terugkry bly 'n misterié. Slegs 'n dwaas sal sy hoop op die 'Krionika' plaas. Die Bybel leer:

> "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
>
> [Hebreërs9:27-28AOV].

2. Evolusie gaan nie werk nie

Indien die evolusioniste desnoods geglo moet word, dan is "Ster Evolusie" al vir miljarde jare en "Biológiese Evolusie" al vir miljoene jare aan die gang, maar, ten spyte daarvan, is die mortaliteitsyfer (sterftesyfer) van die mens nog steeds 'n dodelike 100% vir elke generasie van elke nasie; wanneer gaan Evolusie dan ooit sy saak vervolmaak?

Selfs die sjimpansee wat sy neut met die klip kraak het waarskynlik oor die afgelope millenniums heen (indien die leser 'n Christen is) of oor die afgelope "miljoene jare" heen (indien die leser 'n evolusionis is) nog nooit sy 'tegnologié' verander of verbeter nie. Hy het, met ander woorde, nie 'geëvolueer' of 'ontwikkel' nie ... en sal, indien die tyd dit sou toelaat, nog steeds (satiries gesproke) sy neut met 'n klip moet kraak "miljoene jare" van vandag af. Net 'n dwaas sal sy hoop op Darwin se Evolusie Leer (of op sy ewe afvallige neef, die 'World Transformation Movement'), plaas. Hier volg die beste wat evolusioniste belowe:

- 'n lidmaatskap kaart van die naaste 'Sekulêre Humaniste Vereniging';
- 'n 100% sterftesyfer vir elke nasie van elke generasie; en
- dood-ná-dood (geen Hiernamaals).

3. Die 'Skiëntologié' ('Scientology') gaan nie werk nie

Hierdie godsdienskultus in die gedaante van 'n kerk ('Church of Scientology') gaan nie werk nie... alle volgelinge van hierdie kultus sal nes die stigter, L. Ron Hubbard en die res van die mensdom, voor Jesus Christus by die Groot Wit Troon Oordeel moet verskyn om verantwoording vir hulle lewe op aarde te doen. Slegs 'n dwaas sal sy hoop op die 'Skiëntologié' plaas.

> "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
>
> [Hebreërs9:27-28AOV].

4. Ruimte-reise gaan nie werk nie

Hoewel ons dikwels deur die wetenskap en deur wetenskaplikes verras word, is die ideaal om ruimte-reise na die buitenste ruimtes, bv., na buite ons sonnestelsel en verder die Melkweg in, nie die antwoord nie; die Kosmos is eenvoudig te groot vir die mens om dit, onder die huidige omstandighede as aardlinge, te bemeester.

Slegs 'n dwaas sal sy hoop plaas op ruimte-reise behalwe dalk vir wat ruimte-navorsing mag beteken vir satelliet-tegnologié, meteorologié, ruimte-oorlogvoering en ruimte-toerisme in ons klein uithoekie van die Heelal.

5. Humanisme, Transhumanisme en Posthumanisme gaan nie werk nie

Dit gaan nie werk nie omdat die ondersteuners van hierdie idees erken dat hulle glo in dood-na-dood (m.a.w., geen Hiernamaals); nes die evolusioniste en ateïste het baie van hulle, indien nie almal, ruiterlik erken dat hulle alle hoop opgegee het om op die mortaliteit-syfer van die mens, d.w.s., van 100% vir elke generasie en elke nasie, ooit te verbeter. Slegs 'n dwaas sal sy hoop op Linksgesinde 'Humanisme' plaas, met uitsondering natuurlik in soverre tegnologié gestremde mense met gebreke se ongemak en pyn met mediese inplantings kan verbeter.

6. Wetenskap en Tegnologié gaan nie werk nie

In teenstelling met wat ateïste, evolusioniste, naturaliste en humaniste in die algemeen glo, gaan die wetenskap en tegnologié, in die langtermyn, nie werk nie, omdat die Kosmos transendentaal deur 'n transendentale Skepper bestuur en in stand gehou word en hierdie Skepper dus die finale sê en laaste woord oor die lot van Sy eie Skepping (wat die toekoms van die mens op aarde insluit) het. Daar bestaan geen tegnologié wat ooit, in die hande van die slimste mens sonder Goddelike openbaring, ooit sal kan ontdek wat God van begin tot einde vir die Skepping en die mens beplan nie. Die Bybel leer:

> "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind ... Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan; daar kan niks bygevoeg en daar kan niks van weggeneem word nie; en God het dit so gemaak dat hulle moet vrees voor sy aangesig."
> [Prediker3:11, 14AOV].

7. Slegs die 'Ware Elikser' van die Lewe gaan werk

Jesus van Násaret, die Gesalfde Redder (Christus) van die wêreld en langverwagte Messias van die Jode, het plegtig belowe:

> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê ... Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe ... Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle."
>
> [Johannes3:16; 5:24; 14:1-4AOV].

Hierdie is die Ware ELIKSER van die Lewe.

Verwysings

1. Britannica.com. *Evolution.* Aanlyn 2021.
2. Britannica.com. *Humanism.* Aanlyn 2021.
3. Britannica.com. *Transhumanism (Social & Philosophical).* Aanlyn 2021.
4. Guzman, Jack (2016) *Meet the Company Offering a Chance at Immortality for $200 000.* CNBC. Aanlyn 2021.

Ons is van daardie materiaal waarop drome gebou word, en ons lewens word afgerond met slaap

(Prospero, *The Tempest*
William Shakespeare,
1564-1616)

Hoofstuk 12

MY GENÁDE IS VIR JOU GENOEG

Elke wiegie vra, "Waarheen?" en elke doodskis, "Vanwaar"?

(R.G. Ingersoll,
1833-1899)

Teëspoed, waarna ook soms verwys word as die 'Universiteit van Terugslae' en wat vir meeste mense waarskynlik nie hulle idee van pret is nie. Ek dink dit was Charles Spurgeon wat gesê het dat God heeltemal in staat is om verlore tyd, verspilde trane en dae van teëspoed terug te kan koop en dat, selfs wanneer Hy, God, soos Jesus met Lasarus, vier dae laat mag wees, Hy altyd 'betyds' sal arriveer.

1. Die Plaag van Teëspoed

Tensy ons die dinámika van die lewe op aarde en die Christen se moeitevolle pelgrimsreis onderweg na die Ewigheid verstaan, sal nóg die Skeppingsverhaal, nóg die belofte van die Wederkoms van Jesus Christus, regtig ooit vir ons sin maak. Gevolglik gebeur dit dikwels dat die 'betekenis' van die lewe begin verkrummel voor die aanslag van die wetenskap en tegnologié, naturalisme, heidense skeptisisme en daardie tipiese patológiese, materialistiese pogings om die Bybel te hiper-vergeestelik, gewoonlik om sulke mense se verleentheid voor ateïste te verberg of om vir 'self' die estétiese waarde van die Bybel vir wat dit werd is te probeer red in vandag se hiper-gesekulariseerde wêreld.

2. Aanhalings oor Lyding & Insekuriteit

Nuttige aanhalings:

- *"'n Skip in die hawe is veilig, maar dit is nie waarvoor skepe gebou word nie."*

[Dale Carnegie].

- *"Hoe méér jy aanpak, hoe méér misluk jy. Hoe méér jy faal, hoe méér leer jy. Hoe méér jy leer, hoe beter word jy."*

[John Maxwell].

- *"Indien jou God magtig genoeg is om die son aan die brand te steek, kan dit wees dat Hy magtig genoeg is om jou pad te verlig? Staan sterk! Jou 'toets' sal jou getuienis word; jou 'rommel' sal jou oorwinnings-boodskap word."*

[Max Lucado].

- *"Indien enigiets die moeite werd is om gedoen te word, is dit die moeite werd om ordentlik gedoen te word, Indien dit die moeite werd is om besit te word, is dit die werd om voor gewag te word. Indien dit die moeite werd is om te verkry, is dit die moeite werd om voor baklei te word. Indien dit die moeite werd is om ondervind te word, is dit die moeite werd om tyd daarvoor opsy te sit."*

[Oscar Wilde].

3. Die Tragédie van Selfsugtigheid

Soms is ons so behep met ons eie probleme, teëspoed en lyding dat ons totaal vergeet van die lyding van ander rondom ons. Skryf Martin Niemöller aoor die WW2 dae van die Nazi-plaag (my vertaalde parafrase):

"Eers het hulle gekom vir die Sosialiste,
En ek het nie 'n woord gesê nie
Want ek was nie 'n Sosialis nie.

Toe kom hulle vir die Vakunies se mense,
En wéér het ek nie 'n woord gesê nie
Want ek was nie 'n lid van die Vakunies nie.

Toe kom hulle vir die Jode,
Maar ek het nie 'n woord gesê nie
Want ek was nie 'n Jood nie.

En, toe kom hulle vir my,

Maar, nou was daar niemand meer oor
om vir my 'n woord te kon sê nie."

[Martin Niemöller, 1892-1984]

N.S. As beswaarmaker teen die Nazi-regime het Martin Niemöller die konsentrasie-kampe oorleef om uiteindelik by Nuremberg teen die Nazis te kon getuig. 'n Ander protestantse beswaarmaker, Dietrich Bonhoeffer (1906-1945), het die kampe egter nie oorleef nie.

4. 'n Les in Dankbaarheid

Jesus het nooit vergeet om 'dankie' te sê nie. Die Bybel leer:

> "In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het."
>
> [Mattheüs11:25AOV].

> "En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie. Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis."
>
> [Lukas22:17-19AOV].

> "En Jesus het die brode geneem, en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die dissipels en die dissipels aan die wat daar sit; so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê ... Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het ..."
>
> [Johannes6:11; 11:41AOV].

5. Die Apostel Paulus & Dankbaarheid

Die Apostel Paulus vermaan gelowiges om dankbaar te wees:

> "Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei ... Maar God sy dank vir sy onuitspreeklike gawe."
>
> [2Korinthiërs2:14; 9:15AOV].

> "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, terwyl julle God

die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus, en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God."
[Efesiërs5:19-21AOV].

6. Dankbaarheid in die Dodesél

Sommige sal sê dat die lied van die parakiet in die hok baie soeter is as die lied van die vry parakiet in die veld; afwagtende op die voltrekking van sy terégstelling vir die klag van manslag (maar na vier jaar vrygelaat) skryf Herman Charles Bosman:

"Tho' my heart is bruised and riven;
And my soul is scathed with scars –
Yet, I've touched the fringe of heaven ...
I've lived among the stars!"

Herman Charles Bosman
(1905-1951)

7. My Diensplig jare

7.1 INLEIDING. Gedurende die 1990s, jare nadat ek my verpligte diensplig vir my land in 1966 gedoen het (later opgevolg deur 'n half-dosyn verpligte opleidingskampe oor die jare heen) was ek toe, in 1994, finaal vrygestel van my verpligte diens aan die regering danksy die land se transisie na 'n demokrasié. Wanneer ek terugkyk, was daar twee besondere insidente wat my altyd sal bybly:

7.2.1 **Die SWA-Angola Grens-Oorlog Oproep.** Gedurende die 1970s, nadat ek my verpligte formele militêre opleiding alreeds as 18-jarige in 1966 voltooi het, word ek toe skielik weer opgeroep vir diens in die oorlog in die destydse Suidwes-Afrika & Angola, waar die Suid-Afrikaanse Weermag gemoeid was met 'n oorlog teen die plaaslike burgerlike militêre vleuel van SWAPO en hul bondgenoot, Fidel Castro se Kubane.

Alhoewel ergerlik oor die byna 'ongeskikte' saaklikheid van die amptelike telegram het ek nogtans, as 'n lojale burger, by die nasionale versamelpunt by 'De Brug' in Bloemfontein gaan aanmeld vir instruksies. Daardie eerste aand, op my eerste rondte van verpligte patrolliediens, kyk ek toe op na die Melkweg waar dit helder soos 'n diamant-halsnoer teen die donker nag-fluweel van die barre landskap van die De Brug kamp skitter en waar duisende soldate besig was om saam te trek vir diens in die

SWA-Angola oorlogs-teater. Ek dink toe: "Here, wat maak ek hier ... het ek nie alreeds getrou al my verpligte kampe voltooi nie?" Iewers het iets vir my verskriklik verkeerd gevoel, alhoewel ek nie die spreekwoordelike vinger daarop kon lê nie.

Die volgende dag het ek toe na my kommandant toe gestap en 'n navraag aangevra in verband met wat ek geglo het was 'n onreëlmatige oproep-instruksie. Oorlog is nie speletjies nie, en ek was nie van plan om vrywillig daarvoor aansoek te doen nie; gedurende WW2 moes my Oupa (aan my moeder se kant) vrywillig by die Weermag aansluit omdat werk soos skaars was en hy 'n gesin van ses gehad het om te onderhou. Gevolglik het hy by die Zwartkop Lugmagbasis in Pretoria gaan aanmeld vir drie maande van basiese opleiding, waarna hy toe na die Noorde vertrek het vir diens as 'n militere polisieman.

Lang storie kort; die volgende dag ontvang ons toe 'n teleks vanaf Pretoria wat bevestig dat daar 'n fout begaan is met die oproep-instruksie en dat ek nie veronderstel was om daar te wees nie. Nie lank nie en ek was op die trein terug na my tuisdorp, Vanderbijlpark. Terloops, ek twyfel of dit regtig 'n "fout" was, maar glo dat dit opsetlik gedoen was om 'n goeie opkoms te verseker, alhoewel gekamoefleer deur die verskoning van administratiewe onbeholpenheid. Dit word vertel dat eienaars van plaaswinkeltjies in Suid-Afrika dikwels verplig was om 'n rekening uit te stuur na boere in die omgewing vir die een of ander onbetaalde item iewers geneem, d.i., met die hoop dat iemand skuldig sou voel en opdok; die gevolg was dat, so vertel hulle, meer as een plaasboer, te suksesvol en te besig om sy papiere na te gaan, dikwels vir die enkele item opgedok het.

7.2.2 **Nog 'n Oproep-instruksie in die Bosveld.** Gedurende die 1990s, toe ons woonagtig was in die warm, subtropiese bosveld dorp Thabazimbi, gaan die Weermag toe weer terug op sy woord en stuur toe weer 'n oproep-instruksie vir verpligte Kommando-diensplig op die SA-Botswana grens. Ek was nie 'n bietjie onsteld nie: "Here, hier is ek na jare van die getroue nakoming van my diensplig verpligtinge, alweer ingegooi tussen 'n bondel jong seuns die helfte van my ouderdom ... wat maak ek hier?"

Nietemin het ek nie formeel beswaar gaan maak nie, maar, steeds afwagtend in Ellisras op vervoer na die grensgebied waar ons die Botswana grens met SA sou patrolleer (in die dae van oorgrens-terrorisme) word ek toe ingeroep en meegedeel dat, as gevolg van die gapende verskil in ouderdom tussen my en die ander lede, ek teruggestuur word vanaf Ellisras na my basiskamp op Thabazimbi naby die dorp waar ek toe ingespan is saam met 'n klompie ander soldate om diens te doen in die Kommando Hoofkwartier se Marnet Radiokamer, spesiaal opgerig vir radio-kommunikasie met patrollie-eenhede op die grens. Dit het my soos 'n handskoen gepas, want, aangesien ek die nagdiens-opsie moes neem en in

elk geval mag gerus het tussen die amptelike, geskeduleerde radio kontak-episodes, ek gedurende die dag by die huis kon studeer vir my opkomende UNISA eksamens.

My aangenaamste herinnering? Die dag toe ek moedeloos in Ellisras op die kaal matras van 'n leë vaal weermag-bed gaan sit, en, toe ek agteroor op die matras gaan lê en ek opkyk na die dak van die tent, ek die volgende woorde in wit bordkryt geskryf (reg bokant my bed) teen die seil van die tent (in Engels) lees: "My Grace is sufficient for thee!" Doen die sommetjie: Uit letterlik dosyne tente, elk toegerus met enigiets tussen ses en agt katels, gaan sit ek toe in 'n tent op die bed waar daardie woorde geskryf staan. Die Bybel leer:

> "En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon."
> [2Korinthiërs12:9AOV].

8. Die Oond, die Smeed en die Hamer

8.1 **INLEIDING.** In sy boek, *Faith's Cheque-Book on the Bank of Faith,* skryf Charles Spurgeon:

> *"My Lord's words are true; I have my share of tribulation beyond all doubt. How can I look to be at home in the enemy's country, joyful while in exile, or comfortable in a wilderness? This is not my rest. This the place of the furnace, the forge and the hammer."*

Meeste van ons sal, ek dink, hartlik daarmee saamstem.

8.2 SALOMO BOU SY TEMPEL. Bogenoemde herinner my aan die tyd toe Salomo die Tempel gebou het. Die Bybel leer:

> "En toe die huis gebou is, is dit opgetrek van klippe, kant en klaar uit die breekplek: hamers en koubeitels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie."
> [1Konings6:7AOV].

Uit hierdie gedeelte kan ons duidelik aflei dat die groot en imposante stene vir die Tempel in 'n steengroef, weg van die Tempel-kompleks, gekap en gesny was, en dat die geraas van hamers en beitels nie naby die Tempel-area toegelaat was nie.

8.3 HIERDIE WÊRELD IS GOD SE STEENGROEF. Die kinders van God is soos stene wat gesny en gekap word met die hamers en beitels van die steengroef van hierdie wêreld, d.i., 'n wêreld van onkunde, ongehoorsaamheid, oppervlakkige geestelikheid en die brute ongeërgdheid en onverskilligheid van die merendeels sekulêre, heidense samelewing, d.i., waar die geraas van hierdie lewe se stryd, pyn, lyding, teëspoed, teleurstelling, beproewinge, die dood en rou-beklaers nooit weer in die Vader se *Huis van Baie Wonings* gehoor sal word nie, en waar God self die trane van hulle oë sal vee.

> "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is ... want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee ... En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar."
>
> [Johannes14:2-3; Openbaring7:17; 21:4-5AOV].

9. Jesus Christus was ook in die steengroef

Jesus Christus moes ook, tydens Sy bediening, die ongemak, pyn en vernedering van die steengroef en die smeltkroes van sy oonde ondergaan. Die Bybel leer:

> "Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek."
>
> [Hebreërs5:8-10AOV].

Hoe sou ons, in die Ewigheid, ooit die hel van die Romeinse géseling en die kruisiging kon waardeer indien ons nie ook self in die steengroef van lyding was nie? Hoe sou ons ooit dankbaar kon wees teenoor Hom wat Sy lewe vir Sy vriend gegee het indien ons nie ook self die Jordaan van die dood oorgegaan het nie? Jesus het belowe:

> "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet

> julle en die weg ken julle ... Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."
>
> [Johannes14:1-4; 16:33AOV].

Verwysings

1. American Holocaust Museum. *Martin Niëmoller.* Aanlyn 2021.
2. Spurgeon, Charles. *Faith's Cheque-Book on the Bank of Faith.*
3. Wikipedia. *Herman Charles Bosman.* Aanlyn 2021.

Werp weg u roede, Werp weg u wraak;
O Heer, Kies die sagter weg

(George Herbert,
1593-1633)

Hoofstuk 13

VRAE WAARVOOR DIE WETENSKAP NIE ANTWOORDE HET NIE

Lesers is van twee soorte; een wat versigtig deur 'n boek gaan, en die ander wat die boek versigtig deur hom (of haar) laat gaan

(Douglas Jerrold,
1803-1857)

Aangesien ons alreeds gesien het dat wetenskaplikes erken dat hulle net ongeveer 5% weet van dit wat in die Kosmos aangaan met die res (95%) beskrywe as, "onnaspeurbare donker materié en donker energié", het ons geen ander keuse nie as om te erken dat daar sekere vrae is wat nooit in hierdie lewe beantwoord sal word nie; ook, dat daar sekere vrae is wat net deur die Bybel ooit beantwoord sal kan word. Die hardste feit van almal egter is dat dat daar vrae is wat net deur God self beantwoord sal kan word: Die Bybel leer:

> "So spreek die HERE wat dit doen, die HERE wat dit formeer om dit te bevestig, HERE is sy Naam: Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."
>
> [Jeremia33:2-3AOV].

> "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. Nikodémus antwoord en sê vir Hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur?"
>
> [Jesája55:8-9AOV].

> "Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet."
>
> [Deuteronómium29:29AOV].

> "Weer het ek onder die son gesien dat die wedloop nie is vir die vinniges en die oorlog nie vir die helde nie; en ook die brood is nie vir die wyse of ook rykdom vir die slimmes of ook guns vir die verstandiges nie; want tyd en lotgeval tref hulle almal."
>
> [Prediker3:11AOV].

> "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."
>
> [Daniël 12:4AOV].

> "Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God."
>
> [Romeine8:18-19AOV].

> "En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie ... [LATER]: En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby."
>
> [Openbaring10:4; 22:10AOV].

1. Vrae wat wetenskaplikes nie kan beantwoord nie

Vrae wat die wetenskap nog nooit samehangend duidelik kon beantwoord nie:

- Waarom is daar IETS i.p.v. NIKS?
- Waar kom ons vandaan?
- Waarom is ons hier?
- Waarheen is ons op pad?
- Is daar hoop vir planeet aarde?
- Is daar lewe ná die dood?
- Hoe kan ons die verskil tussen REG en VERKEERD weet?

2. Waarom is daar 'Iets' in plaas van 'Niks'?

2.1 WAT DIE BYBEL LEER. Die Bybel leer dat God die hemel en die aarde geskape het (Génesis1:1). Hoewel die Bybel nie verduidelik waarom God dit nodig geag het om die hemel en die aarde te skape nie, kan ons met sekerheid weet dat die almagtige, alomteenwoordige en alwetende God dus lank voor die Skepping reeds bestaan en dat Hy, gevolglik, nie die dimensies van tyd, ruimte en materié (soos ons dit ken en ervaar) nodig het vir Sy voortbestaan, oorlewing en welsyn nie. Jesus Christus het geleer:

> "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."
>
> [Johannes4:24AOV].

So, waarom is daar IETS i.p.v. NIKS? Al wat ons verseker kan weet is dat God die wêreld vir Sy eer en glórie geskep het. Met ander woorde het God waarskynlik hierdie magtige, majestuese Kosmos in wording gespreek met die woorde van Sy mond vir die generasies om kennis te neem van die prag en praal (en ongelooflike ingenieurs-vernuf) van die Skepper van die Kosmos, d.w.s., iemand nie alleen van onbeskryflike Almag, maar ook 'n Argitek en Kunstenaar van formaat wat orde, struktuur en skoonheid liefhet. Die Bybel leer:

> "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande."
>
> [Psalm19:2AOV].

> "Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af, elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het ... So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?"
>
> [Jesája43:6-7; 66:1AOV].

Wat die ateïs en die goddelose aanbetref, leer die Bybel:

> "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.
>
> Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.
>
> Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword."
>
> [Romeine1:18-22AOV].

2.2 DIE RASIONAAL AGTER DIE SKEPPING. Ongelukkig het God dit nie nodig geag om ons in te lig oor waarom Hy die Kosmos geskep het nie, behalwe vir die feit dat dit geskep was tot Sy eer en glórie. Vanselfsprekend is die God van Moses en die Tien Gebooie absoluut selfonderhoudend wie aan niks behoefte het nie, behalwe miskien vir geleenthede om te skep ... 'n ware God sal vanselfsprekend in staat wees om te skep en graag te wil skep.

Wanneer ons die majestuese Kosmos met sy onpeilbare dieptes, hoogtes en breedtes aanskou, is dit moeilik om te aanvaar dat dit alles geskape was vir niemand behalwe vir ons as mens om dit te aanskou nie; daarom sal ek nie verbaas wees as hierdie Kosmos floreer met lewe nie, maar met asemrowende, misterieuse, hemelse lewensvorme soos bv. engele ens., en nie Hollywoodiaanse Mars-mannetjies nie. Die Kosmos is eenvoudig te enorm om te aanvaar dat dit vir die gerief en welsyn van die mens alleen geskape is. Selfs Charles Spurgeon het geskryf dat hy nie verbaas sal wees indien die storie van die aarde en die mens maar net nog 'n "sy-vertoning" van die Heelal is nie (en ook nie noodwendig die hoof sy-vertoning nie). Maar, indien slegs 'n sy-vertoning, dank God dat dit steeds belangrik genoeg geag was vir Jesus Christus om vir ons (Sy "vriende") te kom sterf.

2.3 ONS KAN NIE WEET HOE DIE WARE KOSMOS LYK NIE. Hou in gedagte dat ons geen idee het hoe die ware Kosmos lyk nie. Wanneer ons die sterre aanskou, aanskou ons waarskynlik net 'n beeld van die geskiedenis van die Heelal. Indien ons byvoorbeeld die son aanskou, sien ons dit soos dit ongeveer 8 minute en 20 sekondes vantevóre moes gelyk het; Orion, soos dit 1600 jaar gelede moes gelyk het; Alpha Centauri, soos dit 4.367 jaar gelede moes gelyk het Andromeda (hipotéties) soos dit 2.537 miljoen jaar gelede moes gelyk het, terwyl in gedagte gehou moet word dat die afstande na die sterre en sterstelsels (in ligjare) nie noodwendig met die ouderdom van die Heelal te doen het nie; trouens twyfel ek of enige hemelliggaam met 'n afstand van méér as ("verder as") 100 ligjaar ooit akkuraat gemeet kan word.

Ons sal, met ander woorde, waarskynlik geskok of verras wees indien ons sou kon sien hoe die Kosmos werklik lyk. Ons het geen ander keuse nie as om te aanvaar dat God die Kosmos en die mens vir Sy glórie geskep het en dat die ware skoonheid en omvang van die Skepping, wat ons waarskynlik sprakeloos sal laat, eers by die Wederkoms van Christus bekend sal word. Die Apostel Paulus skryf:

> " ... maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet ... Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit — dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie."
>
> [1Korinthiërs2:9; 2Korinthiërs12:2-4AOV].

2.4 ATEÏSME KAN DIT NIE VERDUIDELIK NIE. Nie alleen kan die ateïs nie die oorspronge en rede vir die bestaan van die Kosmos verklaar nie, maar die Ateïsme se bygeloof dat daar nie 'n God is nie (en ook geen Hiernamaals nie) is sekerlik boonop die mees depressiewe, morbiede en demoraliserende ideologié en uitkyk op die lewe is wat ooit gepatenteer is.

3. Waar kom ons vandaan?

Die Bybel leer dat die mens 'n lewende siel geword toe God die asem van die lewe in die mens se neus geblaas het.

> "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape."
>
> [Génesis1:27AOV].

> "En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."
>
> [Génesis2:7AOV].

4. Waarom is ons hier?

Wat ookal die redes vir ons teenwoordigheid op aarde is, God het presies geweet wat Hy doen toe Hy die mens na Sy beeld en die gelowige as die "skape van Sy weide" geskape het, en, wanneer die volheid van die tyd aangebreek het, sal ons die redes daarvoor weet. Die Bybel leer:

> "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."
>
> [Génesis1:27-28AOV].

> " ... elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het."
>
> [Jesája43:7AOV].

> "Dien die HERE met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel. Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide."
>
> [Psalm100:2-3AOV].

> "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg."
>
> [Prediker12:13-14AOV].

5. Waarheen is ons op pad?

Die Bybel beskrywe die finale lot van die mens heel duidelik:

> "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos. En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."
>
> [Daniël 12:2-4AOV].

> "Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie."
>
> [Maleági3:16-18AOV].

> "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.
>
> En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.
>
> En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.
>
> En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.
>
> En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.
>
> En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.“

[Openbaring21:1-8AOV].

6. Is daar hoop vir planeet aarde?

Hoop vir hierdie (eerste) aarde? Nie regtig nie. Hoop vir die Nuwe (tweede) Aarde? Ja! Die Bybel leer:

“En hy wat vlug vir die skrikgeroep, val in die kuil; en hy wat uit die kuil uitklim, word in die strik gevang. Want die sluise uit die hoogte het oopgegaan, en die fondamente van die aarde bewe.

Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud.

Die aarde waggel geheel en al soos ‘n dronkaard en swaai heen en weer soos ‘n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie.

En in dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in ‘n kuil en bewaar word in ‘n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word. En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees”

[Jesája24:18-23AOV].

“Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as ‘n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.

Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.

Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Maar die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? —

julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.

Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.”

[2Petrus3:7-13AOV].

“En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.”

[Openbaring21:7AOV].

7. Is daar lewe na die dood?

In die Boek van Job, een van die oudste boeke van die Bybel, skryf die man Job, gedurende sy onbeskryflike lyding, hierdie vurige gebed:

“Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe, mag hulle maar in ‘n boek opgeteken word — met ‘n ystergriffel en lood—vir altyd in ‘n rots ingekap! Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou.”

[Job19:23-26AOV].

Jesus Christus het belowe:

“En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.”

[Johannes3:14-18AOV].

“Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.”

[Johannes14:1-4AOV].

Waar anders (buite die opstanding van Jesus Christus) sal ons meer getuienis vind vir lewe na die dood as die verskyning van Moses en Elia, reeds lank afgestorwe, op die Berg van Verheerliking? Die Bybel leer:

> "En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle alleen op 'n hoë berg in die eensaamheid geneem; en Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu, wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie. En daar het aan hulle verskyn Elía saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus. Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en vir Elía een. Want hy het nie geweet wat om te sê nie, want hulle was heeltemal verskrik. En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom 'n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, luister na Hom! En meteens kyk hulle rond en sien niemand meer by hulle nie, behalwe Jesus alleen."
>
> [Markus9:2-8AOV].

> "Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
>
> [Romeine6:20-23AOV].

8. Hoe kan ons die verskil weet tussen Reg en Verkeerd?

Die lewe is 'n keuse tussen God ('YHWH, 'Jehova', 'Yahweh') en Satan ('Diabolos'), die Goeie en die Slegte, die Lig en die Duisternis. Jesus Christus het die verskil tussen Goedheid (die Lig) en Boosheid (die Duisternis), soos gefundeer op die Wet van Moses (die Torah en Tien Gebooie), soos volg beskrywe:

> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad

> as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."
>
> [Johannes3:16-21AOV].

So, alhoewel die basis vir Saligheid gefundeer is op Geloof, en nie op die meriete van 'n mooi, voorbeeldige lewe of goeie gedrag nie, leer die Bybel nogtans dat Christene geskape is vir (ondere andere) goeie werke, met beginsels soos volg:

a. BYBELSE BEGINSEL #1: Vir Christene om goeie werke te doen is 'n opdrag van Jesus Christus self en van die Bybel in die algemeen.

> "Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."
>
> [Mattheüs5:16AOV].

> "Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf."
>
> [1Timotheüs6:17-19AOV].

b. BYBELSE BEGINSEL #2: Mense vol van goeie werke sal deur God aangeprys word en in hul gemeenskap waardeer word.

> "En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het."
>
> [Handelinge9:36AOV].

c. BYBELSE BEGINSEL #3: Jesus Christus het self verskeie goeie werke gedoen tydens Sy bediening op aarde.

> "Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My?"
>
> [Johannes10:32AOV].

d. BYBELSE BEGINSEL #4: Regeringsleiers sal goeie werke deur Christene verwelkom.

> "Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang."
>
> [Romeine13:3AOV].

e. BYBELSE BEGINSEL #5: Christene is geskape tot goeie werke aangesien God dit so bepaal het.

> "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."
>
> [Efesiërs2:10AOV].

f. BYBELSE BEGINSEL #6: Diegene wat voorgee dat hulle Christene is maar nooit goeie werke doen nie word beskou as gruwelik en ongehoorsaam.

> "Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk."
>
> [Titus1:16AOV].

g. BYBELSE BEGINSEL #7: Goeie werke in die geheim gedoen sal deur God beloon word.

> "Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie. Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde."
>
> [Mattheüs6:1-4AOV].

h. BYBELSE BEGINSEL #8: Jesus Christus het groot waarde geheg aan die goeie werke van Sy dissipels en allerhande belonings daarvoor belowe ooreenkomstig die aard van die goeie werk.

> "Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade."
>
> [Mattheüs16:27AOV].

> "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste."

[Openbaring22:12-13AOV].

i. BYBELSE BEGINSEL #9: Gelowiges wat getrou was sal by die BEMA Regterstoel van Christus loon ontvang vir goeie werk gedoen op aarde.

> "En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf ... En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank ... En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."
>
> [Openbaring11:18; 20:4,12AOV].

j. BYBELSE BEGINSEL #10: Vyf spesiale Krone word, wil dit voorkom, gereserveer vir gelowiges wie in vyf vername terreine uitgeblink het.

(i) Die Kroon van die Lewe.

> "Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet."
>
> [Jakobus1:12AOV].

> "Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."
>
> [Openbaring2:10AOV].

(ii) Die Onverwelklike Kroon.

> "Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—húlle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike."
>
> [1Korinthiërs9:24-25AOV].

(iii) Die Kroon van Geregtigheid.

"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het."

[2Timotheüs4:8AOV].

(iv) Die Kroon van Heerlikheid.

"Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word: Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang."

[1Petrus5:1-4AOV].

(v) Die Kroon van Blydskap.

"Want wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms? Want julle is ons eer en blydskap."

[1Thessalonicense2:19-20AOV].

"Daarom, my geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes."

[Filippense4:1AOV].

'n Man word geken aan die soort vriende wat hy versamel

(Ambrose Bierce,
1842-1914)

Hoofstuk 14

‘N NUWE HEMEL EN ‘N NUWE AARDE

‘n Prins wie nie die moeite om te verstaan wil doen nie sal die gevaar van vertroue moet waag

(GEORGE SAVILE,
Lord Halifax,
1633-1695)

Inleiding. Die Bybel leer:

> “En hy wat vlug vir die skrikgeroep, val in die kuil; en hy wat uit die kuil uitklim, word in die strik gevang. Want die sluise uit die hoogte het oopgegaan, en die fondamente van die aarde bewe.
> Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud.
> Die aarde waggel geheel en al soos ‘n dronkaard en swaai heen en weer soos ‘n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie.
> En in dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in ‘n kuil en bewaar word in ‘n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word.
> En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees.
> [Jesája24:18-23AOV].

> “Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as ‘n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.
> Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.

> Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.
> Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.
> Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? —
> julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.
> Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon."
>
> [2Petrus3:7-13AOV].

1. 'n Nuwe Hemel en Nuwe Aarde

Volgens die geliefde dissipel, Johannes:

> "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie."
>
> [Openbaring21:1AOV].

Wat dit alles behels is steeds 'n misterié. Nietemin is die vollédige beskrywing van die Nuwe Jerusalam asemrowend:

> "En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.
> En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.
> En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.
> En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.
> En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.
> En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.

En hy het my in die gees weggevoer op ‘n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.

En dit het ‘n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.

Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.

En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.

En hy wat met my gespreek het, het ‘n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet.

En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.

En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, volgens ‘n mens se maat, wat die maat van ‘n engel is.

En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas.

En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasínt, die twaalfde ametís.

En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.

En ‘n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.

En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin.

En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie; en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring.

> En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam."
>
> [Openbaring21:1-27AOV].

Geen persoon wat nie ook 'n bekwame beeldhouer en skilder is sal ooit 'n argitek kan wees nie; indien hy nie terselftertyd 'n beeldhouer en argitek is nie, sal hy bloot 'n bouer wees

(John Ruskin,
1819-1900)

Hoofstuk 15

SAMEVATTING

Ek onthou my jeug en die gevoel wat eenvoudig nie wil terugkeer nie,
d.i., daardie gevoel dat ek vir lank sal hou ... langer as die see, die aarde,
en alle mense

(Joseph Conrad,
1857-1924)

Ek sluit af soos volg:

.

1. Die Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel

1.1 INLEIDING. Die klassieke, diaboliese Evolusie Leer word deesdae so gediskrediteer soveel so dat enige huidige weergawe van ‘n Darwiniaanse Skepping, d.w.s., indien die “miljarde en miljoene jare” teoriste in die mark vir ‘n ‘Ou Aarde’ skeppingsmodel wil bly voortbestaan, met ‘n alternatiewe skeppingsmodel wat méér geloofwaardig is vervang sal moet word.

1.2 GROTER EN KLEINER WONDERWERKE? Soos voorheen genoem, wil dit voorkom asof die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes ‘n probleem het met die Génesis Skeppingsverhaal soos dit deur die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes vertolk word, en wel in dié opsig dat hulle (die Darwiniaanse skeppingsgesindes) waarskynlik onder die foutiewe ondruk verkeer dat vir God, om ‘n Kosmos in 13.8 miljard jaar te skep, baie makliker sou wees as om ‘n Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk te skep, slegs ongeveer 6 000 jaar gelede.

Aangesien God egter almagtig, alwetend en alomteenwoordig is behoort daar vauit Sy oogpunt tog sekerlik sulke dinge soos groter en kleiner, of moeiliker en makliker, wonderwerke te wees nie? Dit spreek tog vanself dat vir God alle

'wonderwerke' ewe 'maklik' behoort te wees? Behoort dit nie vir 'n almagtige God ewe maklik te wees om 'n mandjie brode en vissies te vermeerder as om 'n Kosmos soos ons dit ken en ervaar te skep nie? Die groot vraag is dus: Wat laat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes dink dat, om 'n Kosmos in 13.8 miljard jaar te skep, vir God makliker sou wees as om 'n Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) te skep?

Ek vind die logika onderliggend aan so 'n idee verwarrend; byvoorbeeld, wat sou die maklikste wees, om 'n heerlike wortelkoek in 35 minute te bak of om dieselfde koek in 35 jaar te bak? Wiskundig gesproke, sou 'n langer skepping-siklus nie die probleme en uitdagings verbonde aan die Skeppings-proses net eksponensieel vermeerder (en verontrief) nie?

1.3 DILEMMA MET DIE WONDERWERKE VAN DIE OU TESTAMENT. Die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes het voor 'n vurk in die pad gekom waar hulle 'n keuse sal moet maak tussen die aanvaarding van die Ou Testamentiese wonderwerke (bv., die brandende braambos, die tien plae van Egipte, die skeiding van die Rooi See, die vermeerdering van die weduwee se olie en meel, die byl wat op die water gedryf het, die son wat vir byna 'n hele dag stil gestaan het, die skaduwee wat tien grade agteruit op die sonnewyser gegaan het, die genesing van die melaatse Naäman ens.) op sigwaarde as outentiek en geldig, of die verwerping daarvan as inligting wat metafóries en/of poëties as Joodse mites en legendes vertolk moet word ... hulle kan nie hulle koek wil hê en eet nie.

Daardie gelowiges wat wel Bybelse wonderwerke as outentiek en geldig aanvaar, het geen ander keuse nie as om die Génesis Skeppingsverhaal ook op sigwaarde as geldig en outentiek, d.w.s., soos dit geskrywe staan, te aanvaar. Die skeptici maak beswaar: "Wonderwerke is onmoontlik!" roep hulle. Maar, wat inteendeel "onmoontlik" sou wees, is om in 'n God en 'n Bybel te probeer glo wat nie wonderwerke behels nie; die ganse Kosmos is 'n ontsaglike, menslik onverklaarbare, wonderwerk.

1.4 DILEMMA MET DIE WONDERWERKE VAN DIE NUWE TESTAMENT. Net soos in die geval met die Ou Testament, sal die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes al die wonderwerke van die Nuwe Testament op sigwaarde as outentiek en geldig moet aanvaar soos dit geskrywe staan, of, alternatiewelik, as inligting wat as Joodse mites en legendes metafóries en poëties vertolk sal moet word. Gelowiges wat wel die wonderwerke van die Bybel (Nuwe Testament) as outentiek en geldig aanvaar, het eweneens geen ander keuse as om ook die wonder van 'n Génesis Skepping in slegs ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) te aanvaar. So, met 'n Skepper wat brood en vissies na hartelus kan vermeerder, waarom sou dit vir

God te moeilik gewees het om ‘n Kosmos binne ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) te kon skep? Dit bring ons by die groot vraag: Hoe vertolk die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes die wonderwerke van die Bybel?

1.5 DILEMMA MET DIE WEDERKOMS VAN JESUS CHRISTUS EN DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE. Die vernaamste beswaar van die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes, wil dit voorkom, is oor die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes wat die daardie olifant in die kamer, d.w.s., die Wette van die Natuur (Fisika), oënskynlik summier wil ignoreer, ‘n faktor wat die Darwiniaanse skeppingsgesindes waarskynlik grensloos bekommer.

Nou hier is die dilemma: Wanneer Jesus Christus uiteindelik weer kom, en wanneer die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde uiteindelik (volgens Openbaring 21) arriveer, hoe gaan die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes daardie dag (‘era’) se gebeure aan die hand van die Natuurwette (Fisika) verklaar? Of wil die Darwiniaanse skeppingsgesindes ook hê dat hierdie professiële van Johannes op die eiland Patmos as Joodse mitologié metafóries en poëties vertolk word? Gegewe die fenomenale ontwikkeling op die terrein van die wetenskap en tegnologié, hoe op aarde kan ons ooit weet hoe kennis m.b.t. die fisika oor ‘n duisend jaar daar gaan uitsien? Desnoods sal wat vandag as ‘wonderwerke’ beskou word dalk dan as alledaagse verskynsels geniet word.

Buitendien, sal die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde, indien werklike gebeurtenisse wat vir die gelowiges voorberei word, dan ook bv. 13.8 miljard jaar (Nuwe Hemel) en 4.54 miljard jaar (Nuwe Aarde) neem om te ‘evolueer’? Ek hoop nie so nie, aangesien Jesus Christus slegs ongeveer 2 000 jaar gelede gegaan het om dit vóór te berei (Johannes14:1-4), wat beteken dat ons dan nog minstens 13.8 miljard jaar (minus ongeveer 2 000 jaar) sal moet wag vir die Nuwe Hemel en Aarde om te arriveer.

Glo Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes werklik dat hulle, teológies, ook “miljarde jare”, nie net in die Génesis Skeppingsverhaal, maar ook eskatalógies suksesvol in die Wederkoms van Christus eindtydgebeure sal kan invoeg? Indien wel, stop hulle nie hulle ideológiese koevert hopeloos te dik nie?

2. Hoof Moréle Besware teen ‘n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping

2.1 DIT IS ‘N IDEOLÓGIESE KOMPROMIS. Die idee dat God die Evolusie Leer (Darwinisme) moes gebruik het as die proses of gereedskap waaarmee die Kosmos geskep, bestuur en in stand gehou word skep die indruk

dat hierdie wêreldbeskouing ontwerp is (i) om daardie Evolusie-bewuste lidmate van die kerk, dikwels persone wat groot finansiële bydraes aan hul gemeente betaal, te paai en tevrede te hou, en (ii) om aan hoofstroom wetenskaplikes (bedoelend teïste, ateïste en agnostici) te demonstreer hoe 'avant garde', innoverend en byderwets die moderne kerk werklik is.

2.2 DIE OERKNAL. Meeste Christene sal waarskynlik erken dat hulle nog nooit gesien het hoe 'n 'NIKS' ('n 'singulariteit') spontaan en per ongeluk sou ontplof het om, oor miljarde jare heen, te ontpop in alles wat in die Kosmos bestaan soos ons dit vandag ken; of hoe die eerste mens oor miljoene jare heen ook homself sou gemaak het insluitend sy skoonma, sy vrou en die res van die mensdom rondom ons, uit homself uit. So 'n fantasmagóriese wêreldbeskouing oor die oorspronge van alle dinge is werklik 'n rariteit van wonderwerke ver bokant dit waarin Christene in glo. Ek het ook nog nooit gesien hoe 'n hoender-eier (d.w.s., die 'eerste' hoender-eier) ditself in die wildernis uitbroei of hoe 'n wildebees-kalfie (d.w.s., die 'eerste' wildebees-kalfie) homself grootmaak nie.

Evangeliese Christene en ondersteuners van die Bybelse (Jong Aarde) Skepping ontken nie die idee van die 'fyn-instelling' van die Skeppings-oomblikke nie, maar glo dat God, en nie blinde, breinlose 'Evolusie', die Skepper daaragter was; daar is eenvoudig te véél hemelliggame wat in die verkeerde (teenoorgestelde) rigting as ander roteer, om 'n bloot meganiese 'Oerknal' vanaf 'n sentrale punt in die (nuwe) Kosmos te kan regverdig; daar moet met ander woorde 'n méér geloofwaardige teorétiese model op die tafel geplaas word voordat alle Christene noodwendig daarna gaan luister. Selfs 'n vooraanstaande wetenskaplike soos Fred Hoyle het na bewéring genoem dat die Oerknal nie 'n haalbare idee is nie. Daar is nie 'n manier hoe dom, breinlose en blinde 'Evolusie' so majestuese Skepping soos hierdie Kosmos, per ongeluk en sonder enige besondere rede en doel, deur die blote toeval van 'Evolusionêre' prosesse kon geskep het nie.

Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes glo, m.a.w., nie in (i) 'n ateïstiese (Darwiniaanse) Skepping nie asook nie in 'n (ii) teïstiese Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping deur God nie.

2.3 DIE ONFALSIFISEERBAARHEID VAN DIE DARWINISME. Onfalsifiseerbare inligting (data) is nie wetenskap-feit nie. Evolusioniste, insluitende die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes, het in die aanstootlike gewoonte verval om sogenaamde 'getuienis' vir Evolusie (en dus ook vir 'n Darwiniaanse tipe Skepping), wat totaal onfalsifiseerbaar is, op die tafel as feit te wil plaas, byvoorbeeld:

2.3.1 **Kosmológiese (Ster) Evolusie.** Niemand kan "miljarde jare" (tans geskat op "13.8 miljard jaar") terugreis in tyd om die aansprake van die evolusioniste oor die oorspronge van die Kosmos te gaan verifieer nie; ware geloofwaardige, praktiese toetsbare wetenskap dring aan op falsifiseerbare inligting (data) ter ondersteuning van die teorié onderliggend daaragter. Wetenskaplikes se verfoeilike gewoonte, d.w.s., om allerhande teoriëe en gissings in die naam van wetenskap aan te bied met die hoop dat dit, alhoewel onfalsifiseerbaar, eenvoudig institusioneel as geldig deur die samelewing aanvaar sal word hoe méér gereeld en langer die leuen herhaal word, is nie meer aanvaarbaar nie; sommige ateïste (amateurs?) skimp selfs dat hulle hul teoriëe alternatiewelik as "teoréties falsifiseerbaar" aanbied; wat op aarde beteken dit?

Evolusioniste sal dikwels Christene spot oor hulle vertroue in 'n ou Joodse boek wat die 'Bybel' genoem word en hulle verbaas vra hoe hulle dan soveel vertroue kan hê in 'n Boek propvol (wat hulle noem) Joodse legendes en mites wat so "verouderd" ('n klompie millenniums oud) is. Dan, wonder bo wonder, dan gaan die evolusioniste (wetenskaplikes) self en bou hulle kosmológiese teoriëe en modelle van die Kosmos op sterrestelsels en allerhande astronómiese fenomene wat kwansuis "miljarde jare" oud is ... so wie is nou eintlik die mense met "verouderde inligting" hier? Vir al wat hulle weet kyk hulle (volgens hulle idees) diep in die verlede in na die spookbeelde van hemelligame wat waarskynlik lankal nie meer bestaan nie.

Die miljoenrand vraag: Wat is (bv.) *werklik (fisies)* daar waar die Andromeda, Orion of Sombrero vandag is? Selfs ons eie son is slegs sigbaar vir die menslike oog daar waar dit ongeveer 8 minute en 20 sekondes gelede was; ons neem dus slegs 'n spookbeeld van die son wáár, en nie die werklike son nie. Op hierdie afstand maak dit nie veel saak nie, want dit sou (as 'betroubare data') binne 8 minute en 20 sekondes bevestig kon word, maar op bv. miljarde ligjare afstande tussen die aarde en sterrestelsels is verifieerbaarheid, en dus falsifiseerbaarheid, fisies onmoontlik, of wil ernstige wetenskaplikes hulle data werklik alles "teoréties falsifiseer"?

2.3.2 **Geológiese Evaluasie.** Niemand kan "miljarde jare" (tans geskat op "4.54 miljard jaar") terugreis in tyd om die aansprake van evolusioniste oor die ouderdom van die aarde te gaan verifieer nie. Ware wetenskap dring aan op falsifiseerbare data (inligting). Na miljarde jare se reis deur die Kosmos in sy baan om die son (teen 107 000kpu) moes die aarde teen hierdie tyd heelwat gladder as 'n snoekerbal te gewees het, en dit is alles behalwe. Klim in 'n vliegtuig en kyk af ... al wat mens sien is die gevolge van 'n katastrófiese wêreldwye vloed wat die aarde moes verwoes het gedurende die dae van Noag. Dit is nie moeilik om te verstaan waarom skeptiese

mense die vloed van Noag as ‘n mite en legende wil afskryf nie; mense se geheues is maar kort ... daar is alreeds mense (veral in plekke soos Iran ens.) wat die (WW2) Holocaust, skaars ‘n eeu oud, alreeds afskryf as ‘n mite.

Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes bou hulle hoop op die Woord van God (Ou Testament plus Nuwe Testament) wat maar ‘n klompie millenniums oud is, terwyl die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes hulle hoop op ‘n geológiese geskiedenis vir die aarde van “4.54 miljard jaar” oud bou. Eerlikwaar ... wie is die mense met die *oudste* verouderde (en boonop onfalsifiseerbare) inligting hier?

2.3.3. **Biológiese Evolusie (Die “Fossiel Rekord”).** Paleontoloë is al jare besig om fossiele, na bewering “miljoene jare” oud, as getuienis vir Evolusie bymekaar te maak; die probleem is dat niemand daardie miljoene jare terug in die verlede kan reis om die aansprake (gissings) van die paleontoloë te gaan verifieer nie, alles onfalsifiseerbare inligting (data) wat niks meer as gissings is nie. Ek herhaal tot vervélens toe ... onfalsifiseerbare data is nie wetenskap-feit nie; ware wetenskap dring aan op falsifiseerbare inligting as bona fide getuienis vir ‘n teorié.

Wat die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes aanbetref, is fossiele tydens die Bybelse vloed van Noag, wat vandag bekend staan as fossiel-brandstof (olie, steenkool, gas) gevorm toe mense, diere en plante wêreldwyd deur die vloed-katastrófe van Noag se dae oorval en in sediment neergelê is. Nêrens in die wêreld word ‘n soortgelyke katastrófe vandag spontaan-natuurlik herhaal nie ... dit was ‘n eenmalige gebeurtenis uniek in die geskiedenis van die aarde en die mensdom. Selfs ateïste erken dat fossiel-brandstof onvervangbaar is, daarom die desperate gesoek na alternatiewe (nie-fossiel gedrewe) energiebronne.

Terloops, waar is die fossiele vir die intermediêre stadiums van evolusie van die spesies oor miljoene jare heen; en, waarom word Evolusie nêrens vandag waargeneem nie?

2.3.4 **Waar is die Geológiese Tydskaal?** Kan evolusioniste en die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes ons na ‘n plek neem waar ons ‘n snit in die aarde kan sien wat die Geológiese Tydskaal presies vir ons kan illustreer soos dit op hulle pragtige muurkaarte en in hulle teksboeke aangedui word? Bestaan die Geológiese Tydskaal werklik, of is dit niks meer as ‘n filosófiese konstruk ook maar gefundeer op onfalsifiseerbare (“miljoene jare” oue) data wat nie empiries, prakties, geverifieer kan word nie? Terloops, het die leser al ooit die Geológiese Tydskaal (buiten prentjies in boeke) fisies iewers waargeneem? Nietemin, al sou dit werklik bestaan (alhoewel versprei oor die aardkors heen) dan sou dit nie noodwendig met die ouderdom van die aarde iets te doen hê nie; die

enigmátiese 'Kambriaanse ontploffing' weerspreek steeds enige sulke idealistiese idees.

2.3.5 **Die Almag van God: Wetenskaplike gronde vir 'n Darwiniaanse (Ou Aarde) Skepping makliker vir God?** Op watter wetenskaplike gronde plaas die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes hulle argument naamlik dat dit vir God "makliker" sou gewees het om 'n Kosmos in 13.8 miljard jaar te maak as om dit in ses gewone weeksdae van 24-uur (ongeveer 6 000 jaar gelede) te kon maak? Behoort ons nie roekeloos eerlik te wees en ruiterlik te erken dat albei die modelle (suiwer tegnies gesproke) tegnies ewe maklik sou gewees het vir God om te kon gedoen het nie?

Is God almagtig? (Ja, Hy is!). *Kan God enigiets doen?* (Ja, Ky kan!). *Kan God dinge uit die niet roep asof dit bestaan?* (Ja, hy kan!). *Kan God doen ver bokant dit wat ons kan bid of dink?* (Ja, Hy kan!). *Is alle dinge vir God moontlik?* (Ja, dit is!).

Nietemin glo Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes dat God die Kosmos geskape het, of dit nou in ses zepto-sekondes gebeur het, ses gewone weeksdae van 24-uur elk of oor 13.8 miljard jaar heen, dit in al die gevalle nooit deur middel van die proses van Evolusie sou gebeur het nie, aangesien die diabóliese prosesse wat aan die Evolusie-profiel toegedig word absoluut bots met die karakter, waardes en etos van God. Die skeppingsmodel van ses gewone weeksdae van 24-uur elk ongeveer 6 000 jaar gelede word deur die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes dus as die mees geloofwaardige (d.w.s. mees getrou aan die Génesis teks) Skeppingsmodel aanvaar.

2.3.6 **Die sogenaamde "Primordiale aarde" en (sogenaamde) "pre-Adamitiese ras" teoriëe.** Die Boek van Openbaring leer duidelik dat die Nuwe Aarde van Openbaring 21 slegs die *tweede aarde* van die geskiedenis gaan wees, en dat die aarde waarop ons tans woon, dus die *eerste aarde* van die geskiedenis is. So, enige spekulasie oor 'n sogenaamde "pre-Adamitiese ras" van ongedomestikeerde ignoramusse, wat lank vóór Adam in die veld diere vir vleis sou gejag het, is bloot die vrug van 'n ryk verbeelding, komplimente van die invloed van Hollywood en wetenskap-fiksie skrywers. Indien soiets ooit gebeur het, sou dit ná Adam, en nie vóór Adam nie, moes gebeur het.

Daar kon nie 'n ras van mense vóór Adam geleef het nie, aangesien dit die 'dood' vóór Adam plaas, terwyl die 'dood' eers ingetree het nadat Adam gesondig het; nog minder aangesien die Bybel duidelik leer dat, vóór Adam, daar *geen mens* was om die grond te bewerk nie. Die Nuwe Testament leer verder dat Adam die *eerste mens* ooit was. Jesus het geleer dat Adam en Eva as man en vrou geskape was van die begin af, en dat die

Satan ‘n leuenaar was van die begin af (d.w.s, vanaf Genesis 1:1). Daar was ‘n ‘begin’, maar nie ‘n ‘pre-begin’, nie. Die woord ‘pre-historiés’ hoort gladnie in woordeboeke nie ... geskiedenis is geskiedenis, punt.

Selfs al sou iemand wou beweer dat die wesens wat vóór Adam (na bewering) sou bestaan het, nie bona fide ‘mense’ was nie maar bloot lewende wesens wat dalk soos mense kon gelyk het, sou dit nog minder sin maak, aangesien God duidelik in Génesis alles wat Hy geskape het sorgvuldig gelys het sodat niemand die Skeppingsorde van dinge moes misverstaan nie; nêrens word daar in die hele Bybel melding gemaak van ‘n geheimsinnige ras van mense (wat nie mense was nie maar wat net soos mense gelyk het) ooit vóór Adam geskape was nie. In elk geval, indien hulle nie ‘mense’ was nie, sou hulle noodgedwonge dan ‘diere’ moes wees, en diere is eers later geskape.

Ongelukkig was die mens nog altyd baie lief vir bygelowe en wetenskap-fiksie, waaronder moderne, voorstedelike sameswering-steoriëe ook vandag val; die ‘pre-Adamitiese ras teorie’ is een van daardie valse, moderne, voorstedelike sameswerings-teoriëe wat maar net nie wil verdwyn nie.

2.3.7 **Wat om te maak van die Wederkoms van Christus?** Wat gaan die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes doen wanneer Jesus Christus met groot krag en heerlikheid in die wolke van die hemel verskyn? Indien die huidige fisika (natuurwette) dan nie die Génesis Skeppingsverhaal van ‘n Skepping in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (en al die wonderwerke van die ganse Bybel) wetenskaplik kan verklaar en dus nie aanvaar nie, hoe gaan die fisika (natuurwette) die Wederkoms van Christus en die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde wetenskaplik aan die hand van fisika verklaar? Gaan die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes daardie dag eenvoudig terugstaan en vir mekaar sê, “Dit is alles seker ‘n wonderlike hallusinasie of optiese illusie!” (?).

In die eerste plek is ‘massa-hallusinasies’ nie sielkundig moontlik nie, en, in die tweede plek, skep ‘optiese illusies’ in die reël nie pragtige, intelligent georkestreerde hologramme in die ruimte nie, om nie eers te praat van wanneer die Nuwe Jerusalem soos ‘n bruid versier uit die hemel neerdaal op die aarde nie, of, sal die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes wil hê dat ons die *Boek van Openbaring* se profétiese verwagtinge alles voor die voet en onvoorwaardelik ook metafóries en poëties verstaan en vertolk?

2.3.8. **Jesus Christus het reeds in Sy tyd op aarde alreeds met die idee van ‘Evolusie in die Bybel’ klaargespeel.**

a. Die genealogié van Jesus Christus vanaf Adam tot op die geboorte van Christus word duidelik in die Evangelie van Lukas (Lukas3:1-38)

uitgespel en dit vorm beslis nie ‘n tydlyn van “miljoene jare” nie ... dit tel op na min of meer 6 000 jaar.

b. Jesus Christus het persoonlik die historisiteit van die Bybel m.b.t. die verhaal oor Adam en die skepping van die eerste twee mense bevestig (Mattheüs Hfstk 19). Hy het ook die historisiteit van die Bybel m.b.t. die lewe van Noag, die ark en die groot wêreldwye vloed bevestig (Mattheüs Hfstk 24).

c. Jesus Christus het water in verander, by meer as een geleentheid die brode en vissies vermeerder, siekes gesond gemaak, die wind beveel om te gaan lê, op water geloop, dooies uit die dood opgewek en self ook uit die dood opgestaan, met ‘n byna non-chalante verontagsaming van die fisika en die wette van die natuur. So, waarom sou Hy dan nou probleme gehad het met die skepping van ‘n Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk ongeveer 6 000 jaar gelede? Let op dat dit Jesus self was wat in opdrag van God die Vader (as Hemelse Argitek en Projek Ingenieur) die wêrelde geskape het en vandag nog onderhou deur die krag van Sy woord (Hebreërs 4:1-4).

d. Op die *Berg van Verheerliking* was Jesus gesien in gesprek met Moses en Elia, twee Ou Testamentiese figure wat alreeds vir eeue oorlede is; so, aanvaar die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes hierdie gebeurtenis as outentiek en geldig of moet dit ook as metafóries en poëties vertolk word as die koorsdrome en ryke verbeelding van Petrus, Johannes en Jakobus? Let nietemin daarop dat, alhoewel die Joodse wet dit vereis dat minstens twee of drie (oog)getuies ‘n saak moet bevestig, daar op daardie dag nie minder nie as sewe getuies was wat die saak kon bevestig, nl., God die Vader, God die Heilige Gees, Moses, Elia, Petrus, Johannes en Jakobus, d.w.s., buiten Jesus Christus self wie ook van onkreukbare karakter was/is.

2.4 DIE OOMBLIK VAN WAARHEID HET AANGEBREEK. Dit wil dus voorkom asof die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes sal moet kies tussen:

(i) die behoud van die bonatuurlike, wonderwerke elemente van die Ou en Nuwe Testamente van die Bybelse teks as histórie outentiek en geldig, en die letterlike vertolking daarvan, en

(ii) die verwerping van die vertolking daarvan as metafóries, figuurlik en poëties (teológies ongeldig).

Hulle sal egter baie versigtig te werk moet gaan om nie te haastig uit te wil uitwis nie, want, om getrou konsekwent te wees, sodra hulle op die uitwissingsveldtog besluit, hulle dalk kritiese dele van die tradisionele Bybelse teks ook sal moet uitwis, en die eerste daarvan sal waarskynlik wees die wonderwerk van die fisiese Bybel in hul hand. Maar, selfs al sou hulle die Bybel wou behou, sal moontlik moet volg die hele Geloofs-hoofstuk van Hebreërs 11, en dan waarskynlik gevolg deur groot gedeeltes van die Nuwe Testamentiese Sendbriewe. Uiteindelik sal hulle dalk sit met die Bybel as niks meer nie as bloot 'n interessante pamflet, veral nadat hulle groot gedeeltes van die teks in die Ou Testament begin uitwis het.

Evangéliese Christene van die Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsmodel het, andersyds, hulself intussen verbind tot die behoud van die benadering tot God as 'n transendentale wese wie die Kosmos vanuit 'n transendentale platform (of 'hemelse kuberruimte') geskep het as 'n werklike, wonderbaarlike históriese gebeurtenis soos transendentaal georkestreer deur God die Vader deur middel van Sy de facto Argitek en Projek Ingenieur, Jesus Christus. Hulle vertrekpunt is dat die wonderwerke element van die Bybel, die Génesis Skeppingsverhaal en al die wonderwerke van die Bybel nie summier links en regs soos 'n nare droom weg-gewens of weg-geredeneer kan word nie. Die bestaan en werklikheid van die Kosmos is eenvoudig te groots en wonderlik om goedsmoeds die wonderwerkende kragte en invloede daaragter te wil misken.

Soos die Bybel leer sien ons soos met 'n spiëel in 'n raaisel en moet ons dus versigtig trap ... of wil die postmoderne, Darwiniaanse skeppingsgesindes ook nou in pas val by die radikale WOKE beweging wat alles en almal wat nie strook met hulle idee van 'korrektheid' (hetsy polities of teológies) nie, wil 'kanselleer'?

'n Eenvoudige analogié om die skepping van die Kosmos mee te illustreer, kon desnoods wees waar 'n skrywer byvoorbeeld 'n eBoek elektronies begin skrywe, en, 'n klompie maande later, 'n harde-kopié met behulp van die tegnologié druk vir verspreiding na winkelrakke of vriende. Net so was die Kosmos waarskynlik in God se gedagtes gekonsepsualiseer vanaf die 'hemelse kuberruimte' waar God bestaan voordat Hy uiteindelik met die spreekwoordelike druk van 'n 'knoppie' (die woorde van Sy mond) die harde kopié (prototipe) op die voorbereide 'doek' (templaat) van die Kosmos as 'n soliede feit uitgedruk het ... al gehoor van 3D drukwerk? En, selfs al het dit nie presies so gebeur nie, sou God dit in elk geval so kon doen indien Hy dit so sou verkies het.

Waarom sou tyd en afstand 'n probleem vir God wees wanneer die engele in Sy diens die Heelal in zepto-sekondes (of dalk in 'n oogwink) van hoek tot kant

kan deurkruis? ‘n Zepto-sekonde is ‘n *triljoenste van ‘n biljoenste van ‘n sekonde, of ‘n desimale punt gevolg deur 20 nulle en ‘n 1,* soos volg:

0.00000000000000000001
(een zepto-sekonde)

3. ‘Skeppende Evolusie’ in die Bybel?

3.1 INLEIDING. Om ‘n moontlike beswaar oor die aanbieding van ‘n ‘valse digotomié’ te vermy, het ek ‘n glyskaal ontwerp, bestaande uit drie bekende skeppingsmodelle wat ek as relevant vir hierdie gesprek beskou, om mee te illustreer. Ek kan onmoontlik nie al die variasies in die wêreld op die tema deur elke moontlike sekulêre vereniging wat bestaan hierby insluit nie.

3.2 BESPREKING VAN DIE DRIE SCENARIOS.

3.2.1(A). **Veronderstel die Skeppingsmodel van, ‘Intelligent Ontwerp deur God’, is wáár/geldig.** In hierdie scenario sou daar INTELLIGENTE ONTWERP wees, maar geen EVOLUSIE nie, en die wêreld sou geskep gewees het presies soos die Bybel leer, nl., wonderbaarlik deur die almagtige Skepper (Jehova/Yahweh) van hemel en aarde.

3.2.1(B). **Veronderstel die Skeppingsmodel van, ‘Intelligent Ontwerp deur God’, is vals/ongeldig.** In hierdie scenario sou enigeen van die modelle ‘Ateïsme’ (EVOLUSIE maar geen GOD) en/of ‘Intelligent Ontwerp deur God m.b.v. Evolusie’ (GOD plus EVOLUSIE) wáár/geldig wees.



3.2.2(A). **Veronderstel die Skeppingsmodel, 'Intelligent Ontwerp deur God m.b.v. Evolusie' is wáár/geldig.** In hierdie scenario sou daar GOD plus EVOLUSIE wees.

3.2.2(B). **Veronderstel die Skeppingsmodel 'Intelligent Ontwerp deur God m.b.v. Evolusie' is vals/ongeldig.** In hierdie scenario sou enigeen van die modelle 'Intelligent Ontwerp deur God' (GOD) en 'Ateïsme' (EVOLUSIE maar geen GOD) wáár/geldig wees.

3.2.3(A). **Veronderstel die Skeppingsmodel, 'Ateïsme' was wáár/geldig.** In hierdie scenario sou daar EVOLUSIE wees maar geen GOD.

3.2.3(B). **Veronderstel die Skeppingsmodel Ateïsme was vals/ongeldig.** In hierdie scenario sou daar GOD wees maar geen EVOLUSIE.

3.3 GEVOLGTREKKING. Hou in gedagte dat die ateïste (sekulêre humaniste) nie in Absolute Waarheid (m.a.w., die God van die Bybel, die toonbeeld van Absolute Waarheid) glo nie, behalwe (eienaardig genoeg) vir die absolute waarheid van die Ateïsme (!). So, wanneer die ateïste boeke skryf, toesprake hou, debatteer of aan paneelbesprekings deelneem, hoe sal ons ooit weet of hulle die absolute waarheid praat? Hoe kan hulle verwag dat ons moet glo wat hulle te sê het? Nietemin is dit interessant hoe die bogenoemde Skeppingsmodelle met mekaar vergelyk het suiwer m.b.t. Ateïsme as die fokuspunt:

3.3.1 Sou die ATEÏSME wáár en geldig wees, sou daar EVOLUSIE wees maar geen GOD.

3.3.2. Sou die ATEÏSME vals/ongeldig wees, sou daar GOD wees maar geen EVOLUSIE.

3.3.3. Die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes se dilemma: Waar die scenario *Ateïsme* as 'n model wáár/geldig is, sou daar geen GOD wees nie; en, waar die scenario *Ateïsme* as 'n model vals/ongeldig is, sou daar geen EVOLUSIE wees nie. So, maak nie saak of die Ateïsme wáár (geldig) of vals (ongeldig) is nie, daar sou in beide gevalle nooit vir die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes 'n werkbare model oorbly waar albei die vereistes vir die geldigheid van 'n Darwiniaanse Skeppingsmodel, nl., GOD plus EVOLUSIE, gelyktydig teenwoordig of beskikbaar is nie. Die Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsmodel het beide GOD plus EVOLUSIE in hul vergelyking nodig om as werkbare skeppingsmodel te slaag.

Die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes se enigste logiese opsie vir hulle model om as werkbare skeppingsmodel te slaag is (i) om die Ateïsme-opsie heeltemal te ignoreer en slegs die ander beskikbare groep (Intelligente Ontwerp sonder Evolusie) as opposisie in die debat en vergelyking te oorweeg. Die argument gaan dus oor die saak of God Evolusie gedurende die Skeppingsproses sou gebruik het aldan nie, of daar nou soiets soos ateïste (die mense wat die potsierlike idee van Evolusie eerste uitgedink het) was of nie.

Wat dit egter moeilik maak is die feit dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes die werke, teksboeke, filosofiëe en argumente van die ateïste (ten gunste van Evolusie en in die naam van 'wetenskap') gebruik om hulle model in die Bybel in te wil integreer en saam met ateïste by dieselfde seminare, kongresse en paneelbesprekings opdaag ter verdediging en bevordering van die Darwinisme. Met ander woorde kom die volgende vraag op: Indien daar nooit so iemand soos Charles Darwin bestaan het nie, sou die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes dan nog steeds self aan 'n 'Ou Aarde' skeppingsmodel kon gedink het?

Indien Darwin dus die spilpunt van hulle ideologié vorm, waarom dan nou die situasie waar ons vandag moet ontdek dat die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes (Christene) hulle inspirasie om die Bybel te vertolk hoofsaaklik van ateïste bronne af trek i.p.v. van die Woord van God en die leringe van Jesus self? Het Darwin nie inderdaad die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes se 'ander Jesus' en 'ander Evangelie' geword waarteen Paulus gewaarsku het nie?

4. Die Wet van Skepperskap

4.1 GOD IS ALMAGTIG: KOM OOR DIT! Hou in gedagte dat, aangesien God enigiets kan doen en niks vir Hom onmoontlik is nie, dit heeltemal vir Hom tegnies moontlik kon gewees het om die Kosmos oor 13.8 miljard heen te geskep het; of, om, alternatiewelik, die Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) te kon geskep het. Om dit te ontken sou verspot wees; God is almagtig ... punt. Dit is heel moontlik dat albei vertrekpunte gedeeltelik verkeerd mag wees, of nie in alle opsigte korrek mag wees nie. Hoe dit ookal sy, volstaan hierdie skrywer t.o.v. die Génesis Skeppingsverhaal soos volg:

- Onder geen omstandighede kon Darwin se Evolusie Leer assulks ooit by die Skepping van die Kosmos (of by die huidige 'Instandhouding' en 'Bestuur' daarvan) betrokke gewees het nie, of dit nou 'n Skepping in ses zepto-sekondes, ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar

gelede) of in ses eras oor 13.8 miljard jaar heen was, aangesien 'Evolusie-prosesse', soos deur die Darwiniste aangebied, totaal in stryd is met die waardes, karakter van God en die etos van Sy metodes, soos die geskiedenis duidelik leer.

- By God bestaan daar nie soiets soos moeiliker (groter) en makliker (kleiner) wonderwerke nie. Vir Hom sou 'n Skepping van enige tegniese aard, hetsy 'n Skepping in ses zepto-sekondes, ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) of in ses eras oor 13.8 miljard jaar heen, almal respektiewelik ewe maklik gewees het.

- Hierdie skrywer volstaan by die vertrekpunt van 'n wêreld-beskouing wat die Bybelse Skeppingsverhaal van 'n Skepping in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) presies soos dit in Génesis geskrywe staan, ondersteun, aangesien daar geen rede is om te glo dat 'n Skepping oor 13.8 miljard jaar heen tegnies vir God makliker sou gewees het as 'n Skepping in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) nie. Trouens sou dit, arguments-onthalwe en menslike gesproke, waarskynlik eerder 'moeiliker' moes gewees het.

4.2 DIE GELOOF VAN 'N KIND. Christene behoort te doen wat die Bybel verwag, naamlik om die postmoderniste se gewoonte om enigiets in die Bybel wat na 'n wonderwerk 'ruik' alewig metafóries en poëties as Joodse mites en legendes te wil vertolk of áf te skryf, te weerstaan, en om eerder die Bybel met die geloof van 'n kind op sigwaarde te neem en te aanvaar waar metafóriese vertolking duidelik nie 'n haalbare opsie is nie. Dit is met ander woorde my vertrekpunt dat die Génesis Skeppingsverhaal 'n Skepping in ses gewone weeksdae van 24-uur elk (ongeveer 6 000 jaar gelede) beskrywe en dat ons in kinderlike geloof dit so moet aanvaar. Die hele Skeppingsverhaal, vanaf die Kosmos tot die kleinste jellievis of insek, is een magtige, majestuese wonderwerk wat nooit ten volle met die huidige menslike verstand begryp sal word nie.

Natuurlik is daar dikwels métafoor in die Bybel, bv., wanneer die Bybel leer dat God vir ewig op Sy troon sit, beteken dit nie dat God 'heeldag' lank vir ewig op Sy troon sit nie; dit beteken eerder dat God vir ewig regeer. Maar, vir 'n skoolseun om dit kinderlik te wil vertolk as God wat letterlik op Sy troon sit, sou nie onbybels wees nie, aangesien God werklik oor 'n troon (Die Groot Wit Troon) beskik om op te sit net wanneer Hy wil. Jesus Christus het geleer:

> "As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel? ...
>
> Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig—Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses

> geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? ...
>
> Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie ...
>
> Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit? Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."
>
> [Johannes3:12; 5:45-47; 8:45; 11:26-27AOV].

> "Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?"
>
> [Lukas18:7-8AOV].

4.3 DIE DINAMIKA VAN DIE WET VAN SKEPPERSKAP. Hierdie 'wet' leer dat die bakker van 'n koek self altyd méér kompleks en méér intelligent as sy of haar produk (die koek) sal wees. Insgelyks sal die wetenskaplike wat 'n laboratorium ontwerp en installeer; of, die projek ingenieur wat 'n ertsveredelings-aanleg oprig, ook altyd self méér kompleks en méér intelligent as hulle produk (die laboratorium of ertsveredelings-aanleg) wees.

Wanneer enige normale, redelike persoon dus in die hemelruim opkyk en die sterre soos diamante sien glinster en sterrestelsels soos reuse-kandelare in die ruimte (miljoene ligjare wyd) sien hang; of, wanneer hy ag slaan op die natuurwette en verskynsels soos *Universal Swaartekrag,* die *Sterk & Swak Kernkragte*, die *Elektromagnetiese Spektrum, Akoestieke* en die *Periodieke Tabel,* staan hy of sy dikwels verstom by die aanskoue daarvan. Die Bybel leer dat God se de facto Argitek en Projek Ingenieur, Jesus Christus, dit alles in opdrag van God die Vader gemaak het:

> "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
>
> Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
>
> [Hebreërs1:142AOV].

Wanneer ons dus die kompleksiteite, skoonheid, harmonieuse orde ('Kosmos') en intelligente ontwerp van die Skepping aanskou, asook die

majestuese en misterieuse intellek (waarskynlik met die aanvaarde, verstommende I.K. of Intelligensie Kwosiënt van ONEINDIG[oneindig] d.w.s., ONEINDIG tot die mag oneindig, daaragter) gadeslaan, beslis baie méér kompleks en intelligent as Sy produk (die Kosmos), besef mens eers hoe absurd dit is om te wil glo dat dit alles te danke aan die dom, breinlose Darwiniaanse prosesse van Evolusie kon gewees het. Die YHWH (Yahweh of Jehova) van Moses het gesê:

> "Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek — my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërskare bevel gegee."
>
> [Jesája45:12AOV].

Indien Jesus Christus die Kosmos geskape het soos die Bybel leer (Hebreërs1:1-4), d.w.s., dieselfde Jesus wat die brode en vissies vermeerder het, die storm stilgemaak en aan die wind bevel gegee het om te gaan lê, op water geloop het en mense uit die dood opgewek het, waarom sou Hy gesukkel het om 'n Kosmos in ses gewone weeksdae te skep?

4.4 DIE LANKMOEDIGHEID VAN GOD. Baie mense, sekere Christene dalk ingesluit, maak soms die fout om God se lankmoedigheid as 'n swakheid te vertolk, wat 'n groot mistasting is. Die Bybel leer:

> "Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."
>
> [2Petrus3:9AOV].

> "Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie? Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke."
>
> [Romeine2:4-6AOV].

> "En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid ..."
>
> [2Petrus3:15aAOV].

4.5 HOE SEKULÊRE HUMANISTE EN DARWINIAANSE (OU AARDE) SKEPPINGSGESINDES GOD VAN SY EER EN GLORIE BEROWE. Die Bybel leer:

> "In die begin het God die hemel en die aarde geskape ... En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."
>
> [Génesis1:1; 2:7AOV].

a. **Sekulêre Humaniste:** "Dom, breinlose Evolusie het die Kosmos oor 13.8 miljard jaar heen by wyse van die blote toeval per ongeluk uit niks met niks geskep, sonder enige intelligent-ontwerpe rede en sonder enige doel in gedagte ... daar is geen God nie."

b. **Darwiniaanse (Ou Aarde) Skeppingsgesindes.** "God het waarskynlik die diabóliese, brutale proses van Evolusie gebruik om die Kosmos oor 13.8 miljard jaar heen te skep; die Génesis Skeppingsverhaal moet dus metafóries en/of digterlik (en nie letterlik) as voortspruitend uit ou Joodse mites en legendes, vertolk word."

c. **Bybelse (Jong Aarde) Skeppingsgesindes.** "God het die Kosmos in ses gewone weeksdae van 24-uur elk ongeveer 6 000 jaar gelede geskep presies soos vertel in die Génesis Skeppingsverhaal. Indien God ooit "miljarde" of "miljoene jare" sou bedoel het terwyl Hy egter terme soos "dag", "aand" en "môre" gebruik het met die doel om ons hopeloos te verwar, dan het Hy heeltemal in Sy doel geslaag."

> "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.
>
> Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.
>
> Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."
>
> [Mattheüs5:18-20AOV].

> "As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?"
>
> [Johannes3:12AOV].

5. Gevolgtrekking

Enersyds, sou die Darwiniaanse (Ou Aarde) skeppingsgesindes ooit verkeerd bevind word, sou hulle waarskynlik verkeerd bevind word op grond van hulle pessimistiese onderskatting van die almag van God, d.i., die YHWH, Yahweh

of Jehova, van Moses en die Tien Gebooie. Andersyds, sou die Bybelse (Jong Aarde) skeppingsgesindes ooit verkeerd bevind word, sou hulle waarskynlik verkeerd bevind word op grond van hulle optimistiese oorskatting van die almag van God, d.i., die YHWH (Yahweh, Jehova) van Moses en die Tien Gebooie. So, indien ek dan eendag verkeerd bevind moet word, verkies ek dus om eerder aan die optimistiese kant as om aan die pessimistiese kant verkeerd bevind te word. Daarvoor vra ek nie om verskoning nie ... jammer, dit is nou eenmaal hoe ek is.

Verwysings

1. Pappas, Stephanie (2020) *Meet the Zeptosecond: The Shortest Unit of Time ever Measured.* LiveScience.com. Aanlyn.

AANHANGSEL A: DIE GENEALOGIÉ VAN JESUS CHRISTUS

"En Hy, **Jesus**, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli,
die seun van Mattat, die seun van Levi, die seun van Melgi, die seun van Janna, die seun van Josef,
die seun van Mattatías, die seun van Amos, die seun van Nahum, die seun van Esli, die seun van Nággai,
die seun van Maät, die seun van Mattatías, die seun van Sémeï, die seun van Josef, die seun van Juda,
die seun van Jóhanan, die seun van Resa, die seun van Serubbábel, die seun van Seáltiël, die seun van Neríja,
die seun van Melgi, die seun van Addi, die seun van Kosam, die seun van Elmódam, die seun van Er,
die seun van Joses, die seun van Eliëser, die seun van Jorim, die seun van Mattat, die seun van Levi,
die seun van Símeon, die seun van Juda, die seun van Josef, die seun van Jonan, die seun van Éljakim,
die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van Dawid,
die seun van Isai, die seun van Obed, die seun van Boas, die seun van Salmon, die seun van Nagson,
die seun van Ammínadab, die seun van Ram, die seun van Hesron, die seun van Peres, die seun van Juda,
die seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham, die seun van Tera, die seun van Nahor,
die seun van Serug, die seun van Rehu, die seun van Peleg, die seun van Heber, die seun van Sela,
die seun van Kainan, die seun van Arpágsad, die seun van Sem, die seun van Noag, die seun van Lameg,
die seun van Metúsala, die seun van Henog, die seun van Jered, die seun van Mehaláleël, die seun van Kenan,
die seun van Enos, die seun van Set, die seun van **Adam**, die seun van God."
[Lukas3:23-38AOV].

NAME & TITELS VAN JESUS CHRISTUS
[Gebaseer op die Ou Afrikaanse Vertaling: AOV].

A
- Aanvoerder [Jes.33:22].
- Afdruksel van Sy Wese [Heb.1:3].
- Afskynsel van Sy Heerlikheid [Heb.1:3].
- Alfa en Omega [Gks. A&Z, Begin & Einde] [Openb.1:8].
- Alleenwyse God Ons Verlosser [Jud.1:25].
- Almagtige [Openb.1:8].
- Amen, Die (Heb. Laat Dit So Wees) [Openb.3:14].
- Apostel en Hoëpriester van ons Belydenis (Gks. Apostólos – Gestuurde) [Heb.3:1].
- Arm van die Here [Jes.51:9].

B
- Banier van die Volke [Jes.11:10].
- Bedienaar van die Heilige Dinge en die Ware Tabernakel [Heb.8:2].
- Begin en Einde (Sien 'Alfa & Omega') [Openb.22:13].
- Begin van die Skepping van God [Openb.3:14].
- Beproefde Steen [Jes.28:16].
- Bewerker van die Saligheid van Baie Kinders (Sien Jes.9:5) [Heb.2:10].
- Blink Môrester [Openb.22:16].
- Boodskapper van die Verbond [Mal.3:1].
- Borg van 'n Beter Verbond [Heb.7:22].
- Broer van Jakobus, Judas, Joses & Simon [Mrk.6:3].
- Brood van die Lewe [Jhn.6:48].
- Bruidegom [Matt.9:15].

C
- Christus (Gks. Gesalfde; Dienskneg van die Here) [Matt.1:16; Mark.14:61].
- Christus die Here [Luk.2:11].
- Christus die Koning [Luk.23:2].
- Christus die Uitverkorene van God [Luk.23:35].
- Christus Jesus [Hand.19:4; Rom.6:3; 3:24; 8:1; 16:3; 1 Kor.1:2; 1:30; Heb.3:1; 1 Pet.5:10,14; Gal.2:16; 1 Tim.1:15].
- Christus Jesus, Onse Here [1 Tim. 1:12;Rom. 8:39].
- Christus van die Here, Die [Luk.2:26].
- Christus van God, Die [Luk.9:20].

D
- Deur van die Skape, Die [Jhn.10:7].
- Dienskneg van die Here (Sien Christus).

E
- Eerste en Laaste, Die [Openb.22:13; Openb.1:17; Openb.2:8; Jes.48:12].

- Één Middelaar tussen God en die Mens [1 Tim.2:5].
- Eersgeborene, Die [Heb.1:6; Ps.89:28].
- Eersgeborene uit die Dode, Die [Openb.1:5].
- Emmánuel (Gks. God Met Ons) [Jes.7:14;Matt.1:23].
- Ek Is, Die [Jhn. 8:58].
- Engel wat uit teëspoed verlos, Die [Gen.48:16;Exod.23:20,21].
- Engel van die Verbond, Die [Mal.3:1].
- Engel van Sy Aangesig, Die [Jes.63:9].
- Eniggeborene wat van die Vader Kom, Die [Jhn 1:14]
- Eniggebore Seun wat in die Boesem van die Vader is, Die [Jhn.1:18].
- Erekoning, Die [Ps.24:9,10].
- Erfgenaam van Alles [Heb.1:2].
- Ewige Lewe, Die [1 Jhn.5:20].
- Ewige Lig, Die [Jes.60:20].
- Ewige Rots [Jesaja26:4].
- Ewige Vader (Sien Heb.2:10/Jes.9:5].

G
- Gawe van God, Die [Jhn.4:10].
- Gebieder van die Nasies, ‘n Vors en [Jes.55:4].
- Geestelike Rots Christus, Die [1 Kor.10:4].
- Geliefde, Die [Efes.1:6].
- Geneesheer, Die [Matt.9:12].
- Gesalfde, Die HERE se (Sien ‘Christus/Messias/Silo’) [Ps.2:2].
- Gesalfde, 'n Vors [Dan.9:25].
- Geslag van Dawid, die Wortel en [Openb.22:16].
- Getuie van die Volke, ‘n Vors en Gebieder, ‘n [Jes.55:4].
- Getroue Getuie, Die [Openb.1:5].
- Getrou en Waaragtig [Openb.19:11].
- Getroue en Waaragtige Getuie, Die [Openb.3:14].
- Getuienis op die Regte Tyd, Die [1 Tim.2:6].
- God (Heb. Aanbiddingswaardige; Here; Jehowa → Heb.Yahweh, YHWH, EEN Wat Bestaan; Elohim; Magtige; Meester) [Ps.45,7,8; Jhn.1:1; Heb.1:8,9].
- God Lofwaardig tot in Ewigheid [Rom.9:5].
- God Geglo in die Wêreld [1 Tim.3:16].
- God Geopenbaar in die Vlees [1 Tim.3:16].
- God Geregverdig in die Gees [1 Tim.3:16].
- God Verkondig onder die heidene [1 Tim3:16].
- God Met Ons (Sien ‘Emmánuel/Immánuel’) Matt.1:23].
- God Opgeneem in Heerlikheid [1 Tim.3:16].
- God Ons Verlosser [1 Tim.2:3].
- God se Kneg Israel [Jes.49:3].
- God van die Hele Aarde [Jes.54:5].
- God van Israel, Die [Jes.45:15].
- God Verkondig onder die Heidene [1 Tim.3:16].
- God Verskyn aan Engele, Die [1 Tim.3:16].
- Goeie Meester, Die [Matt.19:16].
- Grondsteen, ‘n [Jes.28:16].
- Groot Herder van die Skape, Die [Heb.13:20].

- Groot Hoëpriester, Die [Heb.4:14].
- Grote God en ons Verlosser Jesus Christus, Die [Tit.2:13].
- Gunsgenoot van God, Die [Ps.16:10].

H
- Heerser in Israel [Mig.5:1].
- Heerser oor Dode Sowel as oor Lewende [Rom.14:9].
- Heil, God se (Heb. Voorspoed/Welvaart) [Luk.2:30].
- Heiland (Heb. Redder) [Jes.43:3,11; 45:15;49:6].
- Heiligdom, 'n [Jes.8:14].
- Heilige (Heb. Afgesonderde) [Luk.1:35].
- Heilige en Regverdige, Die [Hand.3:14].
- Heilige Kind Jesus, God se [Hand.4:30].
- Heilige van God, Die [Mrk.1:24].
- Heilige Van Israel [Jes.41:14; 49:7; 54:5].
- Held [Ps.45:4].
- Herder en Opsiener van Siele, Die [1 Pet.2:25].
- Herder Van Israel [Ps.80:2].
- HERE (Sien 'God') [Jes.40:3].
- HERE Geweldig in die Stryd, Die [Ps.24:8].
- HERE God Almagtige, Die [Openb.15:3].
- Here Jesus [Hand.7:59/Kol.3:17/1 Thess.4:2].
- Here Jesus Christus [1 Kor.1:2,3; Hand.11:17; Rom.5:1,11; Hand.16:31; 20:21].
- Here Jesus Christus Ons Verlosser [Tit.1:4].
- Here uit die Hemel, Die [1 Kor.15:47].
- Here van Almal, Die [Hand.10:36; Rom.10:1.2].
- Here van die Leërskare, Die [Jes.54:5].
- HERE ONS GEREGTIGHEID, DIE [Jer.23:6].
- Here Sterk en Geweldig in die Stryd, Die [Ps.24:8].
- Here van die Heerlikheid, Die [Jak.2:1].
- Here van die here [1 Tim.6:15; Openb.17:14;19:16].
- Here van die Sabbat, Die [Mark.2:28].
- Hoëpriester [Heb.8:1].
- Hoëpriester vir Ewig volgens die Orde van Melgisédek [Heb.6:20].
- Hoeksteen, Die [Efes.2:20/Matt.21:42].
- Hom wat Hoogheilig is (Sien 'Heilig') [Dan.9:24].
- Hom Wat Ís en Wat Wás en Wat Kóm [Openb.1:4].
- Hoof van die Gemeente/Liggaam [Efes.5:23/Kol.1:18].
- Hoof van elke Man, Die Hoof [1 Kor.11:3].
- Hoogste onder die konings van die aarde [Ps89:28].
- Horing van Heil (Sien Heil) [Luk.1:69].
- Hy is ons Vrede [Efés.2:14].

I
- Immánuel/Emmánuel (Heb. God Met Ons) [Jes.7:14; Matt.1:23]

J
- Jehowa, HERE, HERE-HERE, Allerhoogste (Sien God) [Exod.6:2; Ps.83:19; Jes.12:2;26:4].
- Jehowa-Jireh (Die HERE sal voorsien) [Gen.22:14].
- Jehowa-Nissi (Die HERE is my Banier) [Exod.17:15].

- Jehowa-Shalom (Die HERE is Vrede) [Rigt.6:24].
- Jesus (Heb. Yeshuah, Redder/Verlosser) [Matt.1:16;1:21].
- Jesus Christus (Sien Christus) [Matt.1:1; Jhn.1:17;17:3;Hand.2:38;4:10;9:5; Rom.1:1,6;2:16;15,17; 1Kor.2:2;2Kor.1:19;4:65;Gal.2:16; Fil.1:8; - Hom wat Hoogheilig is (Sien 'Heilig') [Dan.9:24]. Heb. 13:8; 1 Jhn. 1:7; 2:1].
- Jesus, Nasaréner (Sien Nasaréner) [Mrk.1:24; Luk.24:19].
- Jesus, die Nasaréner, die Koning van die Jode (Sien Nasarèner) [Jhn.19:19].
- Jesus die Christus [Matt.16:20].
- Jesus, Koning van die Jode [Matt.27:37].
- Jesus Christus Onse Here [Rom.1:4].
- Jesus Christus Ons Verlosser [Tit.3:6].
- Jesus Se Naam Wat Niemand Ken Nie Behalwe Jesus Self [Openb.19:12]
- Jesus, Seun van Josef [Jhn.6:42].

K

- Kind, 'n [Jes.9:5].
- Kindjie Jesus, Di) [Luk.2:27].
- Klip waar 'n Mens teen Stamp en Rots waar 'n Mens oor Val vir die Twee Huise van Israel [Jes.8:14].
- Kneg [Sag.3:8; Jes.42:1].
- Kneg van die Heersers, 'n [Jes.49:7].
- Koning Dawid [Jer.30:9].
- Koning van die Dogter van Sion [Matt.21:5].
- Koning van die Heiliges [Openb.15:3].
- KONING van die Konings [1 Tim.6:15; Openb.17:14; 19:16].
- Koning van Israel [Jhn.1:50].
- Koning oor die Hele Aarde [Sag.14:9].
- Kosbare Hoeksteen, 'n Uitverkore en [1 Pet.2:6; Jes.28:16].
- Krag en Wysheid van God, Die [1 Kor.1:24].

L

- Laaste Adam [1 Kor.15:45].
- Lam, 'n/Die [Openb.5:6,8; 6:16; 7:9,10,17; 12:11;13:8,11;14:1,4; 15:3;17:14;19:7,9;21:9,14,22,23,27].
- Lam Van God [Jhn.1:29].
- Leermeester (Sien Rabbi/Rabboeni/God) [Matt.23:8].
- Leërowerste van die Here [Jos.5:14].
- Leeu uit die Stam van Juda [Heb.7:14;Openb.5:5].
- Leidsman Herder, 'n [Matt.2:6].
- Leidsman en Voleinder van ons Geloof, Die [Heb.12:2].
- Leidsman tot die Lewe [Hand.3:15].
- Lelie Van Die Dale [Hoogl.2:1].
- Leraar wat van God gekom het, 'n [Jhn.3:2].
- Lewende, Die [Openb.1:18].
- Lewende Brood wat uit die Hemel neergedaal het, Die [Jhn.6:51].
- Lewende Steen wat deur die mense verwerp is, Die [1 Pet.2:4].
- Lewendmakende Gees, 'n [1 Kor.15:45].
- Lig van die Nasies, 'n [Jes.42:6].
- Lig tot Verligting van die Nasies en Heerlikheid van die Volk Israel, 'n

[Luk.2:32].
- Lig van die Wêreld, Die [Jhn.8:12].
- Losprys vir Almal, 'n [1 Tim.2:6].
- Loot voor Sy Aangesig, 'n [Jes.53:2].
- Losser van Israel [Jes.41:14].

M
- Magtige van Jakob, die Heiland en jou Verlosser die [Jes.49:26].
- Magtig om te Verlos, Hy [Jes.63:1].
- Maker en Formeerder van die Moederskoot af, Jou [Jes.44:2].
- Man van Smarte en Bekend met Krankheid, 'n [Jes.53:3].
- Man wat God se Metgesél is, Die [Sag.13:7].
- Mens Christus Jesus, Die [1 Tim.2:5].
- Mens wat 'n 'Vraat en 'n Wynsuiper' Is, 'n (Beledigend!) [Matt.11:19].
- Messias, Die (Heb. Gesalfde) [Jhn.1:42].
- Môrester, Die [2 Pet.1:19].

N
- Naam Geskrywe Wat Niemand Ken Nie Behalwe Jesus Self [Openb.19:12].
- Nasaréner (L.W. Van Násaret – Nie 'Nasireër'!) [Matt.2:23].
- Narsing Van Saron, 'n [Hoogl.2:1].

O
- Onse Here [1 Kor1:2]
- Onse Here en Saligmaker Jesus Christus [2 Pet.1:11; 2 Pet. 3:18].
- Onse Here Jesus Christus [1Kor1:2]
- Opgaande Lig uit die Hoogte, Die [Luk.1:78].
- Opperherder, Die [1 Pet.5:4].
- Opstanding en die Lewe, Die) [Jhn.11:25].
- Owerste oor die Konings van die Aarde [Openb.1:5].

P
- Paaslam, Ons [1 Kor.5:7].
- Petra (Gks. Rots) [Matt.16:18]. L.W. Christus verwysend na Homself as die 'Petra' (Rots); en, na Petrus ('Petros') as slegs die 'klein klippie'.
- Priester vir Ewig Volgens die Orde van Melgisédek [Heb.7:17].
- Prins van Vrede (Sien 'Silo') [Gen.49:10].
- Profeet uit jou midde, 'n [Deut.18:15,18; Luk.24:19].
- Profeet van Nasaret in Galilea, 'n [Matt.21:11].

R
- Raadsman [Jes.9:5].
- Rabbi (Ch./Heb. Vername; Leermeester) [Jhn.1:50].
- Rabboeni (Aram./Heb./Gks.: "My Meester!") [Jhn.20:16].
- Regter van Lewende en Dode [Hand.10:42].
- Regter, Ons [Jes.33:22].
- Regverdige, God se Kneg die [Jes.53:11].
- Regverdige Man, Die [Matt.27:19].
- Regverdige Regter, Die [2 Tim.4:8].

- Regverdige Spruit vir Dawid, 'n [Jer.23:5].
- Rots (Gks. 'Petra') [Matt.16:18].L.W. Jesus Christus = Rots ('Petra')/Petrus = Klein Klippie ('Petros').
- Rotssteen, Enigste [Jes.44:8].

S

- Saad van die Vrou, Die [Gen.3:15].
- Saad van Juda (Sien 'Silo') [Gen.49:10].
- Salige en Enigste Heerser, Die [1 Tim.6:15].
- Saligmaker wat Christus, die Here is, Die [Luk.2:11].
- Seun ('n) [Jes.9:5].
- Seun van die Geseënde God, Die Christus, die [Mrk.14:61].
- Seun van Dawid [Matt.9:27].
- Seun van die Allerhoogste God [Markus5:7; Luk1:32].
- Seun van die Geseënde God [Mrk.14:61].
- Seun van die Mens. Die [Matt.11:19; 16:27,28; 18:11; 20:28; 26:2; 26:45,64; Mark.2:28; 9:9,12; 10:33,45; 14:21,62; Luk.5: Hand.7:56; Jhn.5:27; 12:34; 13:31; Openb.1:13; 14:14 ('Menseseun')]. Verw. Daniel 7:13: 'Seun van 'n mens'.
- Seun Van Die Vader, Jesus Christus, die [2 Jhn.1:3].
- Seun Van God
  [Ps.2:7; 89:27; Matt.3:17; 4:3,6; 10:40; 11:27; 14:33
  Mrk1:1; 1:11; 3:11; 5:7; 9:7; 15:39;
  Luk.1:32,35; 3:22; 4:3,9; 8:28; 9:35; 10:22; 20:13; 22:29,70; Jhn.1:1,2,14,18
  ,34,49-50; 3:16,17,18,34,35,36; 5:19,20,21,23,26,27,30,32,36,37; 6:27,38,
  40,46,57,69; 7:16,28,29; 8:16,19,26,27,28,29,38,40,42,49,54; 9:35,36,37.
  Hand.3:13; 9:20; 13:33; Rom.1:3; 8:3,29,32; 1Kor.1:9; 15:24,27,28;
  2Kor.1:3,19; Gal.1:16; 4:4; Efés.1:3; 3:14; Kol.1:3,15,19; 3:17; 1Thess.1:10
  Heb1:1,2,3,5; 4:14; 5:5,8,10; 6:6; 7:3; 10:29; 2Pet.1:17;
  1Joh.1:7; 2:22,23,24; 3:8,23; 4:9,10,14; Openb.2:18].
- Seun van Maria, Die [Mrk.6:3].
- Seun van 'n Mens [Daniel 7:13]
- Seun van Sy Liefde, Die [Kol.1:13].
- Seun van die timmerman, Die [Matt.13:55].
- Silo (Heb. Gesalfde; Prins Van Vrede; Saad Van Juda) [Gen.49:10].
- Skeidsregter/Bemiddelaar [Job 9:33].
- Skepper van Israel, Die [Jes.43:15].
- Sierlike Kroon en 'n Pragtige Krans vir die Oorblyfsel van Sy Volk, 'n [Jes.28:5].
- Son van Geregtigheid, Die [Mal.4:2].
- Skrynwerker/Timmerman [Mrk.6:3].
- Spruit, God se Kneg, die [Sag.3:8].
- Steenrots van Israel, Die [Jes.30:29].
- Steen des Aanstoots en 'n Rots van Struikeling, 'n [1 Pet.2:7].
- Steen wat die Bouers Verwerp het en wat die Hoeksteen geword het, Die [Matt.21:42].
- Sterke God [Jes.9:5].
- Septer uit Israel, 'n [Num.24:17].
- Seun van die Allerhoogste, Die [Luk.1:32].
- Ster uit Jakob, 'n [Num.24:17].

T

- Timmerman (Skrynwerker) Die [Mrk.6:3].
- Tweede Mens, die Here uit die Hemel, Die [1 Kor.15:47].

U
- Uitnemender as Tienduisend [Hoogl.5:10].
- Uitverkore en Kosbare Hoeksteen, 'n [1 Pet.2:6].
- Uitverkorene, God se Keng en [Jes.42:1].

V
- Vangnet en Strik vir die Inwoners van Jerusalem [Jes.8:14].
- Verlosser, Ons/Die/As [Jes.49:26;59:20;Matt.1:21;Efés.5:23; 1Kor.1:30;2 Tim.1:10; Tit.2:13; 1 Jhn.4:14].
- Voorloper, 'n [Heb.6:20].
- Verbond van die Volk, 'n [Jes.42:6].
- Versoening vir ons en die hele wêreld se Sondes [1 Jhn.2:2].
- Voorspraak by die Vader, 'n [1 Jhn.2:1].
- Vertroosting van Israel, Die [Luk.2:25].
- Vors en Gebieder van die Nasies, 'n [Jes.55:4]
- Vredevors [Jes.9:5].
- Vrees en Verskrikking van Israel, Die [Jes.8:13].
- Vriend van Tollenaars en Sondaars, 'n (Beledigend)[Matt.11:19].

W
- Waaragtige God en Ewige Lewe, Die [1 Jhn.5:20].
- Waaragtige Lig wat Elke Mens Verlig, Die [Jhn.1:9].
- Ware Wynstok, Die [Jhn.15:1].
- Weg en die Waarheid en die Lewe, Die [Jhn.14:6].
- Wonderbaar [Jes.9:5].
- Woord, Die [Jhn.1:1].
- Woord van God, Die [Openb.19:13].
- Woord Van Lewe, Die [1 Jhn.1:1].
- Wortel en die Geslag van Dawid, Die [Jes.11:10; Openb.22:16].
- Wortel uit Droë Grond, 'n [Jes.53:2].
- Wortel van Dawid, Die [Openb.5:5;22:16].
- Wortel van Isai [Jes.11:10].
- Wysheid [Spr.8:12].
- Wysheid van God, Die Krag en [1 Kor.1:24].
- Wysheid uit God en Geregtigheid en Heiligmaking en Verlossing [1 Kor.1:30].

Erkenning

1. Bybel. *Afrikaans. AOV.* E-Sword.net.
2. Young, Robert (1879) *Young's Analytical Concordance to the Bible.*

AANHANGSEL C: DIE GELOWIGE SE GEDRAG AS TOEGEWYDE CHRISTEN

"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.

Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:

is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning; wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here; verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.

Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.

As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.

Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."

[Romeine12:1-21AOV].

AANHANGSEL D: DIE CHRISTEN SE WANDEL IN GELOOF

"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.

Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.

Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.

Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.

In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek.

En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.

Maar nou verlang hulle na ‘n beter een, dit is ‘n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad berei.

Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,

aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.

Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën; en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf.

Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente.

Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.

Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om ‘n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.

Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.

Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.

Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.

Deur die geloof het die mure van Jérigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.

Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.

En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gídeon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal, wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.

Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om ‘n beter opstanding te kan verkry.

Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis.

Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel—

die wêreld was hulle nie werd nie—hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.

En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie."

[Hebreërs11:1-40AOV].

AANHANGSEL E: DIE CHRISTEN SE WANDEL IN LIEFDE

"Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.

En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.

En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.

Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.

Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.

Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.

Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.

Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.

Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."

[1Korinthiërs13:1-13AOV].

AANHANGSEL F: DIE CHRISTEN SE WANDEL MET DIE VOLK ISRAEL

"Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.

God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elía sê nie? hoe hy by God optree teen Israel en sê:

Here, hulle het u profete gedood en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe!

Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself sewe duisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.

Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.

En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.

Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.

Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.

En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding.

Laat hulle oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom.

Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!

Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red!

Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.

En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.

Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word.

Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.

Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.

Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.

Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent.

Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.

Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.

Want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid, so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang.

Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.

o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

[Romeine11:1-36AOV].

AANHANGSEL G: JESUS CHRISTUS SE GEBED VIR SY DISSIPLES

"Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—

soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.

En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.

Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.

Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik.

En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.

Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.

Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.

Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.

Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.

Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo—dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.

Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.

En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle."

[Johannes17:1-26AOV].

AANHANGSEL H: AANBEVOLE BOEKE

1 .Ankerman, John & Weldon, John. *Ready With an Answer*. Eugene, Oregon. Harvest House, 1997.
2. Archer, Gleason L. *The Encyclopedia of Bible Difficulties*. Grand Rapids. Zondervan, 1982.
3. Barnett, Paul. *Is The New Testament History?* Ann Arbor, Michigan. Vine, 1986.
4. Barnett, Paul. *Jesus And the Logic of History*. Grand Rapids. Eerdmans, 1997.
5. Behe, Michael J. *Darwin's Black Box: The Biochemical Challenge to Evolution.* [New York, Touchstone, 1996]
6. Behe, Michael J. et al. *Science And Evidence for Design in The Universe.* San Francisco. Ignatius, 1999].
7. Blomberg, Craig. Edited by Michael J. Wilkins & J.P. Moreland. *Jesus Under Fire.* Grand Rapids. Zondervan, 1995.
8. Blomberg, Craig. *The Historic Reliability of The Gospels*. Downers Groves, Illinois. InterVarsity Press, 1987.
9. Boettner, Loraine. *Roman Catholicism*. London. The Banner of Truth Trust, Presbyterian & Reformed Publishing Co., 1962.
10. Boyd, Gregory A. *Cynic Sage or Son of God? Recovering The Real Jesus in An Age of Revisionist Replies*. Wheaton, Illinois. BridgePoint, 1995.
11. Bruce, F.F. *The Canon of Scripture*. Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1988.
12. Bruce, F.F. *The New Testament Documents: Are They Reliable?* Grand Rapids. Eerdmans, 1960.
13. Bruce, F.F. *Jesus and Christian Origins Outside the New Testament*. Grand Rapids. Eerdmans, 1974.
14. Collins, Gary R. *Can You Trust Psychology?* Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1988.
15. Craig, William Lane & Zindler, Frank. *Atheism vs. Christianity: Where Does the Evidence Point?* Grand Rapids. Zondervan, 1993.
16. Craig, William Lane. *Reasonable Faith*. Westchester, Illinois. Crossway, 1994.
17. Craig, William. *Enemy At the Gates: The Battle for Stalingrad.*
18. Dembski, William. *The Design Revolution: Answering the Toughest Questions About Intelligent Design.* InterVarsity Press, 2004.
19. Denton, Michael. *Nature's Destiny.* New York. The Free Press, 1998.
20. Denton, Michael. *Evolution: A Theory in Crisis.* Mt. Bethesda. Adler & Adler, 1986.
21. Dunn, James. *The Living Word*. Philadelphia. Fortress, 1988.
22. Edwards, William D. et al. *On The Physical Death of Jesus Christ*. Journal Of the American Medical Association (March 21, 1986), pp.1455-63.
23. Ferrell, Vance. B.A., M.A., B.D. *Science versus Evolution*. Evolution-Facts Inc., 2001.
24. Ferrell, Vance. B.A., M.A., B.D. *The Evolution Handbook.* Evolution-Facts Inc., 2001.
25. Finegan, Jack. *The Archaeology of The New Testament*. Princeton. University Press, 1992.
26. Foreman, Dale. *Crucify Him*. Grand Rapids. Zondervan, 1990.
27. Foxe John. *Foxe's Christian Martyrs.* Barbour Publishing Inc., Ohio, 2005.
28. France, R.T. *The Evidence for Jesus.* Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1986.
29. Fruchtenbaum, Arnold. *Jesus Was a Jew*. Tustin, California. Ariel Ministries, 1981.

30. Frydland, Rachmiel. *What The Rabbis Know About the Messiah.* Cincinnati. Messianic, 1993.
31. Geisler, Norman L. & William, E. Nix. *A General Introduction to The Bible.* 1968. Chicago. Moody Press, 1980 [Reprint].
32. Goebbels, Joseph. *The Goebbels Diaries.* London, England. Sphere Books Ltd., 1982.
33. Green, Michael. *Christ Is Risen: So What?* Kent, England. Sovereign World, 1995.
34. Habermas, Gary & Flew, Antony. *Did Jesus Rise from The Dead? The Resurrection Debate.* San Francisco. Harper & Row, 1987.
35. Habermas, Gary & Moreland, J.P. *Beyond Death: Exploring the Evidence for Immortality.* Westchester, Illinois. Crossway, 1998.
36. Habermas, Gary. *The Historical Jesus.* Mo. College Press, 1996.
37. Hagee, John. *Jerusalem Countdown: A Warning to The World.* Lake Mary, Florida. Frontline, 2006.
38. Ham, Ken. *The Lie: Evolution.* Green Forest, AR. Master Books, 1987.
39. Hanegraff, Hank. *The Face That Demonstrates the Farce of Evolution.* Nashville. Word, 1998.
40. Harris, Murray J. *Jesus As God.* Grand Rapids. Baker, 1993.
41. Harris, Murray J. *Three Crucial Questions About Jesus.* Grand Rapids. Baker, 1991.
42. Hengel, M. *Crucifixion In the Ancient World.* Philadelphia. Fortress, 1977.
43. Hitchens, Peter (2010) The Rage Against God: How Atheism Led Me to Faith. Zondervan
44. Huyghe René, et al. *Larousse Encyclopedia Of Prehistoric & Ancient Art.* London. Paul Hamlyn, 1957.
45. Johnson, Luke Timothy. *The Real Jesus.* San Francisco. HarperSan Francisco, 1996.
46. Johnson, Phillip E. *Darwin On Trial.* InterVarsity Press, 1993.
47. Josephus, Flavius (Translation: William Whiston, A.M.). *Josephus Complete Works.* Grand Rapids, Michigan. Kregel Publications, 1960.
48. Kaiser, Walter C. Jr. *The Messiah in The Old Testament.* Grand Rapids. Zondervan, 1995.
49. Kuhlman, Kathryn. *I Believe in Miracles.* London, England. Lakeland, Marshall, Morgan & Scott, 1962.
50. Lewis, C.S. *Fern-seed And Elephants.* Glasgow, England. Fount Paperbacks, 1975.
51. Lewis, C.S. *Mere Christianity.* Glasgow, England. Fount Paperbacks, 1944.
52. Lewis, C.S. *Miracles.* London, England. HarperCollins Publishers, 1947.
53. Lewis, C.S. *Surprised By Joy.* London, England. HarperCollins Publishers, 1955.
54. Lewis, C.S. *The Screwtape Letters.* London. Collins-Fontana, 1942.
55. Lewis, C.S. *The Problem of Pain.* London, England. HarperCollins Publishers, 1940.
56. Lindsey, Hal. *The Liberation of Planet Earth.* Zondervan Publishing Company & Bantam Books, 1974, 1976.
57. Lockyear, Herbert. *All The Messianic Prophecies of The Bible.* Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing House, 1973.
58. Lubenow, Martin L. *Bones Of Contention.*
59. Marshall, I. Howard. *I Believe in The Historical Jesus.* Grand Rapids. Eerdmans, 1977.
60. Marshall, I. Howard. *The Origins of New Testament Christology.* Downers Grove, Illinois. InterVarsity Press, 1976.
61. Martin, W.J. *The Deity of Christ.* Chicago. Moody Press, 1964.
62. McBirnie, William Steuart Ph.D. *The Search for The Twelve Apostles.* Illinois. Tyndale House Publishers, 1973.
63. Mc Dowell, Josh & Wilson, Bill. *He Walked Among Us.* Nashville. Nelson, 1994.

64. McDowell, Josh & Larson, Bart. *Jesus: A Biblical Defense of His Deity*. San Bernadino, California. Here's Life, 1983.
65. McDowell, Josh. *More That a Carpenter*. Carol Stream, Illinois. Tyndale House Publishers, Inc., 1977, 2005.
66. McDowell, Josh. *The Resurrection Factor*. San Bernadino. California. Here's Life, 1981.
67. McGrath, Alister. *Dawkins' GOD: Genes, Memes, And the Meaning of Life.* Victoria, Australia. Blackwell Publishing, 2007.
68. McRay, John. *Archaeology And the New Testament*. Grand Rapids, Baker, 1001.
69. Meir, Golda. *My Life.* London, Futura Publications Ltd., 1975.
70. Metzger, Bruce. *The Canon of The New Testament*. Oxford. Clarendon Press, 1987.
71. Moreland, J.P. *Scaling The Secular City*. Grand Rapids. Baker, 1987.
72. Morison, Frank. *Who Moved the Stone?* Grand Rapids. Zondervan, 1987.
73. Moule, C.F.D. *The Origins of Christology*. Cambridge. Cambridge University Press, 1977.
74. Moule, C.F.D. *The Phenomenon of The New Testament*. London. SCM Press, 1967.
75. Pate, C. Marvin & Pate, Sheryl L. *Crucified In the Media*. Grand Rapids, Michigan. Baker Publishing Group, 2005.
76. Patzia, Arthur G. *The Making of The New Testament*. Downers Grove. Illinois. InterVarsity Press, 1995.
77. Pfeiffer, Charles F. and Vos, Howard F. *The Wycliffe Historical Geography of Bible Lands*. Chicago. Moody Press, 1967.
78. Proctor, William. *The Resurrection Report*. Nashville. Broadman & Holman, 1998.
79. Rosen, Moishe. *Y'shua, The Jewish Way to Say Jesus*. Chicago. Moody Press, 1982.
80. Rosen, Ruth ed. *Jewish Doctors Meet the Great Physician*. San Francisco. Purple Pomegranate, 1997.
81. Russell of Liverpool, Lord. C.B.E., M.C. *The Scourge of The Swastika.* London, England. Cassell & Co, Ltd., 1954.
82. Sada, Georges & Black, Jim Nelson. *Saddam's Secrets*. Brentwood, TN. Integrity Publishers, 2006.
83. Sampson, Philip. *Six Modern Myths.* Downer's Grove, Illinois. InterVarsity Press, 2000.
84. Sereny, Gitte. *Speer's Battle with Truth.* London, England. Macmillan General Books, 1995.
85. Sheikh, Bilquis. *I Call Him Father*. Lincoln, Virginia. Chosen Books, 1977.
86. Speer, Albert. *Inside The Third Reich.* London, England. Weidenfeld & Nicolson, 1970.
87. Spurgeon, Charles H. *Lectures To My Students*. Basingstoke, Hants, UK. Marshall, Morgan & Scott.
88. Stott, John. *Basic Christianity*. Grand Rapids. Eerdmans, 1986.
89. Stowell, Joseph. *I Would Follow Jesus*. Chicago. Moody Publishers, 2005.
90. Strobel, Lee. *The Case for A Creator*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company, 2004.
91. Strobel, Lee. *The Case for Christ*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company, 1998.
92. Strobel, Lee. *The Case for Faith*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company.
93. Telchin, Stan. *Betrayed?* Grand Rapids. Chosen, 1982.
94. Ten Boom, Corrie. *The Hiding Place.* Minneapolis, Minnesota. World Wide Publications, 1971.
95. Thompson, J.A. *The Bible and Archaeology*. Grand Rapids. Eerdmans, 1975.
96. Trevor-Roper, Hugh. *The Last Days of Hitler*. London, England. Pan Books Ltd., 1947.

97. Warren, Rick. *The Purpose Driven Life*. Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing Company, 2002.
98. Wells, Jonathan. *Icons Of Evolution: Why Much of What We Teach About Evolution Is Wrong.* Washington, D.C., Regnery, 2000.
99. Witherington, Ben, III. *The Christology of Jesus*. Minneapolis. Fortress, 1990.
100. Wilkins, Michael J. & Moreland, J.P. *Jesus Under Fire*. Grand Rapids. Zondervan, 1995.
103. Yamauchi, Edwin. *The Stones and The Scriptures*. New York. J.B. Lippencott, 1972.
104. Yancey, Philip. *Where Is God When It Hurts?* Grand Rapids, Michigan.
105. Zodhiates, Spiros. *Was Christ God?* Grand Rapids. Eerdmans, 1966.

OUTEUR PROFIEL

P. J. Stassen, gebore in 1947 in Randgate, Suid-Afrika, beskik oor ‘n B.A. graad in Bedryfsielkunde en Sosiologié (Bedryfs) van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). ‘n Voormalige sakeman wie, ná sy verpligte militêre diensplig in 1966, sy loopbaan in ‘n Tekstiel & Algemene Handelaar sake-onderneming begin het soos gestig in 1964 deur sy vader en waarna hy in verskeie hoedanighede in die kleinhandel omgewing gewerk het totdat hy in 1986 by Kumba Resources (voorheen YSKOR) in die Bosveld omgewing van Thabazimbi gearriveer het.

In Thabazimbi het hy in 1997, ná ongeveer 11 jaar se diens, uitgetree en na Pretoria verhuis. Ten tye van sy aftrede in 2013, was hy deeltyds betrokke in die veld van Beroepsgesondheid & Veiligheid Opleiding by ‘n firma in Randburg. P.J. Stassen en sy eggenote woon tans in Centurion, Suid-Afrika en albei het deur die jare onder andere ook opgetree as musikante in verskeie gemeentes van hul denominasie, bv. in stede/dorpe soos Vanderbijlpark, Bloemfontein, Thabazimbi, Sinoville, Witpoortjie, Klerksdorp en Centurion.

P.J. Stassen skryf graag in die veld van die Bybelse Skeppingsleer, die Christen Apologétika (Oorredende Evangelisasie) en die Evangéliese Christendom.

Foto: Valley View Laan, Puntanshill, Durban, Suid-Afrika
[1964].



ENQUIRES/NAVRAE

EvangelismRSA: E-mail/E-pos: pjstassen@gmail.com

PJ Stassen: E-Mail/E-pos: pjstassen@gmail.com



"So sê die HERE, die Heilige van Israel en sy Formeerder: Vra My aangaande die toekomstige dinge; vertrou my seuns en die werk van my hande aan My toe!
Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek—my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërskare bevel gegee."

[Jesaja 45:11-12 AOV].

BOEKE DEUR DIESELFDE OUTEUR

Christianity: Saviour on a Mission

Christianity: The Invitation Still Stands

Christianity: Fighting the Good Fight

Christianity: Keeping the Faith

Christianity: Confronting the Trojan Horse in the Church

Meditations & Contemplations: Straight out of Joburg!

Choosing the Right Side of History

Debunking the Myth of Atheism-Evolutionism

Christianity vs. Atheism: Rebuttal of Bertrand Russell's 'Why I Am Not a Christian

Geanker in die Rots Jesus Christus [AFRIKAANS]

The Case for a Biblical Creation

Terug na Genesis! [AFRIKAANS]

Hope for Atheists: With God All Things are Possible!